NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOM CAMPUS

# FERDINAND POSTMA LIBRARY

## Copyright Warning

The Copyright Act nr. 98 of 1978 regulates the production of photocopies or other reproductions of material subject to copyright. According to the stipulations of the Act, libraries and archives are authorized to supply photocopies and other reproductions. According to one of the stipulations of the Act, photocopies or reproductions may however not be used for any other purpose than that of private study or personal or private use. Should a user request, or later make use of a photocopy or reproduction for purposes not allowed by the Act, the user may be held liable for infringement of copyright. This Institution reserves the right to refuse any order for a copy, should the execution of the order in the opinion of the Institution, lead to the violation of the Act.

# Prediker en preekgesindheid. 'n Prakties-Teologiese studie in die lig van die Pastorale Briewe.

**Ferdinand Petrus Kruger, B.A., Th.B.**

**Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad**

**Theologiae Magister**

**in die Skool vir Kerkwetenskappe (Vakgroep Praktiese Teologie) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

**Studieleier : Prof. C.J.H. Venter**

**POTCHEFSTROOM**

**1999**

## VOORWOORD

Die prediking van God se Woord laat by die prediker die indruk van hoe kragtig die boodskap is wat hy moet verkondig en hoe klein hyself as nietige mens is. In die prediking word 'n Woord gebring wat die mens tot in die wesensgrond van sy bestaan konfronteer. Prediking konfronteer nie net die hoorder nie, maar ook die prediker. Die prediker moet in die regte gesindheid die Woord verkondig. Hierdie studie is 'n poging om vas te stel hoe die prediker die Woord in die regte gesindheid kan bedien sodat God aan die woord kom. My hoogste wens vir die studie is dat predikers opnuut weer moet besin oor prediking en preekgesindheid.

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank wat my instaat gestel het om die studie te kon voltooi:

- Ek wil my hoogste waardering uitspreek teenoor prof. Cassie Venter van die departement Praktiese Teologie wat as my studieleier opgetree het. Hy het met sy besondere gawe en insig my instaatgestel om die resultate van die studie te kan verwoord. Ek wil hom bedank vir die begrip en wyse waarop hy my visie ten opsigte van die vakgebied verruim het.
- Sonder my vrou Celia se aanmoediging en begrip sou ek nie hierdie studie kon voltooi nie. Sy het begrip getoon vir die feit dat ek nie altyd en oral beskikbaar kon wees nie.
- Die Gereformeerde Kerk Meyerton wat my ondersteun het by wyse van hul bereidwilligheid om spesiale verlof en langverlof toe te staan. Ek bedank die gemeente vir die vergunning om benewens die bedieningswerk ook met die studie te kon voortgaan.
- Toekennings van die vakgroep Praktiese Teologie en die CHO-beursfonds wat dit finansieel moontlik gemaak het om die studie te voltooi.
- Ek wil Mev. Mioni du Toit van harte bedank vir die finale versorging en afronding van die studie. Sy het die taalversorging met groot noukeurigheid behartig.

April 1999

**INHOUDSOPGAWE**

**HOOFSTUK 1 : PREDIKER EN PREEKGESINDHEID - VERANTWOORDING**


1.1. Oriëntering en probleemstelling 1

1:1:1. Oriëntering 1

1:1:2. Probleemstelling 2

1:1:2:1. Aktualiteit van die ondersoek 2

1:1:2:2. Bevinding 3

1:1:2:3. Probleemstelling 3

1:2. Doelstellings en doelwitte 4

1:2:1. Die doel 4

1:2:2. Die doelwitte 4

1:3. Sentraal teoretiese argument 4

1:4. Die metode van ondersoek 4

1:5. Die werksplan 6


**HOOFSTUK 2 : BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PREDIKER EN PREEKGESINDHEID**


2:1. Die Pastorale Briewe 8

2:1:1. Die Naam 8

2:1:2. Die doel van die Pastorale Briewe 8

2:2. Basisteoretiese perspektiewe vanuit die Pastorale oor prediking 9

2:2:1. Probleemstelling 9

2:2:2. Definisie van prediking in die algemeen 9

2:2:3. Definisie van gesindheid en preekgesindheid 10

2:3. Gesindheid in direkte verbinding met prediking 12

2:3:1. Motivering vir die ontleding van die begrippe 12

2:3:2. Basisteoretiese perspektiewe op die Woordbedieningsbegrippe 13

2:3:2:1. Die begrip παρακαλειν -παρακλησιs 13

2:3:2:2. Die begrip παρακαλειν - παραγγελια 14

2:3:2:3. Die begrip ελεγχειν 16

2:3:2:4. Die begrip διδασκειν- διδασκαλοs- διδασκαλια διδακτικοs 17

2:3:2:4. Die begrip κηρυσσειν -κηρυγμα-κηρυζ 19

2:3:2:5. Die begrip επιτμαν 20

2:3:2:6. Die begrip λαλειν 22

2:3:2:7. Die begrip παιδευειν 22

2:3:2:8. Die begrip άναγνωσιs 24

2:3:3. Basisteoretiese perspektiewe op gesindhede in direkte verbinding met prediking. 25

2:3:3:1. Gesindhede wat verband hou met die erns waarin prediking geskied 25

2:3:3:2. Gesindheid wat verband hou met die inhoud van prediking 30

2:3:3:3. Gesindhede wat verband hou met die wyse van prediking 32

2:4. Gesindheid in direkte verbinding met die prediker 39

2:4:1. Definisie van prediker 40

2:4:1:1. Eksegetiese perspektiewe oor die begrip κηρυζ 40

2:4:1:2. Eksegetiese perspektiewe oor die begrip αποστολοs 41

2:4:1:3. Eksegetiese perspektiewe oor die begrip διδασκαλοs 42

2:4:1:4. Eksegetiese perspektiewe oor die begrip ευαγγελιστηs 42

2:4:2. Gesindheid verbind met sekere metafore in die Pastorale Briewe 44

2:4:2:1. Die begrip οικονομοs 44

2:4:2:2. Die begrippe Στρατιωτηs - αθλη- τον κοπιοντα γεωργον 46

2:5. Gesindheid soos dit blyk uit die vereistes vir die bedienaar

in die Pastorale Briewe. 48
2:5:1. Die prediker se gedrag 48
2:5:2. Die karakter van die prediker 50
2:5:3. Die persoon van die prediker 52
2:6. Gesindheid soos dit blyk uit spiritualiteit 54
2:6:1. Definisie van spiritualiteit 54
2:6:2. Die begrip ευσεβεια as aanduiding van die spiritualiteit van die prediker in die Pastorale Briewe. 55
2:6:3. Die band tussen spiritualiteit en preekgesindheid 56
2:6:4. Basisteoretiese samevatting 59
2:7. Finale basisteoretiese perspektiewe oor die prediker en preekgesindheid. 59

**HOOFSTUK 3 : METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PREDIKER EN PREEKGESINDHEID**

3:1. Metateoretiese perspektiewe op die prediker en preekgesindheid 62
3:1:1. Wat is gesindheid? 63
3:1:2. Die vorming van gesindhede 64
3:1:3. Gesindheid en optrede 67
3:1:4. Die verandering van gesindhede - Insigte van die Kommunikasiekunde. 70
3:1:4:1. Oorredingskommunikasie 71
3:1:4:2. Die kognitiewe benadering 71
3:1:4:3. Verandering van gesindhede deur gedrag te verander 72
3:1:4:4. Verandering van gesindhede deur die ideologie te verander 72
3:1:4:5. Oorreding deur middel van kommunikasie as die proses om gesindhede te verander 73
3:1:5. Die persoon van die prediker 78

**HOOFSTUK 4 : PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP PREDIKER EN PREEKGESINDHEID**

4:1. Die begrip praktykteorie 84

4:2. Preekgesindheid en die voorbereiding van preke 85

4:2:1. Preekgesindheid en die prediker se ingesteldheid ten opsigte van prediking. 85

4:2:2. Preekgesindheid en die vooraf gebed 88

4:2:3. Preekgesindheid en tekskeuse 90

4:2:4. Preekgesindheid en eksegese 92

4:2:5. Preekgesindheid en hermeneuse 96

4:3. Preekgesindheid en spiritualiteit 98

4:4. Preekgesindheid en die oordrag van die preek 102

4:5. Preekgesindheid en preekbespreking 106

4:6. Preekgesindheid en kritiek op preke 108

**HOOFSTUK 5 : PREDIKER EN PREEKGESINDHEID**

5:1. Finale samevatting van alle resultate van die skripsie 111

5:2. Terreine vir verdere ondersoek 112

**SAMEVATTING** 114

**ABSTRACT** 116

**BRONNELYS** 118

# Hoofstuk 1

## 1.1. Oriëntering en probleemstelling

'n II Timoteus 4:2 lui soos volg: Verkondig die Woord, hou daarmee vol, tydig en ontydig, weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee. Die skripsie wil hom in die besonder besig hou met die bedieningsopdrag met as hooffokus die gesindheid (houding) waarin Woordverkondiging geskied.

### 1.1.1. Oriëntering

In resente homiletiese literatuur (vergelyk. o. a. Dingemans, 1991:178; Vos, 1994:17 Barnard, 1994: 397; Smit, 1995: 5; Burger, 1995:15 en Van der Merwe, 1995:33) word die gesindheidseise aan die prediker in sy prediking aangetoon. Vanweë die blootstelling aan meer aanskoulike vorme van kommunikasie gebeur dit dikwels dat die effek van preke onder skoot kom. Talle skrywers het dan ook in hulle navorsing aangetoon dat die rol van die prediker in die prediking nie buite rekening gelaat kan word nie ( vergelyk. o. a. Dingemans, 1991:45; Long, 1989:21; Cradock, 1985:10). Jonker (1976:13) wys op sy beurt op die ontevredenheid by lidmate oor die prediking. In sy bydrae beklemtoon hy selfs die tweerigtingverkeer tussen prediker en gemeente (Jonker, 1976:14). Gemeente en prediker oefen wedersyds 'n invloed op mekaar uit. D'Assonville (1976:100) wys op die gevaar van 'n verkeerde siening oor die prediking. Prediker en gemeente moet altyd onthou dat dit in prediking gaan om God wat spreek. Die prediker mag niks anders wees as bedienaar van God se Woord nie.

Die outeurs so pas genoem, het verder aangetoon dat prediking 'n onthullende aard besit en daarom kan preekgesindheid moeilik verberg word tydens prediking. 'n Verkeerde gesindheid van die prediker dra dikwels daartoe by dat preke nie inslag vind nie. Stott (1982:135) beskrywe byvoorbeeld prediking as brugbou tussen twee wêrelde, naamlik van toe en van nou. In die brugbouproses moet albei wêrelde, naamlik die Bybelse asook die kontemporêre ernstig geneem word. Daarom is dit vir Stott noodsaaklik dat die prediker in die voorbereiding asook die lewering van preke 'n gesindheid van erns met albei wêrelde openbaar.

Vanuit die besef spruit die belangstelling in die tema "Prediker en preekgesindheid" voort en word die tema hierbo genoem, beskou as 'n aktuele veld vir verdere ondersoek en navorsing.

### 1.1 2. Probleemstelling

#### 1.1.2.1. Aktualiteit van die ondersoek in die preekgebeure

Homiletiese ondersoek in die negentigerjare word gekenmerk deur 'n diepgaande verkenning veral na die preekgebeure. Sake soos o. a. die teologie van die prediking (Long, 1989:57 en Cradock, 1991:23) en die prediking as prosesgebeure in ekklesiale konteks (Zerfass, 1982:30) ontvang aandag. Besondere klem word op sekere fokuspunte geplaas soos o. a.

- die preekgebeure in verhouding met die totale bediening;
- talle homilete spreek in hulle bydraes die behoefte uit aan 'n hermeneutiek van die praxis soos o. a. Dingemans (1991:15). Plaaslik is dit veral Vos (1994:32) wat sterk aansluiting by Dingemans vind.
- die behoefte aan 'n krities-kreatiewe retoriek waardeur vir die luisterende gemeentes ruimtes geopen word om op sinvolle wyse deelnemers aan die erediens te wees.
- Die kommunikasiewetenskaplike aspek van verkondiging verdien besondere aandag (Choi, 1994:3).
- Van der Vyver (1990) wys in sy studie op die rol van die hoorder in die prediking. Tereg wys hy op die Woord wat die inhoud van die prediking vorm. 'n Mens, naamlik die prediker bedien die Woord en dit is sy taak om God aan die woord te laat kom. In sy studie wys bogenoemde skrywer verder op die gesindheid van die hoorder wat in verlange en entoesiasme vergestalt moet word. Geen definisie van wat onder gesindheid verstaan moet word of elemente van die gesindheid van die prediker word dieper bespreek nie.
- Kruger (1993) skryf in sy verhandeling oor "die pastorale bediening aan die selfgesentreerde gelowige". Op indringende wyse toon hy die noodsaaklikheid van 'n posisiekeuse van die pastor aan. Hieruit vloei volgens bogenoemde skrywer die gesindheid of houding van die prediker voort. Sonder om dieper hierop in te gaan, toon hy net sekere gesindhede aan.

- Choi (1994) toon in sy navorsing aan dat " the preacher as communicator" bepaalde gesindhede in die prediking openbaar, maar 'n nadere en diepgaande ontleding ontbreek.
- Kim (1997) fokus in sy navorsing op die prediker en spiritualiteit. Op insiggewende wyse benadruk hy die Woordbedieningsbegrippe in die Pastorale Briewe. Alhoewel hy die verband van die begrippe met spiritualiteit duidelik aantoon, figureer 'n bespreking oor gesindheid nie sterk in sy bydrae nie.

Dit wil egter voorkom asof 'n nadere ondersoek na die gesindheid waarin Woorverkondiging behoort te geskied meermale ontbreek te midde van al die insiggewende bydraes. Voldoende homiletiese lektuur spesifiek ten opsigte van die gesindheid waarin Woordverkondiging geskied, is skaars. Talle resente homiletiese werke soos o. a. Barnard (1994:395) en Dingemans (1991:152) verwys wel na die persoon van die prediker (homileet). Tog ontvang die gesindheid waarin Woordverkondiging geskied nie eksplisiete aandag in die werke nie. Nadere ondersoek na die gesindheid waarin Woordverkondiging behoort te geskied moet dus nog plaasvind, aangesien die saak van gesindheid wel in onlangse navorsing genoem word, maar nie genoegsaam bespreek word nie:

### 1.1.2.2. <u>Bevinding</u>

Bogenoemde bydraes toon aan dat die saak van die gesindheid van die prediker wel deur sekere skrywers aangeraak word sonder om die saak op breedvoerige wyse te bespreek.

### 1.1.2.3. <u>Probleemstelling</u>

Die sentrale probleemstelling van die skripsie kan daarom soos volg geformuleer word, naamlik ***In watter gesindheid moet die prediker die Woord bedien***?

Die probleemstellings wat hieruit voortspruit, is

- op watter wyse word die prediker en preekgesindheid preskriptief in die Pastorale Briewe beskryf;
- watter invloed het gesindheid op Woordverkondiging. 'n Deskriptiewe ondersoek na die bydraes van die gedragswetenskappe; en
- praktiese riglyne oor prediker en preekgesindheid.

## 1.2. Doelstellings en doelwitte

### 1.2.1. Die doel

Die hoofdoel van die voorgestelde navorsing is om nadere ondersoek te doen na die prediker en preekgesindheid in die lig van die Pastorale Briewe en om sodoende Skrifgefundeerde riglyne vir die praxis daar te stel wat dien tot toerusting van die prediker. Die keuse word in die skripsie gemaak ten opsigte van die Pastorale Briewe omdat van die mees sentrale openbaring oor prediker en preekgesindheid in die briewe gevind word.

### 1.2.2. Doelwitte

Om die doel te bereik, word die volgende doelwitte vir die voorgestelde skripsie gestel:

Doelwit 1

Om basisteoreties vanuit die Pastorale Briewe die gesindheid van die prediker nader te ontleed.

Doelwit 2

Om die invloed van gesindheid op Woordverkondiging na te vors. Met behulp van die gedragswetenskappe sal daar metateoreties aandag aan die saak gegee moet word.

Doelwit 3

Om praktykteoretiese rigtingwysers gerig op gesindheid in die praktyk van Woordbediening daar te stel.


## 1.3. Sentraal teoretiese argument

As hipotese word gestel dat ***die gesindheid waarin die prediker sy preek voorberei en lewer 'n ingrypende invloed op die geloofslewe van die gemeente kan uitoefen.***

## 1.4. Metode van ondersoek

Vir hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e. v. ) vir die Praktiese Teologie ontwerp het (vergelyk. ook Venter, 1996:25-26). Die model behels die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit o.a. die grenswetenskappe en 'n ordening van die resultate uit beide refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die oog op praktykteoretiese perspektiewe.

Zerfass (1974:166) stel die hermeneutiese wisselwerking in prakties-teologiese teorievorming soos volg in 'n model voor.




Venter (1996:25) verduidelik die model soos volg:
*n Probleem ontstaan in die kerk deurdat* 'n *bepaalde bedieningspraktyk nie meer bevredig nie. Om op wetenskaplike wyse 'n nuwe praktykteorie daar te stel, word 'n basisteorie ontwerp. Die situasie waarin die teorie gefunksioneer het en nie meer funksioneel is nie word aan die hand van empiriese gegewens nader ontleed, terwyl ook metateoretiese insigte geïntegreer word. Vanuit die basisteorie in hermeneutiese wisselwerking met die situasie-analise word 'n verstelde praktykteorie ontwerp*

Wat die ontwerp van basisteorieë betref, sal eksegeties te werk gegaan word hoofsaaklik volgens die grammaties-historiese metode (vergelyk. Coetzee, 1997:1-14). Wat begripsontleding aanbetref, word veral aangesluit by die analise van semantiese domeine volgens die model van Louw en Nida (vergelyk. Botha, 1989:4-39).

Op metateoretiese gebied sal veral eklekties te werk gegaan word (vergelyk. Stoker, 1961:56 e. v. ) Die metode hou in dat toepaslike materiaal veral uit die Sosiale Psigologie en Kommunikasiekunde ook deur analise en interpretasie gekeur en gerangskik sal word om in te pas in die opset van die navorsing

## 1.5. Werksplan

Die indeling van die voorgenome studie word soos volg uiteengesit

- Hoofstuk 1: Die prediker en preekgesindheid. 'n Prakties- Teologiese studie in die lig van die Pastorale Briewe - Verantwoording en vertrekpunte.
- Hoofstuk 2: Basisteoretiese perspektiewe in die lig van die Pastorale Briewe.
- Hoofstuk 3: Metateoretiese perspektiewe vanuit die Sosiale Psigologie asook Kommunikasiekunde.
- Hoofstuk 4: Praktykteoretiese perspektiewe op grond van wisselwerking tussen die basisteoretiese en metateoretiese materiaal.

# Hoofstuk 2

## Basisteoretiese perspektiewe op prediking, prediker en preekgesindheid

### Doel en uitgangspunt van die hoofstuk

Die doel met die hoofstuk is om vas te stel hoe die prediker en preekgesindheid deur die Skrif en meer spesifiek in die Pastorale Briewe omlyn word en om vas te stel watter invloed gesindheid uitoefen op die prediking. Die uitgangspunt word geneem in die Pneumatologie, met ander woorde die werking van die Heilige Gees wat sentraal staan in die bediening van die Woord. Die Heilige Gees is die Inspirator, Orator en Kommunikator in die prediking. Die prediker word as swak mens en instrument geroep en toegerus om as uitsender of bekendmaker van God se Woord op te tree. Bingle (1987:2) beskryf die prediking as taal en vertaalgebeure. In die proses staan die prediker as 'n tolk tussen die brontaal (God se taal) en die doeltaal (taal van die teiken-gehoor). In die vertolking is dit van belang om te let op die gesindheid (houding) waarin die Woord verkondig word. Helberg (1989:4) benadruk in hierdie verband nie net die groot taak van die prediker nie, maar ook die totaal nuwe ingesteldheid van die prediker ten opsigte van homself, sy gesindheid, gedagtes en insigte.

Vanuit die beredenering blyk die noodsaak om basisteoreties te besin oor die prediker en preekgesindheid. Vanuit die Pastorale Briewe sal sekere perspektiewe ontgin word rondom die prediker en preekgesindheid. In die hoofstuk sal die volgende aan die orde kom:

- Fokus van die Pastorale Briewe.
- Gesindheid in direkte verbinding met prediking.
- Gesindheid in direkte verbinding met die prediker.
- Gesindheid soos dit blyk uit die vereistes vir die bedienaar in die Pastorale Briewe.
- Gesindheid soos dit blyk uit die spiritualiteit van die prediker.
- Samevattende basisteoretiese perspektiewe.

## 2.1. Die Pastorale Briewe

### 2.1.1. Die Naam

Die benaming is die eerste keer sover bekend deur Berdot in 1703 gebruik (Guthrie, 1990:17). Onder die Pastorale briewe word verstaan I en II Timoteus assook Titus. Die briewe kan ook die herderlike briewe van Paulus aan twee jong pastors genoem word (Fee, 1988:1 & Bentley, 1997:12). Die herder apostel is in die briewe besig om aan die twee jong leraars advies te gee oor die versorging van die gemeentes. Volgens Guthrie (1990:17) is die benaming Pastorale Briewe 'n aanduiding van die praktiese gerigtheid van die briewe rondom kerk-wees

Gevolgtrekking:

Die Briewe word so genoem omdat die herdersamp in die briewe op die voorgrond staan. Reëls word hierin gegee vir die organisasie van die gemeentelike lewe asook duidelike aanwysings vir die herder-leraars (Guthrie, 1990:1 en Bentley, 1997:12).

### 2.1.2. Die doel van die Pastorale Briewe

I Timoteus en Titus is ongeveer in dieselfde omstandighede geskryf (Benton, 1997:15 en Fee, 1988:2). In beide briewe het Paulus dieselfde doel voor oë, naamlik pastorale advies aan twee jong herders en leraars oor die prediking, oor die verdediging van die evangelie asook oor kerkregering. Coetzee (1980:105) tref wel 'n onderskeid tussen die briewe hierbo genoem. Hy tref die volgende onderskeid:

- In I Timoteus word gehandel oor die oordrag van die pastoraat en hoe om 'n goeie dienaar van Christus te wees.
- In Titus handel Paulus oor die opdrag van die pastoraat.
- II Timoteus word vanuit die gevangenis geskryf en is 'n geestelike testament met bemoediginge aan Timoteus as gelowige en leraar. Guthrie (1994:12) voeg by dat die bemoediging in die brief daaroor handel dat Timoteus moet volhou met sy bediening.

Die doel van die Pastorale Briewe kan skematies soos volg saamgevat word:

| Brief | Die doel |
|---|---|
| I Timoteus | Oordrag van die pastoraat. Die fundering asook opbouende taak van die bediening word bespreek. |
| II Timoteus | Die uitbouende taak van die bediening word indringend bespreek aan die hand van bemoediginge. |
| Titus | Die opdrag van die pastoraat word aan Titus voorgehou |

Gevolgtrekking

In die Pastorale Briewe het ons dus van die mees sentrale openbaring rondom bediening en gesindheid waarin prediking moet geskied. Juis om die rede bied die Pastorale Briewe geskikte ondersoekmateriaal vir die onderwerp van ons studie. Volgens Guthrie (1990:39) het daar alreeds 'n bepaalde vorm van kerklike organisasie bestaan toe die Pastorale Briewe geskryf is. Daarom word daar in die Pastorale Briewe ook erns gemaak met die deugde van die diensknegte in die kerk.

In die bespreking wat volg, sal aandag gewy word aan perspektiewe wat lig kan werp op die prediker en preekgesindheid.

## 2.2. Basisteoretiese perspektiewe vanuit die Pastorale Briewe oor prediking

### 2.2.1. Probleemstelling

Die onderwerp van die studie, naamlik prediker en preekgesindheid noodsaak 'n voorlopige werksdefinisie van prediking asook preekgesindheid (Onder punt 2. 4. 1 sal 'n definisie van prediker gebied word). Binne die raamwerk van die onderwerp moet die begrippe preek - prediker - preekgesindheid nader ontleed word.

### 2.2.2. Definisie van prediking in die algemeen

Prediking geskied met die veronderstelling dat dit die verkondiging van God se Woord is (Jonker, 1976:30). Venter (1976:2) bied die volgende perspektiewe oor prediking.

- Prediking is die amptelike bediening van die Woord van God in die midde van sy verbondsgemeente.
- Prediking is 'n bepaalde diens (διακονία) van die kerk. Prediking het in onder-skeid van die ander dienste van die kerk 'n eie gerigtheid.
- Die Woord van God is die inhoud van die prediking.
- Die adres van die prediking is die verbondsgemeente. Die skrywer verduidelik die term verbondsgemeente soos volg: Dit is 'n gemeente wat bestaan uit verloste sondaar-mense in verskillende leeftydfases, in verskillende situasies, mense met elk 'n eie aard, aanleg en persoonlikheid asook mense wat elkeen hulle geloof op 'n eie unieke wyse beleef.

Van der Vyver (1990:14) definieer prediking op sy beurt soos volg: 'Prediking in die erediens is prediking waardeur die Drie-enige God deur sy geroepe dienskneg tot die gemeente spreek".

Müller (1990:73) maak 'n onderskeid tussen Woordbediening in die ander elemente van die liturgie en die Woordverkondiging in die prediking. Volgens bogenoemde skrywer gaan dit in prediking om toegespitste aktuele verkondiging eerder as algemene waarhede. 'n Preek is volgens Dingemans (1991:50) die element van 'n erediens waarin die prediker as hoorder onder die hoorders deur middel van uitleg en toepassing van 'n teks aan lidmate hulp bied in hulle eie kommunikasie met die Bybel en daarom in hulle kommunikasie met God. Kim (1997:36) som die definisie kort en bondig op, naamlik " Preaching is the Word of God coming to man".

**Voorlopige werksdefinisie van prediking**

| |
|---|
| ***Prediking is die brugbou tussen die Bybel en die moderne wêreld waardeur God Drie-enig deur sy geroepe dienskneg tot die gemeente spreek.*** |

### 2.2.3. Definisie van gesindheid en preekgesindheid

In paragraaf 2. 5. 3 word 'n keuse gemaak vir die begrip σπουδαιότερος as omnibusbegrip vir die gesindheid van die prediker. Op grond hiervan word die volgende definisie reeds hier gebied.

***Gesindheid dui op die erns, ywer en entoesiasme wat daar bestaan by 'n persoon om 'n bepaalde saak te hanteer of 'n taak af te handel.***

In die Pastorale Briewe word die twee jong leraars Timoteus en Titus voortdurend aangespoor om die Woord in bepaalde gesindhede te verkondig. Die volgende definisie van preekgesindheid word gebied:

***Preekgesindheid het betrekking op 'n bepaalde denkwyse, gevoel en handelingswyse waarmee prediking geskied.***

Vanuit die definisie oor preekgesindheid vloei die volgende dimensies voort:

- Die regte preekgesindheid word as gawe van God aan die prediker gegee. Hiermee word die noodsaak van die persoonlike verhouding van die prediker met God benadruk. Prediking wat God aan die woord laat kom, hou die prediker op sy knieë.
- Die gawe van gesindheid het ook 'n opgawe, naamlik gesindheid moet beoefen word. Die gesindhede (hierbo aangetoon) moet in die prediking in berekening gebring word.
- Preekgesindhede kan moeilik verberg word. Jonker (1976:29) skryf die misnoeë rondom prediking ten dele toe aan die onwil by predikers om met volle inset en verantwoordelikheid te besin oor hoe die opdrag van prediking uitgevoer word. Vos (1994:15) beskrywe prediking as 'n onthullende gebeure waarin die swakhede van die prediker duidelik na vore kom. Van der Walt (1984:10) toon selfs aan dat die wyse waarop die opdrag vanaf die preekstoel uitgeoefen word, die gemeente in hulle navolging hiervan beïnvloed.
- Louw (1987:57) waarsku tereg teen predikers wat skepties, sinies en krities teenoor die gemeente staan. Frustrasie en selfs stagnasie tree dikwels in omdat min vrugte op die aanvanklike fase van ideale bemerk is. Prediking ontaard maklik in blote pligspleging. Op grond van dit wat genoem is, bepleit Louw (1987:65) 'n pastorale identiteit by die prediker wat uit drie sake bestaan, naamlik:
    * 'n Ethos of karakter wat deurdrenk is van die Heilige Gees.
    * 'n Pathos of te wel empatiese betrokkenheid by mense.
    * 'n Logos of kommunikasievermoë wat op God se Woord gebaseer is.

- Die prediker stel nie net met die inhoud van die prediking 'n voorbeeld nie, maar ook in die wyse waarop hy dit doen. Verkeerde gesindhede word in die prediking blootgelê.

## 2.3. Gesindheid in direkte verbinding met prediking

### 2.3.1. Motivering vir die ontleding van die Woordbedieningsbegrippe

Prediking, prediker en gesindheid is interafhanklike begrippe en daarom is dit noodsaaklik om vir die doel van die navorsing 'n nadere ondersoek te onderneem na die Woordbedieningsbegrippe wat in die Pastorale Briewe gebruik word. Venter (1976:108) onderskei nege Woordbedieningsbegrippe in die Pastorale Briewe, naamlik:

1) παρακαλειν - παράκλησις

   I Timoteus 1:3; I Timoteus 2:1; I Timoteus 5:1, 2; I Timoteus 6:2; II Timoteus 4:2; Titus 1:9; Titus 2:6 en Titus 2:15

2) παραγγελειν- παραγγελία

   I Timoteus 1:3, 5, 18; I Timoteus 4:11; I Timoteus 5:7; I Timoteus 6:17

3) ἐλέγχειν - ελεγμος

   I Timoteus 5:20; II Timoteus 3:16; II Timoteus 4:2; Titus 1:9; Titus 1:13; Titus 2:15

4) διδασκειν - διδασκαλίᾳ - διδάσκαλος- διδακτικος

   I Timoteus 2;7;I Timoteus 3:2; I Timoteus 4:11; I Timoteus 4:13; I Timoteus 4:16; IITimoteus 1:11; II Timoteus 2:2.

5) κηρυσσειν-κήρυγμα- κῆρυξ

   I Timoteus 2:7; I Timoteus 3:16; II Timoteus 1:11; II Timoteus 4:2; II Timoteus 4:17 en Titus 1:11.

6) ἐπιτίμησον

   II Timoteus 4:2

7) λάλείν

   Titus 2:1, Titus 2:15

8) παιδευειν

   II Timoteus 2:25

9) αναγνωσις

I Timoteus 4:13

### 2.3.2. Basisteoretiese perspektiewe vanuit die Woordbedieningsbegrippe

Soos in hoofstuk 1 aangedui is, sal vir die analise van Woordbedieningsbegrippe in die Pastorale Briewe gebruik gemaak word van Teologiese Woordeboeke, die insigte van sekere skrywers asook die insigte van Louw en Nida se semantiese woordeboek. Die metode van woordeksegese by hierdie woordeboek staan bekend as die komponensiële analise van betekenis (Botha, 1989:19).

#### 2.3.2.1 παρακαλειν - παρακλησις

In die Pastorale Briewe word die begrip agt maal gebruik as aanduiding dat *iemand vermanend toegespreek word.* Die enigste uitsondering is I Timoteus 1:3 (Venter, 1976:108) Die woord dui op 'n gesagvolle vermaning wat selfs kan beteken om iemand vertoostend by te staan of om iemand te vertroos as daad van God (Venter, 1988:145 en Vorster, 1995:460). Die woord kan selfs beteken om ernstig te pleit, uit te nooi, saam te roep of om te bemoedig (Louw en Nida. II, 1989:185). Die Woordbedieningsbegrip lig die gedagte uit van *diepe erns* of die gedagte van *pleit* (Louw & Nida II. 1989:408). Volgens Vorster (1995:461) bevat die begrip 'n loodregte dimensie. Die begrip benadruk nie die prediking as oordra van etiese lewensreëls deur die prediker nie, maar wel prediking wat die eis wat die heil in Christus vir die mens inhou, wil verkondig.

Shaw (1983:69) betoog dat Paulus met sy vermaning besig is om gesag te ondermyn. Op die punt word in diskussie getree met Shaw. Vanuit die bespreking van die Woordbedieningsbegrip hierbo genoem, blyk dit dat Shaw nie genoegsaam rekening daarmee hou dat die vryheid van die gelowige verantwoordelikheid meebring nie. Die begrippe Παρακαλειν-Παρακλησις benadruk *die vermaning of troos* wat gepaardgaan met die heil in Christus. De Klerk (1986:30) toon aan dat die Heilige Gees die aard van die gesag bepaal, want die inhoud van die prediking word deur die Gees aan Paulus geopenbaar. Die enigste gesag wat in Paulus se vermaning ter sprake is, is die gesag van Christus.

Die vermaning moet in die gesindheid van erns, lankmoedigheid en lering geskied. Skematies kan die ontleding van παρακαλειν- παρακλησις soos volg weergegee word:

| Gedeelte | Inhoud | Tot wie | Doel | Gesindheid |
|---|---|---|---|---|
| I Timoteus 5:1, 2 | Herderlike vermaning | Leeftydsgroepe | | Nie hard vermaan nie. In reinheid |
| II Timoteus 4:2 | Bedieningsop-dragte | Gemeente | Gesonde leer | In alle lank-moedigheid en lering. |
| Titus 2:15 | Versoening | Gemeente | Goeie werke | In alle erns |

**Samevattende basisteoretiese afleidings**

Die begrippe παρακαλειν-παρκαλησις dui in die Pastorale briewe op die volgende:

- Die begrippe hierbo bespreek is sentrale begrippe in die Pastorale Briewe ten opsigte van herderlike bediening.
- Die Woordbedieningsbegrip παρακαλειν- παρακλησις dui daarop om iemand vermanend toe te spreek. Die begrip veronderstel deurgaans die versoeningswerk van Christus en die werk van die Heilige Gees.

Vyf gesindhede word in die Pastorale Briewe aan die begrip vermaan gekoppel: nie hard vermaan nie (επιπληξης), reinheid (ἁγνεια), lankmoedigheid (μακροθυμια) lering (διδαχη) en erns (επιταγης). Die gesindhede word onder punt 2. 3. 3 nader bespreek

### 2.3.2.2. Παραγγελειν - Παραγγελια

In die Pastorale Briewe beteken die begrip om gesagvol te beveel (Venter, 1988:155). Die gesag agter die παραγγελειν is die gesag van Christus en die wortel van die gesag is die versoeningswerk van Christus (De Klerk, 1986:30 en Bentley, 1997:278). Die begrip dui in die Pastorale Briewe op die aankondiging van dit wat gedoen moet word (Louw & Nida I, 1989:426). Volgens Bromiley (1985:776) dui die begrip op die oordrag van 'n bevel. Die Woordbedieningsbegrip bevestig die feit dat Timoteus sowel as Titus in opdrag

van Christus opgeroep word om dit te verkondig wat God aan hulle opgedra het (Bromiley, 1985:777). Volgens Kim (1997:16) is die doel van die gesagvolle beveel die behoud van die goeie leer. Bogenoemde skrywer toon ook aan dat 'n gesindheid van "prosperous people in the present world" met die bedieningsbegrip meegaan.

Fee (1988:275) benadruk die opdrag aan Timoteus om te midde van weerstande, byvoorbeeld van die valse leer, vas te staan. Die opdrag aan die jong leraar is om in Efese te bly nieteenstaande 'n menslike neiging om te vlug vir die weerstande. Timoteus moes egter in Efese voortgaan met sy prediking (Zwanenburg, 1971:23 en Guthrie, 1990:172). Timoteus was vantevore bevoorreg om na Paulus se onderrig te kon luister. Volgens Guthrie (1990:172) is dit nou Paulus se bedoeling om Timoteus te wys op die feit dat die onderrig in die praktyk moet konkretiseer. Die prediker se krag lê nie in homself opgesluit nie, maar in die boodskap wat hy bring. Vanuit die beredenering hierbo blyk twee sake inherent aan die bedieningsbegrip te wees:

- Die prediker moet homself voortdurend ondersoek en so ook die weerstand wat daar moontlik teenoor sy prediking mag bestaan.
- Die prediker moet homself voortdurend vergewis van sy opdrag om die Woord te bly verkondig selfs te midde van weerstande.

Aspekte van die konklusie hierbo kom ook sterk ter sprake in resente navorsing:
Cilliers (1996:82) waarsku teen 'n verskuiwing van die gesagsbasis in die praktyk van die prediking. Op grond van sy navorsing toon hy aan dat 'n subtiele verskuiwing weg van die Woord na die prediker steeds meer en meer posvat. Die prediker probeer doen wat net God en die Woord kan doen. Hy waarsku ook teen die gevaar van 'n outoritêre preekstyl. Predikers probeer volgens bogenoemde skrywer in die proses gelowiges se aandag vestig op die prediker. Kruger (1993:67) toon in sy studie die gevaar van selfgesentreerdheid aan. Hy toon aan dat 'n pastor (prediker) in sy verhouding tot ander geneig is om sy staanplek met ander woorde objektiewe status of posisie te laat bepaal deur 'n eie selfverheffingsdrang (Kruger, 1993:241). Die korrekte posisiekeuse is nie dié van bo ander nie, maar onder die ander, naamlik as nederige dienskneg. Bogenoemde skrywer se konklusie is dat die posisiekeuse nie 'n saak van willekeur is nie, maar van

gehoorsaamheid. Die subjektiewe gesindheid wat hiermee gepaard gaan, is dié van nederigheid (Kruger, 1993:242). Die ontbreking van die gesindheid van nederigheid dui op 'n onopregtheid in die wyse waarop die staanplek ingeneem is.

Die Woordbedieningsbegrip παραγγελειν - παραγγελια dui op *die gesagvolle beveel op grond van die Woord*. Die volgende aspekte is inherent verbonde aan die begrip:

- Die inhoud van die gesagvolle beveel is die versoeningswerk van Christus.
- Die doel van die gesagvolle beveel is die behoud van die gesonde leer, die onberispelike gedrag van die weduwee, die gesindheid en optrede van die rykes, die goeie stryd van die bedienaar van die Woord en ongeveinsde geloof.
- Die objek van die begrip is die dwaalleraars, die gemeente, asook die weduwees en rykes.
- Alhoewel daar nie eksplisiete gesindhede aan die Woordbedieningsbegrip gekoppel word in die Pastorale Briewe nie, blyk dit dat die gesindheid van gehoorsaamheid aan God se opdrag duidelik verbind word met die bedieningsopdrag om gesagvol te beveel. Prediking mag nooit ontaard in 'n spreek uit die hoogte nie. Prediking mag nie gelykstaande wees aan 'n offisier wat uit hoofde van sy rang aan onderdane bevele deurgee nie. Prediking is net prediking as dit God aan die Woord laat kom. Die prediker dien in die prediking as instrument. Daarom is dit noodsaaklik dat die prediker homself voortdurend ondersoek ook te midde van die gesagvolle beveel in die prediking.

**2.3.2.3.** <u>ελεγχειν - ελεγμος</u>

Volgens Bentley (1997:161) dui die begrip in die algemeen daarop *om iemand op sy of haar sonde te wys en tot inkeer te roep*. Sodoende word die verkeerde lewenswyse bestry. Venter( 1976:110) is van mening dat die begrip verband hou met die oortuigingswerk van die Heilige Gees. Die begrip ελεγχειν -ελεγμος dui op die daad waardeur iemand gehelp word om die verhouding met God in orde te kry. Deur gemotiveerde en onderrigtende prediking moet lidmate toegerus word om die erns van tug tot opvoeding te begryp (Venter, 1988:156). Die begrip benadruk die feit dat prediking duidelik moet aantoon wat verkeerd is met die gepaardgaande bewyse daarvoor (Louw & Nida I;

1989:436). Die woord kan ook berisping en verwyt beteken (Louw & Nida I; 1989:436). Bentley (1997:162) asook Fee (1988:131) benadruk die feit dat die bestraffing moet geskied vanuit die vertrekpunt dat God self bestraf. Menslike simpatie en antipatie mag daarom nie op die voorgrond staan nie (Guthrie, 1990:119). Indien menslike oorwegings op die voorgrond staan, geskied vermaning ruggraatloos en word die groter saak nie gedien nie.

Guthrie (1990:119) beklemtoon dit dat die bestraffing nie op blote hoorsê- getuienis moet berus nie, maar wel op grond van 'n gegronde klag. Die bestraffing mag nie gegrond wees op partydigheid nie selfs al is dit baie maal moeilik. Bentley (1997:161) benadruk ook die gedagte dat die doel van die bestraffing is om die oortreder van die oortreding te oortuig. In die hele proses tree die prediker op met die Skrif as handleiding (Fee, 1988:141). Prediking het 'n vermanende en teregwysende dimensie wat nie verwaarloos mag word nie, omdat dit God self is wat deur die prediker gelowiges teregwys (Louw, 1993:28). Aan die Woordbedieningsbegrip word drie gesindhede gekoppel, naamlik μακροθυμια, διδαχη, επιταγης. (vergelyk. punt 2. 3. 3. )

**Basisteoretiese afleidings**

Die begrip ελεγχειν - ελεγμον dui op die volgende:

- Die Woordbedieningsbegrip impliseer in die Pastorale Briewe tug tot opvoeding.
- Die doel van die Woordbedieningsbegrip is om gelowiges toe te rus en ywerig te maak vir goeie werke sodat hulle gesond kan wees in die leer.
- Die gesindhede waarin die tug tot opvoeding moet geskied is dié van: "In alle lank-moedigheid en lering" asook" in alle erns".
- Die tug tot opvoeding moet plaasvind binne die ruimte waar die prediker bewus is van sy eie sonde. Binne die raamwerk van vergifnis moet die bestraffing plaasvind.

### 2.3.2.4. Διδασκειν - διδασκαλος - διδασκαλια - διδακτικος

Die begrip διδασκειν beteken om *voorligting te bied binne 'n formele sowel as informele konteks* (Louw & Nida I, 1989:413). In die algemeen word die begrip gebruik om te dui op leer of onderrig. Louw (1993: 29) sien die begrip as die middel tot opbou

van die gemeente waartydens veral die ontwikkeling van die intellek aandag geniet. Sodoende is die begrip gerig op geestelike volwassenheid van lidmate. Geloofsopbou wat tot geloofsvolwassenheid lei, is 'n sentrale moment in die begrip (Louw, 1993:29). Prediking as διδασκειν lei die gemeente dieper in die waarhede van die Skrif. Volgens Vorster (1995:458)asook Fee (1988:67) het die lering nie net te make met die vermeerdering van kennis nie, maar ook met die praktiese gerigtheid van die kennis. naamlik die toepassing hiervan in die lewe. Die onderwysing moet motiveer tot 'n vroom Christelike lewe.

Prediking as διδασκειν bring ook *die vertolkingselement* van die heilsgebeure na vore (Jonker, 1976:48 & Vorster; 1995:458). Hiermee bedoel bogenoemde skrywers dat die prediker nie sy eie gedagtes verkondig nie, maar dat hy aan 'n Skrifteks gebonde is. Vertolking is noodsaaklik om die teks in sy betekenis vir die gemeente duidelik te maak.

'n Διδασκαλος dui op *die persoon wat die onderrig verleen met ander woorde die onderwyser of instrukteur* (Louw & Nida I, 1989:416). Διδασκαλια dui op *die aktiwiteit van die persoon wat onderrig gee* (Brown, 1986:769). Die begrip dui in die Pastorale Briewe op die ware leer (Venter, 1976:114). Die ware leer is gesond en daarom is dit 'n middel tot redding. Διδακτικος dui volgens Louw & Nida I (1989:414) die noodsaaklikheid aan *om bekwaam en toegerus te wees vir die aksie van verkondiging*. Volgens Brown (1986:764) dui die begrip op *die kundigheid in onderrig*. In die Pastorale Briewe word dit as vereiste aan God se diensknegte gestel.

**Basisteoretiese afleidings:**

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Die begrippe διδασκειν- διαδασκαλια - διδασκαλος - διδακτικος dui in die Pastorale Briewe op die aksie van verkondiging as lerende ontvouing van die Skrif waarvan die versoening die kerninhoud is.
- Die objek van die lerende verkondiging is in die Pastorale Briewe die gemeente.
- Die gesindheid waarin die lerende prediking moet geskied, is " in geloof en waarheid". Die gesindhede benadruk die wete dat die prediker en gemeente in die prediking by

dieselfde saak betrokke is, naamlik die geloof en waarheid. Om in geloof en waarheid te preek, vereis dat die prediker self moet groei in die geloof en waarheid om sodoende die gemeente in geloof en waarheid te kan voed. (Vergelyk vir verdere behandeling van die gesindheid punt 2. 3. 3. )

### 2.3.2.5. Κηρυσσειν - κηρυγμα - κηρυξ

Louw & Nida I (1989:417) plaas die begrippe binne die semantiese veld van prediking of verkondiging. Volgens Louw & Nida I (1989:417) beteken die begrip κηρυσσω die *publieke aankondiging van godsdienstige waarhede, terwyl daar 'n ernstige beroep gedoen word op aanvaarding en inskiklikheid.* Die begrip κηρυγμα dui op *die inhoud van die verkondiging* (Louw & Nida I;1989:417). Volgens Vorster(1995:455) sowel as Fee (1988:67) verbreed die inhoud van die begrip deur daarop te let dat die begrip op *die daad* sowel as *inhoud* van die prediking dui. Daarom benadruk die begrip 'n gesagvolle afkondiging, met ander woorde 'n saak wat sonder teëspraak gestel word.
Pieterse (1986:8) omskryf die begrip as 'n proklamasie van dit wat eenmaal in Christus geskied het wat nou loodreg op die hoorder betrek word.
Κηρυξ dui volgens Louw & Nida I (1989:417) op die persoon wat preek, met ander woorde die prediker. Grassi (1978:117) toon aan dat die begrip die dinamiek verbonde aan prediking benadruk. Volgens Stott (1982:135) was 'n κηρυξ die instrument of mondstuk waardeur die heerser tot sy onderdane gespreek het.

De Klerk (1976:10) sien die evangelie as κηρυγμα, terwyl die prediker die herout is wat die nuwe stand van sake moet aankondig. Bogenoemde skrywer meen dat daar twee implikasies hieraan verbonde is vir die prediker, naamlik:

- die prediking is verkondiging van die heil wat Christus bewerk het en
- die prediking is 'n appèl tot gehoorsame navolging van Jesus Christus.

Venter (1976:117) meen dat die aksie van verkondiging volgens bogenoemde begrippe dui op 'n nuwe stand van sake op grond van die versoeningswerk van Christus. Vier gesindhede word aan die begrippe verbind, naamlik *in geloof en waarheid, in alle lankmoedigheid en lering* (ἐν πίστει καὶ ἀληθείᾳ, ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ καὶ

διδαχῇ). Die gesindhede is alreeds in die vorige paragrawe genoem en word onder punt 2. 3. 3. nader behandel.

**Basisteoretiese afleidings:**

- Prediking is die verkondiging van 'n nuwe stand van sake op grond van die versoening van Christus.
- Die prediker is die verkondiger wat die nuwe stand van sake aankondig in opdrag van God.
- Prediking plaas die gemeente voor 'n appél, naamlik navolging van Christus.
- Vier gesindhede word aan die Woordbedieningsbegrip hierbo bespreek gekoppel, naamlik ἐν πίστει καὶ ἀληθείᾳ; ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ καὶ διδαχῇ
- In die prediking moet die prediker kleiner word sodat die waarheid van God se Woord aangekondig kan word.

**2.3.2.6.** Επιτιμαν

Die Woordbedieningsbegrip plaas die klem op die bestraffende en berispende element van die prediking (Guthrie, 1990:178). In die Pastorale Briewe word die begrip gebruik om die *broederlike bestraffing van 'n medegelowige aan te dui wat in sonde geval het* (Bromiley, 1985:249). Arndt & Gingrich (1979:303) beklemtoon op hulle beurt die feit dat die begrip die voorkoming van die verkeerde saak belig. Die bestraffing moet gepaard gaan met die besef van gemeenskaplike skuld voor God en plaasvind in die gees van onvoorwaardelike vergifnis (Venter, 1988:159). Die begrip dui op sterk afkeur wat uitgedruk word op grond van die verkeerde optrede (Louw & Nida I; 1989:436). Die begrip kan ook dui op 'n bevel wat gegee word (Louw & Nida I; 1989:426). Die gesag van die bestraffing is nie in die prediker geleë nie, maar in Jesus Christus (Venter, 1988:159).

In hierdie verband sien Dingemans (1991:62) die prediker se verantwoordelikheid as die begrypbaarmaking van die teks, terwyl die gemeente self moet gryp. Op dié wyse word die gemeente voor die keuse van geloof of ongeloof geplaas. Die bestraffing moet in lankmoedigheid en lering geskied met die gepaardgaande besef dat die hoorder êrens op

die weg van die leerproses van die Heilige Gees staan (Dingemans, 1991:63). Die ambivalente situasie van die hoorder moet begryp word. Voordat die prediker nog met die gemeente in aanraking gekom het, was God al betrokke met die gemeente. Coetzee (1984:22) toon die gevaar aan dat eensydige imperatiefprediking inhou dat bevele uitgedeel word. In die proses word liefhebbende kinders verander in swetende en swoegende slawe. Liefde word maklik in angs verander. Cilliers (1996:15) het op grond van sy ondersoek die gevaar van wettisisme aangetoon. Die tipe prediking impliseer dat die mens die potensiaal het om self iets te kan doen, terwyl God verdwyn uit dié tipe verkondiging.

Twee gesindhede word aan die Woordbedieningsbegrip gekoppel, naamlik ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ καὶ διδαχῃ. Die gesindhede is reeds genoem en word verder behandel in punt 2. 3. 3.

**Basisteoretiese afleidings:**

- Die begrip επιτιμαν dui op *die broederlike bestraffing* wat gepaard moet gaan met die besef van gemeenskaplike skuld voor God.
- Die gesindhede wat met die begrip gepaard gaan, is *in alle lankmoedigheid en lering* asook in die gesindheid *van bereidheid om te vergewe.*
- In II Timoteus 4:2 word 'n 'n entrale opdrag gevind, naamlik "*Verkondig die Woord*" (κηρυξόν). Vanuit die opdrag vloei al die ander opdragte voort. Een van die opdragte wat hieruit voortvloei, is dat Timoteus die prediker die gemeente moet bestraf, met ander woorde hy moet skerp en onbevrees wys op die verkeerdheid. Die Woordbedieningsbegrip spreek in die besonder die gevoel van die lidmaat aan. Hieruit blyk die veelkantigheid van die prediking, naamlik dat nie net die denke in die prediking aangespreek moet word nie, maar ook die gevoel. Prediking mag nie oor mense heen sweef nie, maar moet juis op alle moontlike maniere lidmate aanspreek. Die prediking moet van geduld en selfbeheersing getuig, terwyl mededeling van kennis op grond van God se Woord moet plaasvind.

#### 2.3.2.7. Λαλειν

Die woord is die mees alledaagse woord vir *praat* (Van der Walt, 1984:7). Die begrip word twee maal in die Pastorale Briewe aangetref, Titus 2:1 en 15. Benton (1997:75) sien die begrip as teenvoeter vir die optrede van die dwaalleraars. As teenmaaatreël geld die grondige onderrig in die gesonde leer. Die begrip hou selfs die moontlikheid in van 'n meer informele gesels (Louw & Nida I; 1989:397). Ridderbos (1967:269) sien die begrip as 'n *terminus technicus* vir die leerwerksaamheid wat met die gesonde leer moet ooreenstem. Daarom kan die begrip selfs die betekenis van onderrig hê. Titus se optrede moet in die gesonde leer gegrond wees. Die gesonde leer bring gesonde omgang met mense mee (Benton, 1997:76). Binne enige gemeente word 'n diversiteit aangetref (Dingemans, 1991:52 ). Die prediker staan voor 'n grootse verantwoordelikheid om so te preek dat elkeen in die gemeente ongeag die verskille in gesprek met God kan tree (Guthrie, 1990:209; Dingemans, 1991:52 en Vos, 1994:13). Die diversiteit van die gemeente moet 'n pluriformiteit in prediking te weegbring.

Die gesindhede wat aan die Woordbedieningsbegrip gekoppel word, is dié van in alle erns (μετὰ πάσης ἐπιταγῆς). In sy prediking moet Titus met alle nadruk optree.

**Basisteoretiese afleidings**

- Die Woordbedieningsbegrip het die gesonde leer asook die versoening tot inhoud. Daarom is die gesag van die verkondigingsbegrip gefundeer in die gesonde leer.
- Nieteenstaande die diversiteit binne die gemeente moet prediking in die gesindheid van alle erns geskied. Die eiesoortige van prediking lê nie in die eerste plek by die tegnieke van kommunikasie of retorika nie, maar in die inhoud van dit wat verkondig word, naamlik die gesonde leer. Prediking moet eg en eenvoudig wees soos wat die begrip λαλειν dui op die allergewoonste vorm van praat.

#### 2.3.2.8. Παιδευειν

In die wydste sin van die woord beteken die begrip om *op te voed* (Venter, 1988:160). Die begrip kan ook beteken om voorligting (instruksie) te verskaf met die doel om goeie gedrag of gewoontes te vestig (Louw & Nida I, 1989:414). Die Woordbedieningsbegrip

word een maal in die Pastorale Briewe aangetref, naamlik in II Timoteus 2:25. As verkondigingsbegrip word die begrip gerig teen weerspanniges met die doel om bekering te bewerkstellig (Venter, 1988:160 en Guthrie, 1990:166). Paulus waarsku die jong leraar dat daar sekere mense sal wees wat moeilik sal wees om te hanteer, naamlik die dwarstrekkers en diegene wat hulle verset teen sy vermanings. Deur onderrig moet Timoteus 'n heilsame invloed uitoefen (Fee, 1988:265). Guthrie (1978:154) sien in die begrip ook die gedagte dat Timoteus in sy onderrig 'n korreksie by die weerspanniges moet aanbring. Hieruit blyk dit dat 'n opvoedingsproses moet plaasvind.

Die opvoedingsproses van die weerspanniges moet *in sagmoedigheid geskied* (ἐν πραΰτητι). Bentley (1997:259) beskou die term as herinnering aan die optrede van Jesus Christus as Kneg. Indien die weerspanniges geantwoord word, moet dit nie uit die hoogte geskied nie en ook nie uit hardheid nie. Fee (1988:265) asook Bentley(1997:260) meen dat die bekering deur die sagmoedigheid van die prediker bevorder moet word. Die begrip dui op " gentleness of attitude and behaviour" (Louw & Nida I, 1989:749). Guthrie (1990:166) meen dat die sagmoedigheid van selfbeheersing moet getuig. Deur middel van sy preek moet die prediker toesien dat hy nie die rede kras voer en sodoende die werking van God in die weg staan nie. In die prediking moet die prediker besef dat bekering (μετανοια) die werk van God is. Geen prediker of mens kan die bekering namens iemand anders bewerkstellig nie. Zwanenburg (1971: 192) meen dat selfs weerspanniges deur sagmoedigheid opgevoed kan word.

**<u>Basisteoretiese afleidings</u>**

- Die Woordbedieningsbegrip het die betekenis van 'n heilsame invloed uitoefen deur middel van onderrig. Die inhoud van die begrip is die Woord van God
- Die opvoeding moet in die gesindheid van sagmoedigheid plaasvind. Sagmoedigheid dui op die gesindheid van vriendelikheid en nie kras optree nie. In 'n rusie met die weerspanniges kan die woordestryd dalk gewen, maar die lidmate verloor word. Die opvoeding in die gesindheid van sagmoedigheid dui daarom op die wyse of houding waarmee die weerspanniges gehanteer word. Die prediker se vriendelikheid moet in

die opvoedingsproses as voorbeeld dien. Die prediker moet ook in prediking weerstand kan verwag.

- Langs die weg van onderwysing moet die prediker lidmate in die prediking opvoed in die Woord.

**2.3.2.9.** Αναγνωσις

Die Woordbediengsbegrip word in die Pastorale Briewe saam met die begrippe παρακλησις -διδασκαλια gebruik (I Timoteus 4:13). Die begrip kom net een maal in die Pastorale Briewe voor (Venter, 1976:121). Die begrip beteken om te herken of te lees en selfs om in die openbaar voor te lees. Saam met die twee begrippe hierbo genoem was die begrip een van die drie vorme van Woordbediening in die vroeë kerk (Guthrie, 1990:109). Volgens Louw & Nida I (1989:397) dui die begrip op die lees wat met verbalisasie gepaard gaan. Timoteus word opgeroep om toe te sien dat daar voorgelees word, gepreek word asook onderrig word. Hierin moet Timoteus die leiding neem. Vir die verantwoordelikheid mag hy nie terugdeins nie, aangesien hy die genadegawe besit (Bentley, 1997:139).

**Basisteoretiese afleidings:**

- Die Woordbedieningsbegrip αναγνοσισις is een van die drie vorme van Woordverkondiging wat in die vroeë kerk bestaan het. Saam met die prediking en onderrig gaan die voorlees van die Woord. Die ander twee vorme, naamlik prediking en onderrig vloei immers voort vanuit die voorlees van die Woord. Prediking sowel as onderrig rus op die Woord van God. Die begrip benadruk dat dit wat die prediker preek, Skriftuurlik bewys moet word anders misbruik hy die kansel vir sy eie voordeel.
- Die prediker moet homself toelê op die voorlees uit die Woord. Die voorlesing verg besondere voorbereiding, omdat God op direkte wyse deur sy gesagvolle Woord spreek.

### 2.3.3. Basisteoretiese perspektiewe op gesindhede in direkte verbinding met prediking

In die Pastorale Briewe word veral ses gesindhede op direkte wyse aan die Woordbedieninsgbegrippe gekoppel, naamlik: μὴ ἐπιπλήξῃς (nie hard vermaan nie), ἐν πάσῃ ἁγνείᾳ (in alle eerbaarheid), ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ (in alle lankmoedigheid), ἐν πάσῃ διδαχῇ (in alle lering), μετὰ πάσης ἐπιταγῆς (met volle gesag), ἐν πίστει καὶ ἀληθείᾳ (in geloof en waarheid).

Die preekgesindhede wat verband hou met die Woordbedieningsbegrippe verdien verdere bespreking. Die gesindhede kan soos volg ingedeel word:

- Gesindhede wat verband hou met die erns waarin prediking moet geskied.
- Die gesindheid wat verband hou met die inhoud van die prediking.
- Die gesindhede wat verband hou met die wyse van prediking.

#### 2.3.3.1. Gesindhede wat verband hou met die erns waarin prediking moet geskied

Twee gesindhede in die Pastorale Briewe bied lig op die erns wat die prediker met die prediking moet maaknaamlik: μετὰ πάσης ἐπιταγῆςen ἐν πίστει καὶ ἀληθεία.

**μετὰ πάσης ἐπιταγῆς(met volle gesag)- Titus 2:15**

Die begrip *erns* (επιταγηs) benadruk die feit dat Titus ooreenkomstig sy opdrag moet vermaan. Die gesindheid wat hier uitgelig word, is die gesindheid dat Titus in die vermaning so moet optree dat niemand aan sy opdrag kan twyfel nie. Titus moet met ander woorde met groot nadruk optree (Benton, 1997:137). Guthrie (1978:202)benadruk die feit dat vermaning met gesag (outoriteit) moet geskied. Benton (1997:137) bied 'n motivering van die gesag of erns waarmee Paulus die Woord moet verkondig. Die inhoud van Titus se prediking moet wees die reddende genade van God en die nuwe lewe wat hieruit voortspruit.

Titus se prediking moet oortuigende prediking wees (Groenewald, 1977:181). Die opdrag tot prediking moet dus vergestalt word in prediking wat met oortuiging geskied. In die

verkondiging van die Woord moet Titus so optree dat niemand hom verag nie (Guthrie, 1990:214). In die uitvoering van sy opdragte moet Titus ingetoë wees, maar nie vreesagtig nie, met ander woorde hy moet met oortuiging optree. Die begrip επιταγης dui ook daarop om te beveel of selfs om instruksies te gee (Louw & Nida I, 1989: 426). Bogenoemde semantiese woordeboek plaas die begrip binne die semantiese veld van die kommunikasie. Hieruit word die afleiding gemaak dat die prediker in die prediking as kommunikasie bewus moet bly van die opdrag tot prediking. Die roepingsbewustheid tot prediking moet daartoe aanleiding gee dat die prediker met erns, dus met volle oortuiging die Woord moet verkondig. Prediking is die selfopenbaarmaking van die prediker (Cradock, 1985:3). In die prediking moet die prediker 'n voorbeeld wees van geloof, passie en gesag.

Volgens Guthrie (1990:214) word die begrip ἐπιταγῆςin die Pauliniese Briewe gebruik met die betekenis van 'n Goddelike opdrag. Die begrip dui aan dat die prediker 'n Goddelike opdrag het om die Woord te verkondig. Die prediker moet altyd besef dat die Woord krag het om mense te verander deur die inwerking van die Heilige Gees (Benton, 1997:136).

Barnard (1994:454) benadruk die feit dat alle prediking moet geskied in die krag van die Heilige Gees. Mense vra in die prediking na dit wat God sê en nie na dit wat die prediker sê nie (Venter, 1996:61 en Koornhof, 1993:61). Vanweë die gevaar dat predikers die preekstoel so vol kan staan dat lidmate God nie kan sien nie, pleit Van der Walt (1984:2) vir prediking wat God aan die woord laat kom. Valse prediking is 'n akute gevaar, naamlik prediking wat bereken word op eie voordeel en eie eer en wat nie waarlik bediening van God se Woord is nie.

Die begrip *met volle gesag* dui op 'n gesindheid waarin die prediker besef dat hy nie buite en bokant lidmate staan nie. Die gesindheid gee aanleiding tot 'n benadering of patroon van optrede in die prediking waardeur hy besef dat Hy in opdrag van God die Woord moet verkondig. Die prediker moet preek as iemand wat vol is van die saak en die Persoon oor wie hy preek (Barnard, 1994:53). Stott (1982:126) toon op grond daarvan aan dat geen

prediker in die prediking heeltemal vry is om te preek wat hy wil preek nie. Die prediker word gebind aan dit wat die Woord spreek. Die prediker moet daarom onder die heerskappy van die Woord kom om sodoende te besef waartoe hy geroep is, naamlik om God se Woord te verkondig.

Briscoe (1994:17) toon aan dat predikers dikwels 'n geestelike droogte in die prediking ervaar. Vanweë 'n onvergenoegdheid streef predikers na 'n verandering in metode of ander maniere van prediking. Briscoe(1994:21) toon verder aan dat die stand van sake dikwels die gevolg is daarvan dat die predikers op eie krag vertrou in plaas daarvan om te besef dat hulle deur die krag van die Heilige Gees besig is om die Woord te verkondig. Egte en deurleefde prediking vloei voort vanuit 'n diepgewortelde besef dat die gesag van die prediking geleë is in die krag van die Heilige Gees (Briscoe, 1994:24).

Volgens Douma & Van der Vegt( Sa:12) word die stem van Christus deur die prediking hoorbaar gemaak. Daarom moet die verbondenheid tussen Sender en prediker nooit opgehef word nie. Calvyn beskou predikers selfs as die organe van die Heilige Gees. In die prediking word onderskei tussen twee dimensies van prediking, naamlik:.

- Uiterlik verkondig die prediker as instrument die Woord,
- Christus is deur die inwerking van die Heilige Gees die Prediker.

Predikers moet waak teen die gevaar van persoonverheerliking (Douma& Van der Vegt, Sa:13). Paulus moedig Titus aan om met die volle gesag wat aan hom toevertrou is te vermaan en te bemoedig. Die gesindheid *met volle gesag* is presies die teenoorgestelde van selfverheffing waartydens lidmate uit die hoogte aangespreek word. Daarom moet die prediker in die prediking God se eer soek.

**Samevattende basisteoretiese perspektiewe oor die gesindheid met volle gesag**

Die volgende perspektiewe spruit voort vanuit bogenoemde:

- Die prediker ontvang die opdrag om die Woord met volle gesag te bedien.
  Die begrip *met volle gesag* is presies die teenoorgestelde van selfverheffing. Die prediker moet klein word agter die Woord wat hy verkondig. Die gesindheid μετὰ

πάσης ἐπιταγῆς gee uitdrukking aan die oortuigingskrag wat met die prediking gepaard gaan. Nieteenstaande omstandighede soos o. a. ouderdom moet die Goddelike opdrag (roepingsbewustheid) dien as motivering om die Woord met oortuiging (in alle erns) te verkondig.

- Die prediker moet dit wat hy preek Skriftuurlik begrond, anders misbruik hy die geleentheid van prediking.
- Ware gesag is die gesag van Christus wat reëel word in die beloftes en eise van die Woord.
- Prediking met gesag is prediking van die gesag van Christus en daarom prediking van die Woord alleen.

**ἐν πίστει καὶ ἀληθείᾳ- in geloof en waarheid (I Timoteus 2:7)**

In geloof en waarheid dui op die sfeer waarin prediking moet geskied. Jabusch (1995:9) toon aan dat die prediker homself moet vergewis van sy gesindheid ten opsigte van sy selfbeeld asook die inhoud van die prediking. Hiermee word die belangrike saak van selfvoeding in die geloof van die prediker aangeraak. Later sal die saak op breedvoeriger wyse bespreek word in die onderafdeling waar die band tussen die gesindheid van die prediker en sy spiritualiteit bespreek sal word. Venter(1976:89) het aangetoon dat die prediker nie net homself met die woorde van die gesonde leer moet voed nie, maar ook die gemeente deur middel van die prediking. Briscoe (1994:28) wys op sy beurt die gevaar uit dat predikers maklik in die slaggat trap om so te vertrou op hoe professioneel hulle die Woord verkondig dat die erns naderhand verdwyn. Natuurlik moet die prediker sy gawes aanwend tot eer en tot opbou van die gemeente, maar aan die ander kant mag prediking nooit stol in die aanleer van sekere tegnieke nie. Briscoe (1994:41) vestig daarom die aandag op gelowige predikers wat hou by die waarheid van die Woord.

Stott (1982:262) bespreek die gesindheid aan die hand van twee perspektiewe. Opregtheid dui volgens hom daarop dat die prediker ernstig moet wees en altyd die volgende moet onthou:

- Dit wat hy preek, moet die prediker bedoel en
- Dit wat gepreek word, moet hy self uitleef.

Vorster (1995:462) benadruk die postmodernistiese lewens- en wêreldbeskouing wat hoë vereistes aan die prediking stel. Teenoor die lewens- en wêreldbeskouing wat waarhede wil relativeer, wil die prediking juis vaste waarhede oordra. Predikers moet volgens bogenoemde outeur nie terugdeins daarvoor om die waarheid van die Woord in geloof oor te dra nie. Prediking wat volgens Vorster (1995:462) die relativisme akkommodeer is halfhartig en onbetroubaar. Die tipe prediking gee boonop aanleiding daartoe dat die prediking in 'n geloofwaardigheidskrisis beland. Richards & Hoeldtke (1980:120) benadruk die impak wat modellering op 'n gemeente het. Die gemeente hoor die verkondiging van die Woord, maar sien ook die uitwerking van die Woord in die prediker se lewe raak. Prediking in geloof en waarheid het te make met die geloof wat die prediker het in die waarheid van die Woord wat hy moet bring. Die gesindheid benadruk die diepe erns wat met die prediking gepaard moet gaan. Bingle (1987:4) het aangetoon dat prediking 'n taalbeweging is vanaf gewone taal na geloofstaal. In die proses dien die prediker as tolk. Daarom benadruk Bingle (1987:6) die noodsaaklikheid daarvan dat die prediker moet glo wat hy sê, want die gemeente voel aan of hy geloofwaardig is of nie. 'n Innerlike leegheid word maklik op die preekstoel deursien. Daarom is egte betrokkenheid en geloofwaardigheid iets natuurlik en nie demonstratief van aard nie. In die lig hiervan praat Bingle van 'n geheiligde individualiteit wat by die prediker moet bestaan (Bingle, 1987:6).

Bentley (1997:84) toon aan dat die woorde *in geloof en waarheid* dui op die gesindheid en integriteit waarmee Paulus sy opdrag uitgevoer het. Guthrie (1978:72) sien die gesindhede as die sfeer waarin die onderrig moet geskied. In geloof en waarheid besit 'n dubbele gerigtheid. Die gesindhede benadruk beide die gevoel van die διδασκαλοs asook die inhoud van die verkondiging (Guthrie; 1978:73).

Hieruit word afgelei dat die prediker in sy prediking deur geloof en waarheid gekenmerk moet word. Barnard (1994:52) benadruk op sy beurt die pastorale houding wat by die prediker moet posvat. Vanuit so 'n benadering ontstaan 'n gesindheid (houding) wat implikasies inhou vir die prediking. Geloofsinhoude kan moeilik oorgedra word sonder 'n goeie verhouding. Prediker en gemeente moet navolgers wees van Jesus Christus. Die gedagte moet volgens Barnard (1994:52) duidelik in die prediking oorkom. Die gesindheid

bring mee dat die prediker nie uit die hoogte met die gemeente praat nie, maar langs hulle staan, met ander woorde hy is saam met medegelowiges op weg. Sy roeping en taak onderskei hom wel van die gemeente, maar bo alles bly hy eers kind van God.

**Samevattende basisteoretiese perspektiewe op prediking in geloof en waarheid**

Prediking in geloof en waarheid dien as 'n opdrag aan predikers.

Hieronder word die volgende verstaan:

- Die prediker asook die prediking moet deur geloof en waarheid gekenmerk word.
- Die prediker is eers kind van God en dan bedienaar van die Woord.
- Die prediker moet geloof hê in die waarheid van die Woord wat hy verkondig. Vanweë die onthullende aard van die prediking kom die gesindheid van die prediker maklik na vore.
- Geloofwaardigheid is nie opgesluit in 'n aantal demonstratiewe tegnieke nie. Geloofwaardigheid kom natuurlik.

**2.3.3.2. Gesindheid wat verband hou met die inhoud van prediking**

Die gesindheid wat verband hou met die inhoud van die prediking is ἐν πάσῃ διδαχῃ (*in alle lering*). Die lering dui in die Pastorale Briewe op 'n gevestigde dogma of leer waarin 'n persoon gelei moet word (Brown, 1986:770). Guthrie (1990:178) is van mening dat die woord dui op die kennis en insig in God se Woord. Leer is 'n aanduiding van instruksie wat op formele wyse of selfs informele wyse kan geskied, met ander woorde onderrig (Louw & Nida I, 1989: 413). Louw & Nida I (1989:389) plaas die begrip διδαχη as 'n subdomein onder die begrip kommunikasie. Hieruit word afgelei dat die lering binne die kommunikatiewe verhouding tussen prediker en lidmaat voltrek word. Groenewald (1977:142) onderstreep die gedagte deur lering te bestempel as positiewe onderrig in die Woord van God.

Die gesindheid van lering word in II Timoteus 4:2 aangetref. Sagmoedigheid en lering hang in II Timoteus 4:2 nou saam en is bepalend vir mekaar (Bentley, 1997:285. Lering in lankmoedigheid beteken nie dat vrede gemaak word met die verkeerde standpunte nie. Choi (1994:81) het in sy studie op deeglike wyse aangetoon dat die prediker 'n

kommunikatiewe persoonlikheid moet hê. Die prediker as kommunikator moet daarom in die gesindheid van alle lering lidmate vermaan.

Volgens Bentley (1997:285) moet die prediker ingestel wees daarop om die gemeente op 'n versigtige wyse toe te rus. Predikers ervaar dikwels 'n misnoë rondom die sigbare uitwerking van die prediking. Een van die vernaamste oorsake hiervan is 'n gebrek aan noukeurige onderrig of opvoeding (Bentley, 1997:285). Vorster (1998:23) toon aan dat lerende prediking dien tot toerusting. Die toerusting of lering moet dien as motivering vir 'n vroom christelike lewe (Vorster, 1995:458). Daar is drie voorwaardes aan toerustende prediking verbonde (Vorster, 1998:23):

- Prediking moet Skrifprediking wees en daarom ook lerende prediking.
- Prediking moet 'n onderrigtende inslag hê. Die onderrigtende prediking strek wyer as die sogenaamde leerprediking. Prediking moet onderrig in alle opsigte wees. Prediking kan immers nie losgemaak word van sy leerstellige onderbou nie. Op die wyse moet lidmate toegerus word om vanaf Maandag tot Sondag vanuit die onderrig te leef. Vorster (1992:23) benadruk dit dat prediking niks anders as Skrifprediking kan wees nie. Prediking moet onderrig in alle opsigte wees (Stott, 1996:54 enVorster, 1992:23).
- Prediking moet lidmate op aktuele wyse betrek. Stott (1982:135) praat van prediking as brugbouende prediking dit wil sê dat lidmate deur die prediking wat die evangelie konkreet vertolk binne hulle lewensmilieu toegerus moet word om uit die geloof te lewe.

Cilliers (1996:21) wys die gevaar uit van prediking wat lidmate koud en verward laat. Indien die prediker as gevolg van die verkeerde gesindheid vanuit homself die gemeente probeer toerus, gee dit maklik aanleiding tot die gevaar wat Cilliers uitwys. Prediking as toerustende onderrig uit die Woord mag nie vervang word met eensydige prediking of die opwekking van emosie sonder die fondament van kennis en lering nie (Vorster, 1998:24).

Die prediker se vernaamste instrument in toerustende prediking is die Bybel self (Benton, 1997:63). Benton (1997:185) asook Kruger (1993:274) het die gevaar van selfgesentreerdheid aangetoon. Die selfgesentreerdheid bedreig nie net die gemeente nie,

maar ook predikers. Hierteenoor benadruk die gesindheid van prediking in alle lering 'n Godgesentreerde gesindheid waarin prediking vanuit die Woord geskied met die oog op toerusting van die gemeente.

Pieterse (1986:92) benadruk die prediking as 'n Woordgebeure met ander woorde deur die prediking geskied die Woord van God. Dit is daarom noodsaaklik dat die prediker moet weet wat die aard van die Woord is voordat hy kan preek. Bogenoemde skrywer is van mening dat kommunikasie met inhoud te make het. Daarom moet die prediker bedag wees op die inhoud van die prediking.

**Samevattende basisteoretiese perspektiewe op prediking in alle lering**

Lering word binne die kommunikatiewe verhouding tussen prediker en lidmaat voltrek. Hieruit blyk die volgende:

- Lerende prediking is toerustend van aard. Toerustende prediking moet lidmate motiveer tot 'n vroom christelike lewe.
- Die waarheid van die Bybel vorm die inhoud van toerustende prediking. Hiermee word die gevaar van selfgesentreerdheid by die prediker afgewys. In lerende prediking is die mens met sy konteks nie die uitgangspunt nie, maar wel die mikpunt.

**2.3.3.3. Gesindhede wat verband hou met die wyse van prediking**

In die Pastorale Briewe word die volgende gesindhede aangetref wat te make het met die wyse van prediking, naamlik: μὴ ἐπιπλήξῃς (*nie hard vermaan nie*), ἐν πάσῃ ἁγνείᾳ (*in alle eerbaarheid*), ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ (*in alle lankmoedigheid*). Die drie gesindhede benadruk drie perspektiewe in die wyse van prediking, naamlik onderskeidingsvermoë in die prediking, die waardigheid in prediking en die geduld waarin prediking moet geskied.

**I Timoteus 5:1 - μὴ ἐπιπλήξῃς - nie hard vermaan nie - Onderskeidingsvermoë**

Die begrip επιπλησσω beteken *om te vermaan of selfs om die strengste afkeur teenoor 'n bepaalde saak te kenne te gee* (Louw & Nida I, 1989:436). Volgens Guthrie (1978:100) kan die begrip selfs op ruwe behandeling dui. Opmerklik is die konteks waarin

die begrip gebruik word. In die bediening van die Woord moet Timoteus 'n oog hê vir die natuurlike onderskeidinge in die onderskeie leeftydsgroepe. n Ouer man moenie op 'n ruwe wyse en uit die hoogte aangespreek word nie (Fee, 1988:103). Hieruit blyk dat die prediker in die bediening van die Woord 'n oog moet hê vir natuurlike onderskeidings. Indien ouer persone vermaning of teregwysing nodig het, moet dit in die regte gesindheid geskied. Guthrie (1990:119) beklemtoon die feit dat Timoteus nie uit eerbied vir die ouderdom die vermaning agterweë mag laat bly nie. In 'n verhouding van seun tot vader moet die vermaning geskied. Smelik (1973:70) beskou die vermaning van ouer mense as 'n saak van piëteit.

Die onderskeidingsvermoë wat die prediker aan die dag moet lê, verkry in resente homiletiese navorsing besondere aandag.
Jonker (S. a:195) wys op die diversiteit van lidmate. Dingemans (1991:52) benadruk die verskille tussen lidmate in hulle godsdiensbelewing bo en behalwe die natuurlike verskille wat eie aan die bestaan van die mens is. Dit is daarom 'n byna onmoontlike saak om so te preek dat alle mense op eenkeer geraak word. Daarom stel Dingemans (1991:52) voor dat predikers moet let op pluriformiteit in die prediking. Hoorders kom met sekere verwagtinge na die erediens. Mense is besig met die kleed van singewing van hulle bestaan. Talle persone oefen 'n invloed uit in die weef van die kleed soos o. a. ouers, vriende en predikante. Mense ontwikkel mettertyd 'n filter waardeur inligting gefiltreer word en die nie toepaslike inligting eenkant geplaas word. Lidmate luister op die wyse na preke. Die gegewens wat hulle raak, neem hulle saam, terwyl die ander inligting vergeet word (Pieterse, 1986:113 en Dingemans, 1991:53).

Buttrick (1987:252) beskou prediking as iets wat tussen twee wêrelde staan. Op die kruispad kry predikers te make met mense wat met hulle lewenservaringe na die erediens kom. Lidmate en predikers kom met hulle gesindhede na die erediens. Vorster (1995:460) meen dat die verskillende begrippe vir prediking op die veelkantigheid van preke dui. Elke preek bevat elemente van die Woordbedieningsbegrippe. Die verskillende Woordbedieningsbegrippe benadruk in die Pastorale Briewe ook die gesindhede wat hiermee gepaard gaan. Die gesindheid "nie hard vermaan nie" getuig van pastorale

omgang met die gemeente. Nel (1994:155) bepleit om die rede die noodsaak van 'n gemeente-analise. Sodanige analise help nie net om spesifiek te wees in die behoeftes en probleme van die gemeente nie, maar stel die prediker ook in staat om rekenskap te gee van die eiesoortigheid van die gemeente.

Predikers moet rekening hou met die natuurlike onderskeidings soos gesien in die onderskeie leeftydsgroepe (Fee, 1988:105). Ouer mense moet op 'n ander wyse vermaan word as jonger mense. Dit verg die gesindheid van piëteit by die prediker. Die agtergronde en verwagtinge van die verskillende leeftydsgroepe is tydens die erediens verskillend (Dingemans, 1991:58 en Cradock, 1985:91). Bogenoemde skrywer benadruk in sy tipologie van die hoorders die volgende sake:

- Predikers moet let op die ambivalente situasie van hoorders.
- Mense is op weg in 'n proses. Elke hoorder staan êrens op die weg wat die Heilige Gees met hulle bewandel.
- Mense van verskillende leeftydsgroepe het volgens die teorie van Maslow verskillende behoeftes. Indien die behoeftes nie bevredig word nie, skep dit frustrasie. Mense het hiervolgens die drang om hulle self te verwesenlik.
- Prediking moet daarom die hoorders help om self in gesprek met God te kom. Die prediker moet lidmate van alle ouderdomsgroepe hiertoe in staat stel.

Die gesindheid wat dus in die begrip na vore gebring word, is die van omgang met die gemeente op pastorale wyse (Barnard, 1994:33). Pastorale prediking word selfs terapeutiese of persoongerigte prediking genoem. In die skripsie word voorkeur verleen aan die begrip pastorale prediking vanweë die leemtes in die begrippe terapeutiese prediking en persoongerigte prediking. Die leemte in die begrippe kom daarop neer dat die mens maklik as uitgangspunt geneem kan word in die prediking. Pastorale prediking behels dat die prediker in 'n verhouding met die lidmaat moet staan. Vorster (1995:461) het aangetoon dat die mens nie die uitgangspunt in die prediking mag wees nie, maar wel die mikpunt. Op die wyse kan brugbouprediking of loodregte prediking volgens bogenoemde skrywer geskied. Prediking moet daarom in 'n persoonlike, individuele en versorgende klimaat geskied (Barnard, 1994:33).

**Samevattende basisteoretiese perspektiewe op vermanende prediking wat nie te hard geskied nie**

Bogenoemde gesindheid vereis onderskeidingsvermoë van die prediker. Die prediker moet let op die volgende:

- Binne elke gemeente bestaan 'n diversiteit van mense met verskillende agtergronde, ouderdomme en behoeftes. Die prediker moet lidmate van verskillende ouderdomsgroepe in die regte gesindheid vermaan. Ouer lidmate moet nie te hard met ander woorde in arrogansie vermaan word nie, terwyl jonger lidmate soos broers en susters vermaan moet word.
- Die gesindheid wat in die begrip "nie hard vermaan nie" beklemtoon word, is die van pastorale omgang met die gemeente. Pastorale prediking veronderstel 'n verhouding tussen prediker en gemeente. Een van die kenmerke van pastorale prediking word in die gesindheid hierbo saamgevat, naamlik prediking wat in 'n milieu van persoonlike en individuele aandag geskied.
- Die gesindheid "nie te hard nie" neem niks weg van die erns van vermaning nie, maar wys wel op die regte wyse waarop vermaning moet geskied.

**I Timoteus 5:2 - ἐν πάσῃ ἁγνείᾳ in alle eerbaarheid**

Die begrip dui daarop *om sonder morele gebreke te wees of om rein te wees* (Louw & Nida I, 1989:746). Bentley (1997:284) lig die gedagte uit dat die begrip αγνεια waarsku teen die gevaar van verkeerde gedagtes asook gevolgtrekkings. Die gedragsreël wat Paulus aan die jongman Timoteus deurgee, geld vir die verhouding teenoor 'n bejaarde man, bejaarde vroue asook jonger vroue. Die vermaning moet geskied in 'n gesindheid van reinheid. Die prediker moet in die prediking waak teen onsuiwere bedoelings en gedagtes. Guthrie (1990:178)' meen dat die begrip *reinheid* daarop dui dat die hantering van alle mense moet geskied met 'n rein hart en 'n skoon gewete. Ouer vroue moet soos moeders aangespreek word, terwyl jonger vroue soos susters vermaan moet word in reinheid (Hendriksen; 1983: 166). Zwanenburg (1971:100) benadruk die gedagte dat die gesindheid "*in alle reinheid*" dui op 'n kuise waardigheid. Die prediker moet persoonlik en in die prediking op 'n kuise en waardige manier met jonger vroue kan omgaan.

Cook (1983:47) benadruk die feit dat die prediker op verskillende wyses met verskillende mense binne die gemeente moet omgaan. Kim (1997:112) het in sy navorsing aangetoon dat die prediker in verskillende verhoudings staan. Die wyse waarop die prediker in die prediking met die lidmate omgaan, speel 'n prominente rol in die bediening van die predikant. Predikers moet volgens Guthrie (1990:179) teen onsuiwer bedoelings in die prediking waak. Stott (1982:320) waarsku teen die gevaar dat predikers maklik te uitgesproke kan word en daarmee 'n hindernis in die weg van prediking kan wees. Daarom moet predikers nederig bly in die prediking. Die nederigheid en eerbaarheid in die prediking word verkry deurdat die prediker homself voortdurend vergewis van waaroor dit in die prediking gaan. Sodoende word selfsugtige motiewe gestuit.

Louw (1993:178) toon in aansluiting by bogenoemde bespreking sekere kenmerke van psigiese onvolwassenheid aan. Een van die kenmerke wat hy in sy navorsing aantoon, is die van selfsug met 'n oordrewe selfgeldingsdrang. Die neerslag hiervan is 'n verterende jaloesie wat oorslaan in aggressie en vyandskap. De Klerk (1975:104) het aangetoon dat predikers neig om hulle aggressie en vertwyfelinge in die prediking oor te dra. Die rede hiervoor is dat predikers op grond van 'n aanvoeling van aggressie van die kant van die gemeente reageer. Op die wyse reageer die prediker deur middel van 'n woedebui op die gemeente in plaas daarvan dat hy deur oorredende of toerustende prediking die gemeente saamneem.

Barnard (1994:17) lig 'n aantal probleme op die terrein uit:

- Predikers wat met 'n hoogmoedige gesindheid lidmate uit die hoogte aanspreek.
- Predikers wat op grond van kleinserigheid ten opsigte van kritiek lidmate in die prediking wil bykom.
- Predikers wat altyd ten alle koste net reg wil wees en sy siening ten alle koste wil deurvoer.

Bogenoemde dui op die erns van die gesindheid "in alle eerbaarheid". Die gesindheid benadruk die erns van voortdurende selfondersoek na die motiewe in die prediking.

Prediking wat met bybedoelings geskied en voortspruit vanuit onsuiwer bedoelings staan in die weg van ware prediking.

**Samevattende basisteoretiese perspektiewe op prediking in alle eerbaarheid**

Prediking moet in alle eerbaarheid geskied. Hieronder word die volgende verstaan:

- Predikers moet in die voorbereiding asook lewering van preke waak teen verkeerde gedagtes en gevolgtrekkings. Predikers loop die gevaar om hulle eie gevoelens deur die prediking te projekteer deur middel van woedebuie en 'n hoogmoedige aanslag tot die prediking.
- Prediking in alle nederigheid is prediking wat in 'n kuise waardigheid teenoor alle mense geskied, terwyl die wese van ware prediking in gedagte gehou word.

**II Timoteus 4:2 - ἐν πάσῃ μακροθυμίᾳ- in alle lankmoedigheid**

Die begrip μακροθυμία beteken *om lank uit te hou voordat byvoorbeeld aan woede toegegee word* (Douglas, 1986:883). Hendriksen (1978:311) sluit hierby aan met sy stelling dat die begrip lankmoedigheid dui op die traagheid ten opsigte van woede asook om geduld te hê met iemand se foute. Die begrip vorm een van die subdomeine van gesindhede (Louw & Nida I, 1989:289) en dui op 'n staat van emosionele kalmte selfs te midde van provokasie en irritasie (Louw & Nida I, 1989:307). Fee (1988:285) stem hiermee saam en meen dat die begrip dui op die geduld en selfbeheersing van die prediker.

Vanuit die bespreking van bogenoemde skrywers blyk dit dat die term ἐν πάσῃ μακροθυμία (in alle lankmoedigheid) dui op 'n dinamiese en aktiewe daad eerder as 'n blote passiewe daad van geduldig wees. In II Timoteus 3:10 hou Paulus selfs sy eie lankmoedigheid onder alle omstandighede voor aan die jong leraar Timoteus as voorbeeld. Bentley (1997:285) benadruk die gedagte dat geduld nie daarop dui om die swakheid en sonde oor die hoof te sien nie.

In alle lankmoedigheid dui dus direk op die wyse waarop gepreek moet word (Guthrie, 1978:166). Die prediker moet geduld in die prediking beoefen (Douglas, 1986:883). Die prediker moet geduld met sy eie asook ander persone se swakhede hê

(Hendriksen, 1978:311). Lankmoedigheid dui op 'n aktiewe deug wat predikers moet beoefen omdat dit op die Woord berus. In die opsig moet die band met die begrip διδαχῆ (lering) in berekening gebring word. Volgens Groenewald (1977:142) is die een sonder die ander onvolledig. Vorster (1995:558) toon aan dat die begrip *lering* dui op wat God wil en daarom gehoorsaamheid eis. Juis omdat dit gaan om God se wil, moet die prediker geduld beoefen in die bring van God se Woord. Egte Skrifprediking is vertolkingsprediking en het nie primêr met die prediker se eie gedagtes te make nie. Egte Skrifprediking is aan 'n teks gebonde en daarom is vertolking noodsaaklik.

Op grond van 'n toenemende gevoel van frustrasie en onbehae ontwikkel predikers maklik 'n negatiewe gesindheid (Louw, 1987:57). Dikwels lê 'n oordrewe vorm van entoesiasme aan die wortel van die toedrag van sake. Louw (1987:57) sien al die sake as simptome van uitbranding wat uitloop op 'n fase van apatie of onverskilligheid. Predikers ervaar dikwels die teleurstelling dat hoe harder hulle werk aan die prediking, hoe minder kry hulle menslik gesproke uitgerig. Dit lei daartoe dat predikers 'n bedieningskrisis ervaar.

Briscoe (1994:59) meen dat die prediker druk van verskillende kante ervaar. Dit gee aanleiding daartoe dat die prediker onmiddellike vrug op die prediking wil sien. Volgens Briscoe (1994:66) moet die prediker altyd in die regte gesindheid na die druk kyk. Die regte gesindheid stel die prediker in staat om die regte perspektief te behou. Geduld is die emosionele kalmte waarin die Woord bedien word. Die regte perspektief is dus dat die prediker bedienaar van die Woord is. Die Woord moet hy tydig en ontydig bedien. Predikers moet daarmee rekening hou dat hulle die Woord bring tot mense wat reeds lank voordat hy met hulle in aanraking gekom, het onder die leiding van die Heilige Gees staan. Hoorders het met ander woorde elkeen 'n eie geskiedenis met God (Dingemans, 1991:49). Daarom moet die prediker lidmate help om in gesprek met God te kom (Dingemans, 1991:50). Die Heilige Gees is bo alles die Inspirator, Orator en Kommunikator.
Die prediking van die Heilige Gees word verklank in die stem van die prediker (Bingle, 1987:8). Daarom vereis prediking geduld van die prediker.

**Samevattende basisteoretiese perspektiewe op prediking in alle geduld**

Geduld dui op die emosionele kalmte waarin die prediker die Woord moet bedien. Hieruit blyk die volgende:

- Egte prediking is Skrifprediking wat aan 'n teks verbonde is. Die prediker het die taak om te vertolk en nie om sy eie sieninge te verkondig nie. Die eintlik prediker is die Heilige Gees en daarom mag die prediker nooit in die weg hiervan staan nie.
- Die prediker moet in geduld rekening hou daarmee dat die Heilige Gees ook in lidmate se lewens besig is met sy werking. Die prediker is geroep as bedienaar van die Woord en hierby moet hy homself hou.

### 2.3.3.4. Samevatting van gegewens oor gesindheid

In bogenoemde onderdeel van die navorsing wat handel oor die gesindheid in direkte verbinding met prediking is die volgende gegewens ontgin:

- Prediking is die brugbou tussen die Bybel en die moderne wêreld waardeur God Drie-enig deur sy geroepe dienskneg tot die gemeente spreek. Nege Woordbedienings-begrippe word in die Pastorale Briewe gebruik. Die verskillende begrippe vir prediking dui op die veelkantigheid van 'n preek.
- Ses gesindhede word direk aan prediking verbind, naamlik *nie hard vermaan nie, in alle reinheid, in alle lankmoedigheid, in alle lering, met alle gesag, in geloof en waarheid.* Die prediker ontvang die opdrag tot prediking van God en daarom noodsaak die opdrag hom om die Woord in die regte gesindheid te beoefen.
- Die prediker moet erns maak met die regte gesindheid waarin die Woord verkondig moet word. Deur die werking van die Heilige Gees moet die prediker buig voor die eis van God se Woord.

## 2.4. Gesindheid in direkte verbinding met die prediker

In die vorige paragraaf is aangetoon dat sekere gesindhede met die Woordbedieningsbe-grippe in die Pastorale Briewe gepaard gaan. In die bespreking het verder geblyk dat prediking en prediker interafhanklike begrippe is. Die persoon van die prediker wat as instrument in die prediking dien, verdien verdere aandag. In die paragraaf sal aandag aan die volgende sake verleen word:

1. Definisie van die prediker.
2. Gesindheid soos verbind met sekere metafore in die Pastorale Briewe.

### 2.4.1. Definisie van die prediker

Kim (1997:38) het aangetoon dat veral vier begrippe in die Pastorale Briewe gebruik word vir die prediker. Die begrippe word in I Timoteus 2:7, II Timoteus 1:11, en II Timoteus 4:5 aangetref. Die begrippe is soos volg:

1. Κηρυξ
2. Αποστολος
3. Διδασκαλος
4. Ευαγγελιστης

#### 2.4.1.1. Eksegetiese perspektiewe oor die begrip κηρυξ

Die begrip κηρυξ word drie maal in die Nuwe Testament aangetref (Bromiley, 1985:431). Tot op hede is daar nog nie 'n bevredigende antwoord verskaf op die vraag waarom die werkwoord κηρυσσω so dikwels gebruik word (63 keer) en die selfstandige naamwoord slegs drie maal en dan in die jongere geskrifte, naamlik Timoteus en II Petrus. Die begrip kom in die Pastorale Briewe twee maal voor, naamlik I Timoteus 2:7 en II Timoteus 1:11. Alhoewel die begrip slegs drie maal in die Nuwe Testament voorkom, kan die κηρυγμα nie geskei word van die persoon wat dit bring nie (Firet, 1968:45). Vanuit die bespreking wil dit lyk asof die daad van Woordverkondiging voorop staan en nie in die eerste plek die waardigheid van die κηρυξ nie. Volgens De Klerk (1976:10) is die prediker die herout wat die nuwe stand van sake hier en nou moet aankondig. Die aankondiging van die nuwe stand van sake hou twee elemente in, naamlik:

- die verkondiging van die versoening in Christus;
- die oproep tot navolging van Christus.

'n Κηρυξ dui op die persoon wat in opdrag van sy koning met 'n duidelike stem die nuus bekend maak (Brown, 1986:48 ). Guthrie (1990:73) benadruk op sy beurt die gedagte dat die begrip vir prediker daarop dui dat die prediker 'n herout of aankondiger (voorloper) is. Hierin word hy deur Stott (1983:135) ondersteun wat die gedagte onderstreep dat die

prediker in opdrag van God die nuwe stand van sake aankondig. Die taak kan die prediker onbevrees uitvoer, omdat hy in opdrag van God optree.

**Basisteoretiese afleidings**

- Die prediker as κηρυξ is die aankondiger (herout) van die nuwe stand van sake wat in Christus bewerk is. 'n Κηρυξ (prediker) is 'n gestuurde (αποστελλειν) wat in opdrag van God optree
- Die prediker moet met die prediking die hoorders voor 'n voldonge feit plaas, naamlik geloof of ongeloof. Die taak van die prediker is om God se Woord te verkondig, dus om God aan die Woord te laat kom.

**2.4.1.2. Αποστολοs**

Die begrip word twee maal in die Pastorale Briewe aangetref, naamlik in I Timoteus 2:7 asook II Timoteus 1:11 (Kim, 1997:40). Volgens Ridderbos (1967:77) spreek die begrip apostel van" Het geautoriseerd zijn van Godswege, het spreken in de naam en de volmacht van degene, die tot deze heeft uitgezonden. " Die begrip αποστολοs dui op 'n persoon wat 'n spesiale taak of rol het om te vervul (Louw & Nida I;1989:542). Die begrip kan volgens bogenoemde in tweërlei sin gebruik word, naamlik:

- 'n beperkte sin waar die begrip dui op die onmiddellike volgelinge van Jesus;
- 'n uitgebreide sin met verwysing na die gelowiges wat betrokke was in die verkondiging van die Woord soos o. a. Paulus.

Die begrip beklemtoon die gedagte van 'n spesiale taak of opdrag wat deur Christus opgedra word aan 'n persoon (Louw & Nida I, 1989:542). Kim (1998:167) meen dat die begrip dui op die feit dat Paulus 'n gevolmagtigde van Christus is. Volgens Bromiley (1985:70) beklemtoon die begrip in die Nuwe Testament die feit dat 'n persoon gestuur word met gesag. Op grond van dié feit meen Bromiley (1985:70) dat die begrip dui op die draers van die Nuwe Testamentiese boodskap.

**Basisteoretiese afleidings**

- Die begrip αποστολος dui op 'n persoon wat 'n spesiale opdrag het om te vervul. 'n Apostel is in opdrag van Christus uitgestuur om die Woord te verkondig.
- n Apostel is 'n gevolmagtigde van Christus.

### 2.4.1.3. Διδασκαλος

Buite die Pastorale Briewe word die begrip vir Jesus as Leraar gebruik (Venter, 1988:157). Binne die Pastorale Briewe word die begrippe κηρυξ en διδασκαλος saam gebruik (I Timoteus 2:7 en II Timoteus 1:11). Volgens Venter (1988:157) is die doel hiervan om 'n hoë sendingsbewussyn asook bereidheid tot diens aan te dui. 'n Διδασκαλος is 'n onderwyser of instrukteur wat ander in die Woord van God onderrig (Louw & Nida I, 1989:416 en Kim, 1997:41)

**Basisteoretiese afleidings**

- Die prediker moet in staat wees om ander te onderrig in die Woord van God.
- Die gesindheid waarin die onderrig moet plaasvind, is in geloof en waarheid.

Die prediker wat nie self uit die Woord leef en die Woord lerend kan hanteer nie, kan nie die gemeente bedien nie

### 2.4.1.4. Ευανγγελιστης

In II Timoteus 4:5 word die begrip gebruik om klem te lê op die algemene betekenis van Timoteus se dienswerk (Guthrie, 1990:180). Daarom moet die begrip nie as 'n bepaalde diens beskou word nie. Die term is destyds gebruik as aanduiding van persone wat hulself diensbaar gestel het om die evangelie te verkondig (Guthrie, 1978:168). Die begrip kom slegs drie maal in die Nuwe Testament voor (Bromiley; 1985:272). Louw & Nida I (1989:541) plaas die begrip binne die semantiese veld van rolle en funksies wat deur 'n persoon vervul word soos o. a. presbiters, profete, herders ens. Die begrip ευανγγελιστης dui op die persoon wat die evangelie, met ander woorde goeie nuus aankondig (Louw & Nida I, 1989: 542). Vanuit die beredenering hierbo blyk dit dat die begrip meer op die funksie as die amp van 'n persoon dui. Volgens Pop (1964:166) blyk

dit dat die Nuwe Testament, nieteenstaande die feit dat die begrip so min gebruik word, die figuur van die vreugdesboodskapper-(מְבַשֵּׂר) van Deutero-Jesaja geken het. Die vreugdeboodskapper het in die Ou Testament die funksie gehad om die goeie tyding aan te kondig.

**<u>Basisteoretiese afleidings</u>**

- 'n Ευαγγελιστης dui op die persoon wat die goeie boodskap bring. Die begrip evangelis dien ook as aanduiding van die middel waardeur evangelisasie gedoen word, naamlik deur predikers.
- Die prediking van die evangelie gaan met krag gepaard wat slegs die Heilige Gees kan skenk.
- Die gesindheid waarin die goeie boodskap van verlossing gebring word, speel 'n groot rol in die prediking. Die prediker moet vanuit die besef van God se genade die blye boodskap aan die hoorder bring.
- In II Timoteus 4:5 blyk dit dat die prediker as brenger van die goeie boodskap bereid moet wees om selfs lyding ter wille van die prediking te verduur.

**2.4.1.5. <u>Basisteoretiese konklusie</u>**

Bogenoemde begrippe dui in die Pastorale Briewe op die funksie wat die prediker moet verrig. Die volgende konklusie op grond van die begrippe κηρυξ, αποστολος, διδασκαλος en ευαγγελιστης word gemaak:

- Die prediker is 'n geroepene van God.
- Die prediker ontvang sy boodskap van God. Die prediker het geen boodskap van sy eie nie. Dit wat aan hom oorgelewer word, moet die prediker verkondig. Die prediker moet klein word agter die boodskap en nie sy sy siening bokant die boodskap verhef nie.
- Die prediker is iemand wat deur God gestuur is. Die prediker moet daarom die Woord van God bedien in die gesindheid van 'n gestuurde.

### 2.4.2. Gesindheid verbind met sekere metafore in die Pastorale Briewe

Volgens De Klerk (1976:12) figureer veral vier metafore in die Pastorale Briewe wat die gesindheid van die prediker belig. Kragtige terme word gebruik om die gesindhede wat die prediker moet besit, aan te dui. Die begrippe is:

1. Οικονομος ( Titus 1:7)
2. Στρατιωτης (II Timoteus 2:3)
3. ἀθλῇ (II Timoteus 2:5)
4. γεωργὸν (II Timoteus 2:6)

#### 2.4.2.1. Οικονομος

Aan Titus word opgedra om ouderlinge aan te stel. Benton (1997:44) is van mening dat alhoewel Titus 1:7 handel oor die diens van ouderling die saak waaroor dit gaan ook betrekking het op die verkondiger van die Woord. Hy waarsku teen die skeiding van sekere funksies en begrippe binne die Pastorale Briewe. Guthrie (1978:185) meen dat die begrip επισκοπον en daarmee saam οικονομος dui op enigeen wat 'n verantwoordelike rol in die kerk het om te vervul. In hierdie bespreking word by bogenoemde skrywers aangesluit, naamlik dat die vereiste wat hier gestel word ook vir die herder en leraar geld. 'n Οικονομος is die verantwoordelike bestuurder oor die huishoudelike sake waaroor hy aangestel is (De Klerk, 1976:12). Die taak van rentmeester of opsiener bring groot verantwoordelikheid mee. Die gemeente word voorgestel as die huisgesin van God. Hierin moet rentmeesters beheer uitoefen en toesien dat alles ordelik geskied (Benton, 1997:44).

Die begrip dui op die persoon wat in beheer is van 'n huishouding amper soos 'n bestuurder (Louw & Nida I, 1989:521). Die bedienaar van die Woord is as οικονομος in diens van God en juis dié wete vereis 'n gesindheid van verantwoordelikheid (De Klerk, 1976:13).

Die diens van bestuurder vereis voorts 'n gesindheid van onberispelikheid. Die begrip ἀνέγκλητος dui op 'n persoon wat nie van iets verkeerds beskuldig kan word nie (Louw & Nida I, 1989:438). Die gedagte is sekerlik nie dat van die opsiener verwag word om

sonder sonde te wees nie. Die gedagte is wel dat die prediker as bestuurder nie onder verdenking van 'n slegte karakter moet staan nie. Die prediker moet iemand wees met 'n goeie naam na binne en na buite op grond van sy lewenswandel. Venter (1988:150) bied 'n duidelike perspektief hierop deur te wys daarop dat die prediker 'n voorbeeld moet wees in gedrag, met ander woorde hy moet toon dat hy vanuit die Woord leef. Verder moet die prediker in sy lewenswandel 'n gesindheid openbaar waarin hy homself in diensbaarheid offer aan die gemeente deur onberispelik te wees. In die wyse waarop die prediker die Woord sny (bedien) asook in sy lewenswandel moet sy gesindheid tot voorbeeld van almal strek (Venter, 1988:150).

**Basisteoretiese afleidings**

- Die begrip οικονομος dui op die verantwoordelike rol van die prediker, naamlik om in die gesindheid van 'n rentmeester te werk. 'n Rentmeester word in opdrag van God oor sy huisgesin aangestel.
- Die begrip οικονομος word ook gekoppel aan die gesindheid ἀνέγκλητος. Die gesindheid dui daarop dat die prediker in sy voorbeeld wat hy met Woordverkondiging asook sy lewenswandel stel, nie vatbaar moet wees vir enige aanklag nie. Die prediker moenie onder die verdenking van 'n slegte karakter staan nie. Na binne sowel as na buite moet die prediker as voorbeeld dien.
- Die gesindheid waarin die prediker as rentmeester moet optree, word verwoord in 'n aantal vereistes wat veral rondom vier sake sentreer, naamlik die vereistes rondom pastorale optrede, vereistes rondom sy persoon, vereistes rondom die karakter van die prediker, asook sy optrede teenoor ander mense. In ander woorde uitgedruk, sou gesê kon word dat die vereistes te make het met 'n nadere omskrywing van onberispelikheid. Die gesindheid word op positiewe sowel as negatiewe wyse uitgelig.
- Die gesindhede beïnvloed die prediker op die volgende wyse:
    * Die prediker moet beheersd wees in sy lewensvoorbeeld sowel as prediking.
    * Die prediker moet vashou aan die Woord van God sowel in sy eie lewe as in die prediking.
    * Die prediker moet opbouend preek. Die prediker moet deur die prediking lidmate saamneem en hulle aanmoedigend op die weg van die geloof begelei.

* Die prediker moet weerleggend preek. Op die wyse moet prediking 'n duidelike beginselraamwerk vir die lewe van die gelowige stel waarin hulle leer om prinsipieel te lewe.
* Die prediker se optrede op die preekstoel sowel as in sy omgang met mense moet getuig van 'n deurleefde verhouding met God.

**2.4.2.2. <u>Die begrippe Στρατιωτης - ἀθλῆ - τον΄ κοπιωντα γεωργὸν</u>**

Die begrippe dui op *die geloofsvolharding* van die prediker (De Klerk, 1976:13). In II Timoteus 2:3-6 is melding van 'n soldaat, 'n atleet en 'n landbouer. Paulus maan Timoteus dat hy nie in die prediking rosegeur en maneskyn moet verwag nie (Bentley, 1997:267). Prediking gaan dikwels met verdrukking gepaard. Soos 'n goeie soldaat moet Timoteus bereid wees om verdrukking te ly. As goeie soldaat moet hy vaardig wees om die wapen van God se Woord te kan hanteer. 'n Soldaat moet hom toelê op getrouheid aan die eise wat aan hom gestel word (Guthrie, 1990:153). Die begrip dui ook daarop dat die prediker as soldaat tot beskikking van God moet wees.
Die beeld van 'n atleet dui daarop dat die prediker moet hou by die vereistes wat vir die bediening gestel word (Fee, 1988:242). Bentley (1997:231) meen dat die prediker as atleet hom moet hou by wat God beveel het en nie die opdrag in eiewilligheid moet vervul nie. Dit kan maklik gebeur dat die prediker eie gerief voorop stel. Dissipline soos die van 'n atleet asook inspanning is nodig vir die prediking (Guthrie, 1990:153).

Die derde beeld, naamlik die van die boer wat hard werk met die oog op die oes, dui op die feit dat hard gewerk moet word alvorens geoes kan word (Bentley, 1997:233). Dieselfde woord wat vir inspanning in die diens van die evangelie gebruik word, naamlik κοπιαν word gebruik (I Timoteus 4:10).

Bogenoemde drie beelde lig bepaalde fasette van die gesindheid van prediking uit, naamlik:

- Die beeld van die soldaat benadruk die vereistes vir prediking naamlik:
    * Die bereidheid om ter wille van die verkondiging van die Woord swaar te kry.

* Getrouheid aan die roeping waartoe hy geroep is.
* Die vaardigheid (kompetensie) om die wapen van God se Woord te kan hanteer.

- Die beeld van die atleet dui op die reëls wat in ag geneem moet word met die uitsig op die oorwinnaarskroon.
- Die derde beeld benadruk die gesindheid van harde arbeid verbonde aan die prediking. Die harde arbeid gaan immers die loon vooraf.

**Basisteoretiese afleidings**

Die volgende basisteoretiese afleidings kan oor bogenoemde begrippe gemaak word:

- Vier metafore in die Pastorale Briewe omlyn die gesindheid van die prediker, naamlik οικονομος, στρατιώτης, ἀθλῇ, τον γεωργὸν.
- Die ampsdraer is 'n nietige bedienaar van 'n verantwoordelike diens. Daarom moet die ampsdraers aan besondere eise voldoen. Vanuit die bogenoemde vier begrippe blyk die volgende vir die gesindheid van die ampsdraer:
- Die prediker is 'n leerouderling met die besondere opdrag om die Woord te verkondig.
- Drie gesindhede word in die vier begrippe verduidelik, naamlik die van onberispelik wees (ἀνέγκλητον); die van in selfverloëning, dus voluit beskikbaar wees om die Woord te bly verkondig en bereidwilligheid om hard te werk aan die prediking. Elke prediker het 'n selfbeeld wat in 'n groot mate saamhang met sy opvatting oor watter rol hy as prediker moet vervul. Die selfbeeld bepaal die gesindheid (houding) van die prediker in sy omgang met mense. Indien die prediker se selfbeeld gestempel word deur die feit dat hy onaantasbaar is, sal hy baie bewus wees van sy waardigheid. Deur sy stemtoon, houding en gebare sal hy aan die waardigheid uitdrukking gee. Indien die prediker bewus bly van bogenoemde begrippe asook die gesindhede wat daarmee gepaard gaan, bly hy onder die besef daarvan hy 'n bestuurder in opdrag van God is. Sodoende staan die prediker op die agtergrond, terwyl die Woord voorop staan.
- Die metafore hierbo bespreek, beklemtoon weereens die wees-funksie van die prediker. Vanuit die wees -funksie, vloei die doen funksie voort wat getuig daarvan dat dit in prediking nooit om eie belange draai nie. Prediking moet immers God aan die woord laat kom.

## 2.5. Gesindheid soos dit blyk uit die vereistes vir die bedienaar in die Pastorale Briewe

### 2.5.1. Die prediker se gedrag

Die prediker se gedrag is dikwels die gevolg van sy gesindheid. Paulus wys in Titus 1:7 aan die jong leraar hoe onberispelikheid in sy optrede en dus sy prediking tot uiting kom:

- Nie eiesinnig wees nie (μὴ αὐθάδη). Hiermee word bedoel iemand wat aanmatigend, eiewys, koppig en selfs vermetel is (Benton, 1997:49). Volgens Guthrie (1978:1850) word die gevaar van arrogansie hiermee afgewys.
- Nie oplopend wees nie (μὴ ὀργίλον). 'n Opsiener en so ook die prediker moet sy humeur in bedwang kan hou (Fee, 1988:174). Guthrie (1990:198) meen dat die begrip daarop dui om nie gou kwaad te word nie.
- Geen drinker wees nie (μὴ πάροινον). Die opsiener (prediker) moenie aan sterk drank verslaaf wees nie (Benton, 1997:50).
- Geen vegter wees nie (μὴ πλήκτην). Die prediker moenie bakleierig wees nie (Fee, 1988:174).
- Geen vuilgewinsoeker nie ( μη αἰσχροκερδη). Groenewald (1977:163) wys op die gevaar dat die rentmeester (opsiener) in sodanige vertrouensposisie maklik op sy eie manier sy verryking kan nastreef en selfs godsdiens kan aanwend om persoonlike wins te maak.

In Titus 2:8-9 word die jong leraar gewys op die eienskappe wat onberisplikheid wel behels:

- Gasvry (φιλόξενον). Met sy optrede moet die rentmeester met sy liefdesdiens die ruimheid van sy hart openbaar (Groenewald, 1977:163). Die prediker moet daarom ook nie op sy eie voordeel ingestel wees nie (Guthrie, 1990:206).
- Een wat die goeie liefhet (φιλάγαθον). Die term is in die antieke wêreld as eretitel gebruik vir diegene wat altyd bereid was om aan hul medemens goed te doen (Benton, 1997:51). Volgens Guthrie (1978:186) dui die begrip op liefde vir goeie dinge asook vir persone.

- Ingetoë (σώφρονα). Hiermee word bedoel iemand wat beheers, matig, verstandig optree en nie na uiterstes oorslaan nie (Groenewald, 1977:163).
- Regverdig (δίκαιον). Die rentmeester (prediker) se verhouding tot God en sy medemens moet reg wees (Fee, 1988:189). Ridderbos (1967:259) sien regverdigheid as 'n eienskap wat dui op die nuwe lewenswandel waarvan die prediker se lewe moet getuig.
- Heilig (ὅσιον). Volgens Hendriksen (1983:346) benadruk die begrip die gedagte dat dit wat die rentmeester (opsiener) doen, daarvan moet getuig dat hy dit vir God doen.
- Een wat homself beheers (ἐγκρατῆ). In Galasiërs 5:22 word selfbeheersing as die hoogste vrug van die Heilige Gees genoem (Venter, 1988:146). Daarom is dit ook 'n deug van die deur die Heilige Gees beheersde lewe van die prediker (bedienaar van die Woord).
- Een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is. In die bediening moet die opsiener as rentmeester en ook die prediker so optree dat die Woordbediening betroubaar is, dus in ooreenstemming met die goeie leer. Die prediker moet die gesonde leer na twee kante toe aanwend (Benton, 1997:108):
  * Gelowiges moet opgebou word in die geloof deur hulle teen die kwaad te waarsku, met ander woorde hulle aanmoedigend op die regte weg begelei;
  *Teëstaanders moet weerlê word deur hulle van hulle dwaling te oortuig.

Die werk van die prediker is dus drievoudig, naamlik leer, vermaan en weerlê.
Bogenoemde sou skematies soos volg voorgestel kon word:

| **Pastorale optrede** | **Gedrag** | **Karakter** | **Optrede teenoor ander** |
|---|---|---|---|
| 1) Geen vegter | Onberispelik | Geen vuilgewinsoeker | Gasvryheid |
| 2) Selfbeheersing | Nie eiesinnig | | |
| 3) Goeie liefhê | Geen drinker | | |
| 4) Vashou aan die woord wat volgens die leer is. | Regverdig | | |
| 5) | Heilig | | |

### 2.5.2. Die karakter van die prediker

In die Pastorale Briewe word meer begrippe gebruik wat dui op gesindhede en emosies. Volgens Louw & Nida I (1989:288) word die begrippe in die meeste gevalle in die idiomatiese sin van die woord en selfs in die figuurlike sin van die woord gebruik. Die verklaring hiervoor is dat gesindhede met die subjektiewe te make het (Louw & Nida I, 1989:288). 'n Skematiese oorsig word gebied oor die verskillende subdomeine waarin die gesindhede in die Pastorale Briewe gebruik word (Louw & Nida I, 1989: 288-320).
In die skematiese voorstelling word die bespreking beperk tot die gesindhede wat die prediker raak.

| **Begeer\wens** | **Toewyding** | **Vreugde\tevrede** | **Skaamte** |
|---|---|---|---|
| 1) Sieklike sug (νοσων) I Tim 6:4 | Des te meer dien (ἀντιλαμβανόμε νοι) I Tim 6:2 | Aangenaam (ἀπόδεκτον) I Tim 2:3 | Skaam (ἀνεπαίσχυντον) II Tim 2:15 II Tim 1:8 |
| 2) Gestreel in hul gehoor. (κνηθόμενοι τὴν ἀκοήν) II Tim 4:3 | | Liefhebber (ἀφιλάγαθοι) II Tim 3:2-3 | |
| 3) Skadelike begeerlikhede (ἐπιθυμίας) I Tim 6:9 | | Gierigheid (φιλαργυρία) I Tim 6:10 | |
| 4) Verlang (ὀρέγεται) I Tim 3:1 | | Liefhebbers van genot (φιλήδονοι) II Tim 3:4 | |
| 5) Waardig wees (αἰσχροκερδεῖς) I Tim 3:8 | | Onsekerheid van rykdom (ἀπόλαυσιν) I Tim 6:17 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. Wellustig (καταστρηνιάσωσιν) I Tim 5:11 | | Vergenoegdheid (αὐταρκείας) I Tim 6:6 | |

In II Korintiërs 8:17 word 'n getuigskrif oor die jong leraar Titus aangetref: "want hy het my aansporing wel ontvang maar omdat hy baie ywerig was, het hy uit eie beweging na julle toe vertrek". Volgens Pop (1964:255) het Titus soveel ywer gehad om na die Korintiërs te vertrek dat hy spoedig na hulle gereis het. Getz (1978:32) maak op grond van die feit die afleiding dat Titus 'n self-gedrewe persoon was, omdat hy 'n positiewe gesindheid gehad het. Die begrip wat dui op Titus se gesindheid is σπουδαιότερος. Die begrip dui op die erns wat bestaan om 'n bepaalde aktiwiteit te onderneem (Louw & Nida I, 1989:298). Die begrip kan ook dui op die ywer of entoesiasme wat by 'n persoon bestaan in die uitvoering van die een of ander taak (Getz, 1978:31). Die selfstandige naamwoord word nie in die Pastorale Briewe gebruik nie, maar die saak kom na vore soos wat Paulus dit in II Korintiërs 8:17 gebruik. Die werkwoord asook die byvoeglike naamwoord word wel in die Pastorale Briewe aangetref, naamlik II Timoteus 4:9, 21; Titus 3:12; II Timoteus 1:17 en Titus 3:13. In die Pastorale Briewe word 'n begrip met min of meer dieselfde betekenis gebruik, naamlik ἀντιλαμβανόμενοι. Die begrip word gebruik as aanduiding van die diens-knegte wat hulle gelowige base nie moet verag nie. Die begrip het die betekenis van algehele toewyding aan 'n saak (Louw & Nida I, 1989:298). In hierdie skripsie word die begrip σπουδαιότερος gekies as samevattende begrip vir die gesindheid waarin Woordverkondiging geskied. Die motivering is soos volg:

- In die Pastorale Briewe word meer begrippe gebruik om die verskillende gesindhede waarin prediking kan geskied mee te beskrywe. Firet (1968:264) het aangetoon dat 'n gesindheid 'n faktor binne die mens is waarvolgens hy op 'n sekere manier en wyse reageer teenoor 'n spesifieke saak. 'n Gesindheid het drie geledinge, naamlik 'n kognitiewe komponent, 'n gevoelskomponent asook 'n handelingskomponent. 'n Verandering in een van die komponente gee aanleiding tot verandering in die ander(Anstey, 1991:221). Indien ywer asook erns vir die saak van prediking die prediker se uitgangspunt is, is dit duidelik dat die ywer vir prediking ook in die ander komponente moet deurskemer.

- Buite die Pastorale Briewe om beteken die begrip "om haastig te wees" (Bromiley, 1985:1070). Die begrip kan ook op die ywer, geesdrif asook verbondenheid aan 'n saak dui.
- In II Korintiërs 8:16-17 sien Paulus die ywer van Titus as 'n gawe van God (Pop, 1962:254). God bewerk die haas en ywer binne Titus om die saak van God in die gemeente te behartig. Geen mens kan uit eie beweging die ywer vir God se saak na vore bring nie. Hiermee word die saak van spiritualiteit aangesny wat in die volgende paragraaf bespreek sal word. Die erns, haas en ywer vir die prediking is 'n saak wat binne die persoonlike verhouding van die prediker met God verkry word as 'n genadegawe.
- Timoteus sowel as Titus was predikers wat ongeag hulle ouderdom 'n indruk gemaak het (Getz, 1978:31). Die gesindheid van ywer, erns en haas vir God se saak is deur ander bemerk. Gesindhede kan moeilik verberg word. In Filippense 2:20 maak Paulus daarvan melding dat hy niemand van dieselfde gesindheid as Timoteus het nie (Groenewald, 1977:9). In II Korintiërs 12:18 spreek Paulus hom uit oor die gesindheid van Titus, naamlik dat hy in dieselfde gees en spore as Paulus wandel (Getz, 1978:31). Alhoewel die begrip σπουδαιότερος nie in die Pastorale Briewe gebruik word nie, kom die saak hieraan verbonde duidelik in die Pastorale Briewe voor.

### 2.5.3 Die persoon van die prediker

In die Pastorale Briewe word vereistes rondom die persoon van die prediker gevind. Dingemans (1991:153) benadruk in die verband die feit dat predikers op outentieke wyse met hulself moet omgaan. Predikante, soos lidmate, ervaar ook angs, twyfel, mags- en onmagsgevoelens, onder- en oorwaardering van hulself. Indien die prediker met skeefgetrekte gesindhede die prediking waarneem, trek dit die aandag van die eintlike saak af, naamlik Woordverkondiging waarin God aan die woord moet kom. Venter (1988:150) toon in aansluiting by die saak vanuit I Timoteus 4:12b-13b asook Titus 2:7-8 die volgende aan:

- Die prediker moet 'n voorbeeld stel in sy gedrag. Hy moet lewe soos iemand wat uit die Woord leef.

- Die prediker moet ’n voorbeeld in liefde stel. In sy lewenswandel moet hy die gesindheid openbaar dat hy homself offer in diensbaarheid aan die gemeente.
- Die prediker moet in die geloof ’n voorbeeld stel van goeie werke.
- Die prediker moet ’n voorbeeld stel in die suiwerheid van die wandel en opregtheid van bedoeling.

Bentley (1997:135) benadruk soos bogenoemde outeur die voorbeeld wat die prediker moet stel. Deur sy voorbeeld moet Timoteus aan ander mense wys dat hy in staat is om dit te doen waartoe hy geroep is. Timoteus se persoonlike lewe sowel as prediking moes as voorbeeld dien. Benton (1997:85) en Towner (1994:240) toon aan dat Titus as prediker opgeroep word om ’n voorbeeld van integriteit in sy prediking te stel. Hieruit word afgelei dat die belangrikste voorbeeld wat predikers moet stel die voorbeeld ten opsigte van die omgang met die Woord is in voorlesing, prediking en onderrig (Venter, 1988:150). Die Woord leer die prediker meer aangaande die vereistes vir ’n goeie prediker. Die prediker moet ook in die wyse van Woordverkondiging as voorbeeld dien, naamlik suiwer, gesond en onaanvegbaar. Die Woord moet te alle tye reg gesny word (I Timoteus 2:15). Die Woord wat reg gesny word, weerspieël bepaalde eienskappe wat by die prediker teenwoordig is (Lea & Griffin, 1992:304).

Die persoon van die prediker as voorbeeld word in I Timoteus 4:12 en Titus 2:7-8 beskryf as ’n τύπος. Volgens Louw & Nida I (1989:592) dui die begrip op ’n visuele vorm wat ontwerp is om na te volg, met ander woorde ’n model of patroon. Vanuit die verse hierbo genoem blyk dit dat nie die prediker as persoon nagevolg moet word nie, maar wel sy voorbeeld in lewenswandel en prediking. Kruger (1993:240) het in sy navorsing aangetoon dat indien die pastor (prediker) met motiewe werk wat verband hou met genoegdoening vanweë gewaande aansien en eie belangrikheid, loop dit skeef met sy gesindheid. Daarom is dit nodig dat die prediker as persoon eerlik en krities na homself moet kyk. Venter (1988:150) toon byvoorbeeld aan dat die prediker wat nie meer sy gemeente voed, versterk en vermaan nie, homself moet ondersoek in sy verhouding tot die Woord.

Kim (1997:161) het in sy navorsing aangetoon dat die prediker twee boodskappe op 'n keer bring, naamlik die een met woorde en die ander met dit wat sy persoonlikheid sê. Hy toon aan dat talle emosies soos onder andere skok, woede, depressie en alleenheid dit vir die prediker moeilik maak om as prediker voor te gaan. Dit is daarom noodsaaklik dat die prediker leef vanuit die wete dat die Heilige Gees hom bekwaam maak om sy roeping te vervul (Harris, 1985:112) Die prediker as 'n swak mens (persoon) voor God moet altyd daarop vertrou dat die Heilige Gees die eintlike Prediker is. Deur die vernuwende inwerking van die Heilige Gees word die prediker in staat gestel om te werk aan daardie persoonlikheidstrekke wat moontlik aanleiding kan gee tot verkeerde preekgesindhede.

## 2.6. <u>Gesindheid soos dit blyk uit spiritualiteit</u>

Die beoefening van gesindhede kan nie van 'n deurleefde verhouding met God geskei word nie. Die term spiritualiteit gee uitdrukking aan die wyse waarop die prediker aan God verbonde is en dui derhalwe op die geestelike oriëntasie van die prediker.

### 2.6.1. <u>Definisie van spiritualiteit</u>

Floor (1993:294) wys in sy studie op die volgende aspekte rondom spiritualteit:

- Spiritualiteit het te make met 'n bepaalde vorm van geestelike lewe.
- In spiritualiteit gaan dit om 'n bepaalde grondhouding wat gewortel is in die verhouding tot God. Spiritualiteit is 'n bepaalde houding van die mens teenoor God. Die houding is een van oorgawe aan God en toewyding aan sy diens.
- Die grondhouding word geloof genoem. Spiritualiteit is daarom nie dieselfde as geloof nie. Dit is wel 'n uiting van die geloof.

Van't Spijker (1993:307) definieer op sy beurt spiritualiteit as die menslike reaksie deur die Heilige Gees geïnisieer op God se openbaring waardeur die mens tot in die diepste van sy bestaan voor God te staan kom en tot in alle dimensies van sy bestaan hieraan uiting gee. In die definisie van Van't Spijker en Floor staan twee sake voorop, naamlik God se openbaring en spiritualiteit. Die twee begrippe is volgens Van't Spijker (1993:309) by mekaar betrokke. Alhoewel die twee sake betrokke by mekaar is, berus die prioriteit by die Openbaring van God. Volgens Jonker (1991:14) het spiritualiteit te make met die

geloofsbelewing, die geloofservaring, die geloofsbeoefening en die geloofspraktyk. Op grond hiervan onderskei Jonker drie aspekte verbonde aan spiritualiteit:

- Die persoonlike verhouding tot God - Die aspek benadruk die feit dat die prediker 'n persoonlike wandel met God moet hê.
- Die gemeenskaplike omgang met God. Die prediker maak deel uit van 'n geloofsgemenskap waarin hy staan. Die prediker staan in 'n innige verhouding tot die spiritualiteit van die gemeente waartoe hy behoort.
- Die praktiese uitlewing van die geloof. Hiermee word die klem geplaas op die praxis van die geloof.

Kim (1997:66) het aangetoon dat die spiritualiteit van die prediker sy persoonlikheid beheers asook sy lewe. Spiritualiteit speel 'n groot rol tydens preekvoorbereiding asook tydens prediking. Stott (1982:265) benadruk die feit dat die praktyk van die prediking nie geskei kan word van die persoon van die prediker nie. Die definisie van spiritualiteit kan soos volg saamgevat word:

***Spiritualiteit dui op 'n deurleefde verhouding met God wat neerslag vind in die mens se totale bestaan en vergestalt word in alle verhoudinge.***

### 2.6 2. Die begrip ευσεβεια as aanduiding van die spiritualiteit van die prediker in die Pastorale Briewe:

Die begrip ευσεβεια kom dertien keer voor in die Pastorale Briewe, naamlik I Timoteus 2:1; I Timoteus 3:16; I Timoteus 4:7; I Timoteus 4:8; I Timoteus 6:3; I Timoteus 6:5; I Timoteus 6:6; I Timoteus 6:11; II Timoteus 3:5; II Timoteus 3:12; Titus 1:1; Titus 2:12. Op grond hiervan meen Kim (1997:67) dat die begrip dui op die totale lewenstyl van die gelowige wat in Christus gegrond is. Hierby ingesluit sien Kim (1997:67) die mens se gesindheid en hantering van die skepping. Die begrip dui volgens Louw & Nida I (1989:540) aan "to express in attitude and ritual one's allegiance to and regard for deity".

Die begrip ευσεβεια word in die Pastorale Briewe gebruik as begrip om spiritualiteit mee weer te gee. Volgens Noordegraaf (1993:60) beteken die woord *godsvrug*. Volgens bogenoemde skrywer is die begrip in die Hellenistiese wêreld gebruik as aanduiding van

die regte gedrag teenoor die gode. Die regte gedrag het tot uiting gekom in die regte innerlike gesindheid asook die regte gedrag in die kultus. Die begrip ασεβεια dien as direk teenoorgestelde van godsvrug met die betekenis van *respekloos en oneerbiedig*. Paulus vul die Hellenistiese begrip in die Pastorale Briewe met 'n Bybelse inhoud in. Die volgende aspekte van die godsvrug (ευσεβεια) word deur Noordegraaf (1993:61) benadruk:

- Die godsvrug is 'n antwoord op God se openbaring in Jesus Christus (I Timoteus 3:16). In dié gedeelte eindig Paulus na 'n reeks voorskrifte oor die ampsdraers met 'n lofsang oor die heilsgebeure in Christus. Paulus praat selfs van die geheimenis van die godsvrug. Dit is 'n geheimenis omdat die godsvrug 'n antwoord van die geloof op die openbaring in Christus is.
- Paulus benadruk die gesonde leer in die Pastorale Briewe (I Timoteus 1:10; I Timoteus 6:3; II Timoteus 1:13 en 14, en Titus 1:9, 13). In I Timoteus 6:3 word die gesonde leer selfs nader omskryf as die leer ooreenkomstig die godsvrug.
- Die vroomheid of godsvrug is nie lewensvreemd nie. In I Timoteus 4 word skynvroomheid en asketiese praktyke afgewys. Hierteenoor word Timoteus opgeroep om homself in die godsvrug te oefen (I Timoteus 4:9).

### 2.6.3. <u>Die band tussen spiritualiteit (praxis pietatis) en preekgesindheid</u>

Velema (1993:379) toon op grond van II Timoteus 3:17 aan dat roeping die prediker innerlik aanvuur tot die oefening van sy spiritualiteit. Die uiterlike roeping, naamlik God wat die prediker tot 'n bepaalde diens roep, moet deur 'n innerlike bereidwilligheid beantwoord word. In die opsig is dit vanselfsprekend dat die gewilligheid alleen deur die inwerking van die Heilige Gees kan geskied. Die spiritualiteit van die prediker kom langs die weg van die roepingsbesef tot sy reg. Koornhof (1993:63) toon op grond van II Timoteus 3:17 aan dat die toets vir die prediker se regte omgang met die Woord opgesluit lê in die kweek van die regte lewenswyse. Deur gereelde omgang (oefening) met die Woord word die prediker toegerus vir sy opdrag om die Woord te bedien. Venter (1988:151) benadruk op grond van I Timoteüs 4:6-8 die prediker se verantwoordelikheid ten opsigte van sy eie geloofslewe. Die gebruik van twee deelwoorde, naamlik υποτιθεμενος en εντρεφομενος, toon aan dat die twee aksies van selfvoeding en

gemeentevoeding in voortdurende wisselwerking met mekaar staan. Die voeding moet plaasvind met 'n konstante inname van die Woord (Guthrie, 1994:106).

In 1 Timoteus 4:7b-8 benadruk Paulus die noodsaak van geestelike oefening in kontras met fisiese oefening. Die metafoor oefening (γυμναζε) is 'n term wat nie vreemd aan 'n gimnasium is nie. Oefening gaan met opoffering en moeite gepaard. Die oefening in die ευσεβεια (godsvrug of toewyding aan God) gaan ook in die prediker se lewe met opoffering gepaard. Fee (1995:105) benadruk die feit dat oefening in die godsvrug nie tevergeefs is nie. Die oefening het waarde vir die tydelike asook die ewige lewe.

Burger (1995:57) toon in resente navorsing aan dat gesindhede nie vanuit boeke aangeleer word nie. Gesindhede word van ander mense aangeleer en nageleef. Bogenoemde outeur kom daarom tot die gevolgtrekking dat die prediker se modellering in die opsig noodsaaklik is. Hy toon selfs dat in die opleiding van predikante nie genoegsaam gefokus word op gesindheid en die voeding van die prediker se spiritualiteit nie. Voorts toon hy aan dat daar nie genoegsame aandag aan die geestelike versorging van predikers gegee word nie. Bogenoemde outeur benadruk met reg die noodsaak van die voeding van die prediker se spiritualiteit.

Gesindhede moet beoefen word in die prediking. Die gesindhede kan slegs binne die persoonlike verhouding van die prediker tot God tot hulle reg kom. Spiritualiteit as geestelike oriëntasie van die mens gee rigting aan die beoefening van die gesindhede. In die prediking moet die prediker homself verantwoord oor die geestelike oriëntasie. Op die wyse dien spiritualiteit die dubbele gerigtheid soos hierbo aangetoon, naamlik as karakterisering van die geestelike bestaanswyse asook die stimulering hiervan. Venter (1988:151) benadruk die feit dat die prediker 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van sy eie geloofslewe, naamlik om die te voed met die woorde van die geloof en die goeie leer. Deurdat die prediker homself voed, kan hy ook die gemeente voed. Kim (1997:164) het aangetoon dat die spiritualiteit van die prediker nie vanselfsprekend kom nie. Selfs nie eers die feit dat die predikant prediker van die Woord is, maak spiritualiteit iets outomaties

nie. Hierin moet die prediker homself oefen. Kim (1997:165) toon drie noodsaaklike elemente in die beoefening van spiritualiteit aan:

- Die prediker moet God se Woord voortdurend inneem. Dingemans (1991:14) het die prediker as hoorder onder die hoorders beskryf. Die prediker hoor die Woord op presies dieselfde wyse as die hoorders, naamlik as gelowige wat stry teen die sonde. Tog is die prediker die eerste hoorder wat deur middel van studie dieper in die Woord gedelf het in die voorbereiding. Dingemans (1991:14) noem die prediker selfs "der Anwalt seiner Hörer".
- Die gebed is noodsaaklik vir 'n deurleefde geestelike navolging van God. Die gebeure rondom prediking moet biddend geskied.
- Die prediker moet op die Heilige Gees as Prediker vertrou. Die Heilige Gees is nie net Skenker van die ampsgawe om te preek nie, maar staan ook sentraal in die aanwakker van die gawe (Venter, 1988:145). Sonder die Heilige Gees is die prediker tot niks in staat nie.

**Basisteoretiese perspektiewe op die spiritualiteit van die prediker en preekgesindheid**

Die spiritualiteit van die prediker en die preekgesindheid is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Hieruit blyk die volgende:

- Die prediker moet homself voortdurend oefen in spiritualiteit. Die prediker moet homself oefen deur gereelde Bybelstudie, die bestudering van die Woord en 'n deurleefde gebedslewe.
- Die prediker beïnvloed mense met sy prediking. Verkeerde gesindhede by die prediker asook gemeente gee aanleiding tot 'n geruis in die prediking. Die prediker moet homself voortdurend ondersoek rondom die regte preekgesindhede.
- Die spiritualiteit van die prediker, met ander woorde die egte en deurleefde verhouding met God, gee rigting aan die beoefening van gesindhede teenoor ander mense.
- Die prediker moet hom in die beoefening van sy spiritualiteit altyd deur die Woord laat lei. Daarom moet die prediker in die beoefening van preekgesindhede hom ook deur die Woord laat lei.
- Die regte preekgesindhede vloei voort vanuit 'n egte en deurleefde spiritualiteit.

### 2.6.4. Basisteoretiese samevatting

Die volgende basisteoretiese perspektiewe word oor die prediker en preekgesindheid gebied:

- Verskillende begrippe word in die Pastorale Briewe gebruik om die gesindhede van die prediker mee te beskryf
- Die begrip σπουδαιοτερος word as oorkoepelende (omnibus) term vir gesindhede gebruik. Die begrip dui op die erns of toewyding waarin of waarmee iets onderneem word.
- Gesindheid dui op die erns, ywer en entoesiasme wat daar by 'n persoon bestaan om 'n taak af te handel.
- Preekgesindheid het te make met 'n bepaalde denkwyse, gevoel en handelingswyse waarmee prediking geskied.
- Spiritualiteit dui op 'n deurleefde verhouding met God wat neerslag vind in die mens se totale bestaan en vergestalt word in alle verhoudinge.
- Spiritualiteit as geestelike oriëntasie van die prediker gee rigting aan die beoefening van gesindhede in die prediking.
- Die prediker moet homself in spiritualiteit oefen. Op die wyse voed die prediker homself en sodoende kan die gemeente gevoed word.
- Die objektiewe staanplek wat die prediker inneem, is bepalend vir die preekgesindheid wat gereflekteer word.

## 2.7 Finale basisteoretiese perspektiewe oor die prediker en preekgesindheid

Die volgende basisteoretiese perspektiewe word gebied:

- In die Pastorale Briewe is die herder-apostel besig om jong herder-leraars advies te gee oor die versorging van die kudde. Hiermee saam gee die prediker Paulus advies aan die predikers (Timoteus en Titus) oor die prediking.
- Nege Woordbedieningsbegrippe word in die Pastorale Briewe aangetref. Die begrippe word aan sekere gesindhede gekoppel waarin die Woordverkondiging moet geskied. Ses gesindhede word in die Pastorale Briewe op direkte wyse aan die prediking verbindnaamlik: μη ἐπιπηξης (nie hard vermaan nie), ἐν παση αγνεια (in alle

eerbaarheid), ἐν πασῃ μακροθυμια (in alle lankmoedigheid), ἐν πασῃ διδαχῃ (in alle lering), μετα πασης ἐπιταγης(met volle gesag), ἐν πιστει και ἀληθεια (in geloof en waarheid). Die gesindhede het te make met

* erns van prediking. Twee gesindhede gaan hiermee gepaard. *In alle eerbaarheid* dui op die gesindheid waartydens die prediker klein word agter die boodskap wat hy verkondig. Die roepingsbewustheid van die prediker moet as motivering dien om die Woord met oortuiging (*in alle erns*) te verkondig. In *geloof en waarheid* benadruk die feit dat die prediker geloof moet hê in die waarheid wat hy verkondig;
* die inhoud van die prediking. Die gesindheid wat die inhoud van die prediking benadruk, is *in alle lering*. Lerende prediking is toerustend van aard. Die waarheid van die Woord vorm die inhoud van die toerusting;
* die wyse van prediking. Drie gesindhede gaan hiermee gepaard. *Nie hard vermaan nie* benadruk die gesindheid van pastorale omgang met die gemeente. Pastorale prediking veronderstel 'n verhouding tussen prediker en gemeente. *In alle eerbaarheid* dui op die gesindheid waarin predikers moet waak teen verkeerde gedagtes en gevolgtrekkings. Predikers moet waak daarteen om hulle eie gedagtes ten koste van die Woord in die prediking te projekteer. Prediking *in alle lankmoedigheid* benadruk die gesindheid van emosionele kalmte waarin die prediker die Woord moet bedien.

- Vier begrippe word in die Pastorale Briewe gebruik om die wees-funksie van die prediker aan te toon. Die begrippe word eksplisiet en implisiet aan sekere gesindhede verbind. As κηρυξ (herout) moet die prediker die goeie boodskap in die gesindheid van gehoorsaamheid aankondig. Die aankondiging moet onbevrees gedoen word, omdat die prediker in opdrag van God optree. As αποστολος (gevolmagtigde) moet die prediker met gesag die Woord verkondig in die gesindheid van gevolmagtigde. As διδασκαλος (leraar) moet die prediker die gemeente onderrig in geloof en waarheid. Dit vereis dat die prediker self vanuit die Woord moet leef voordat hy die Woord lerend kan hanteer. As ευαγγελιστης (evangelis) moet die prediker die goeie

boodskap in dankbaarheid aan die gemeente bring. Die prediker moet bereid wees om selfs lyding ter wille hiervan te verduur.

- Vier metafore word in die Pastorale Briewe gebruik vir bepaalde gesindhede van die prediker. Die metafoor οικονομος (bestuurder) benadruk die gesindheid van rentmeesterskap van die prediker. Deur Woorverkondiging asook lewenswandel moet die prediker vir die gemeente 'n voorbeeld wees. Die metafoor στρατιωτης (soldaat) benadruk die feit dat die prediker bereid moet wees om swaar te kry ter wille van die prediking. Die metafoor αθλη(atleet) benadruk die gesindheid van getrouheid in die prediking. Die metafoor γεωργος (landbouer) benadruk die gesindheid van inspanning wat met prediking gepaard gaan. Die gesindheid van harde arbeid moet deur die prediker nagevolg word.
- Bogenoemde gesindhede, begrippe sowel as metafore benadruk die feit dat gesindheid nie in die prediking weggesteek kan word nie. Die gesindhede, begrippe asook metafore veronderstel deurgans 'n positiewe preekgesindheid waardeur mense toegerus en begelei word. Preekgesindheid oefen 'n invloed uit op die preekvoorbereiding, preeklewering asook die gesindheid van die gemeente teenoor prediking.
- In die Pastorale Briewe word talle begrippe gebruik as nadere aanduiding van die gesindhede en emosies van die prediker. Die begrippe bring die vereistes rondom die prediker se persoon, karakter en gedrag na vore. Die prediker moet homself hiervan in selfondersoek vergewis om moontlike oorsake van verkeerde gesindhede vas te stel. 'n Verkeerde preekgesindheid kan reggestel word.
- Preekgesindheid het te make met 'n bepaalde denkwyse, gevoel en handelingswyse ten opsigte van prediking. 'n Verandering in een van die komponente gee outomaties aanleiding tot 'n verandering in die ander komponente. Preekgesindheid het te make met die erns, ywer en entoesiasme wat daar by die prediker moet heers om die Woord te kan verkondig.
- Die prediker se spiritualiteit gee rigting aan die beoefening van gesindhede. Die vroomheid (spiritualiteit) is 'n uiting van die geloof. In die opsig dra die prediker se spiritualiteit daartoe by dat die regte grondhouding in die prediking ingeneem word wat manifesteer in die regte gesindhede.

# Hoofstuk 3

## Metateoretiese perspektiewe op die prediker en preekgesindheid

In hoofstuk 1 is aangetoon dat die studie metodologies aansluiting vind by die model wat Zerfass vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Daar is verder aangetoon dat die studie op metateoretiese gebied eklekties te werk sal gaan. Aangesien die gesindheid waarin Woordverkondiging geskied 'n vername rol speel (hoofstuk 2) is dit noodsaaklik om vanuit die grenswetenskappe metateoretiese perspektiewe te ontgin met die oog op die vorming van praktykteoretiese perspektiewe. Die metode hou in dat die toepaslike materiaal uit veral die Sosiale Psigologie en Kommunikasiekunde deur analise en interpretasie gekeur en gerangskik sal word om in die opset van die navorsing in te pas. Hiermee word erkenning gegee aan die feit dat daar sekere raakvlakke bestaan tussen die Praktiese Teologie en die Gedragswetenskappe. Die Sosiale Psigologie werp die lig op die kennis van die prediker as mens binne die raamwerk van die invloed wat gesindhede op gedrag uitoefen. Die Kommunikasiekunde werp lig op die kommunikasie in die prediking en die prediker as kommunikator. Die Kommunikasiekunde skerp die prediker op om te let op die noue band tussen die inhoud van prediking, die prediking asook die hoorder. In die hele kommunikasieproses speel die gesindheid van die prediker 'n vername rol. Die navorsing sal aan die hand van die volgende gedoen word:

- Metateoretiese perspektiewe op prediker en preekgesindheid
    - Gesindhede beskou vanuit die hoek van die Sosiale Psigologie
    - Gesindhede beskou vanuit die hoek van die Kommunikasiekunde
    - Samevattende metateoretiese perspektiewe
- Finale samevattende metateoretiese perspektiewe op die prediker en preekgesindheid

## 3.1. Metateoretiese perspektiewe op die prediker en preekgesindheid

In die bespreking sal die volgende sake aandag geniet:

- Wat is gesindheid?
- Die vorming van gesindhede.
- Gesindheid en gedrag.
- Die verandering van gesindhede.

### 3.1.1. Wat is gesindheid?

Volgens Du Plessis et al. (1990:104) bestaan daar talle uiteenlopende sieninge oor wat 'n gesindheid is. Dit blyk dat daar nie volledige ooreenstemming tussen psigoloë bestaan oor wat 'n gesindheid is nie. Die volgende dien as illustrasie hiervan:

- Louw & Edwards (1998:704) definieer 'n gesindheid as die algemene gevoel (wat wissel van uiters positief tot negatief) of evaluering (goed - sleg) wat 'n persoon teenoor die self, ander mense, voorwerpe of gebeure het. Gesindhede omvat drie dimensies (Louw & Edwards, 1998:707)
    - **rigting** dui aan of 'n persoon vir of teen iets is;
    - **sterkte** verwys na hoe intens die gevoel vir of teen iets is; en
    - **sentraliteit** verwys na hoe belangrik 'n bepaalde gesindheid vir 'n persoon is in vergelyking met ander gesindhede.

  Gesindhede wat 'n duidelike rigting, sterkte en sentraliteit besit, is moeilik om te verander.
- Baron & Byrne (1994:130) meen dat gesindhede sosiale persepsies en gedrag vorm. Gesindhede bestaan nie in isolasie nie, maar is in die geheue van die mens aan mekaar verbind. Die aktivering van een gesindheid gee aanleiding tot die aktivering van ander gesindhede.
- Morgan (1977:379) asook Anstey (1991:221) onderskei drie komponente in gesindhede,
    - 'n kognitiewe komponent (gedagtes of oortuigings);
    - 'n affektiewe komponent (evaluering of emosies); en
    - 'n konatiewe of handelingskomponent (motiewe of voornemens).
- Du Plessis et al. (1990:104) beskou 'n gesindheid as "a learned predisposition to respond in a consistently favourable or unfavourable manner with respect to a given object, subject, idea or behaviour". In hulle navorsing benadruk bogenoemde outeurs die feit dat gesindhede aangeleer word. Gesindhede benadruk dus die mens se ontvanklikheid, vatbaarheid of neiging ten opsigte van iets of iemand.
- Freedman et al. (1981:351) beskou gesindhede as 'n voortdurende sisteem met drie komponente soos hierbo bespreek in die siening van Morgan en Anstey. Hulle benadruk egter die feit dat die kognitiewe komponent bestaan uit "beliefs", of te wel 'n

siening oor 'n persoon of saak. Die affektiewe komponent bestaan uit emosionele gevoelens wat hiermee verband hou, terwyl die gedragskomponent dui op 'n gereedheid om op 'n sekere wyse teenoor 'n persoon of saak te reageer.

- Firet (1968:266) sluit aan by Anstey, asook Freedman et al. . Hy meen dat 'n verandering in een van die komponente aanleiding gee tot verandering in die ander komponente. 'n Gesindheid is vir hom 'n organisasie van die persoonlikheidsisteem wat neerkom op 'n betrokkenheid van die mens by 'n saak of persoon.

**Afleidings**

Die volgende afleidings kan uit bogenoemde gemaak word:

- In die Sosiale Psigologie is gesindheid een van die mees sentrale begrippe. Alhoewel daar nie volledige eenstemmigheid bestaan oor wat 'n gesindheid is nie, blyk dit tog dat die meerderheid van die sosiale psigoloë gesindhede in 'n omvattende sin beskou. Hiervolgens word drie komponente van gesindhede onderskei,
    * 'n kognitiewe komponent (oortuigings);
    * 'n affektiewe komponent (gevoel); en
    * 'n konatiewe komponent (voornemens).
- 'n Gesindheid is die algemene gevoel of evaluering teenoor jouself, ander mense en objekte. Die gevoel kan wissel van uiters positief tot negatief.
- Die prediker beskik oor sekere gesindhede rondom homself, die gemeente asook prediking. Gesien in die lig van die drie komponente waaruit 'n gesindheid bestaan, huldig 'n prediker sekere oortuigings oor homself, die gemeente en prediking. Die prediker openbaar hierbenewens gevoelens oor homself, die gemeente en prediking en daarom het die prediker ook sekere voornemens rondom homself, die gemeente en die prediking.

### 3.1.2. Die vorming van gesindhede

Gesindhede is meestal die produk van sosialisering (Louw & Edwards, 1998:710). In die vorming van gesindhede moet die volgende in berekening gebring word:

- Gesindhede word deur middel van 'n sosiale leerproses van waarneming van ander persone aangeleer. Mense leer baie deur net die optrede van ander waar te neem.

Volgens Louw & Edwards (1998:710) word die oortuigings en normatiewe invloede op die wyse aangeleer. In die proses dra baie individue, groepe en instellings by tot die sosialiseringsproses.

- Baron & Byrne (1994:136) benadruk soos bogenoemde skrywers die feit dat gesindhede aangeleer word d. m. v sosialisering. Baron en Byrne is van mening dat alhoewel die navorsing rondom genetiese faktore nog nie genoegsame bewyse gelewer het nie, die genetiese faktore nie heeltemal buite rekening gelaat kan word nie. Baron & Byrne (1994:131) onderskei derhalwe die volgende aspekte rondom die vorming van gesindhede:
    - Klassieke kondisionering wat berus op assosiasie. In die opsig dien as voorbeeld kinders wat deur ouers, familie en skole beïnvloed word.
    - Instrumentele kondisionering is die proses waardeur aangeleer word hoe om die regte sieninge te handhaaf. Kinders leer vinnig aan watter tipe gedrag goedkeuring van ouers ontvang.
    - Modellering is die proses waardeur kinders en mense deur middel van die voorbeeld van ander mense nuwe vorme van gedrag aanleer.
    - Direkte ervaring as wyse waarop mense uit hulle eie lewenservaringe gesindhede aanleer. Die tipe gesindhede neig om baie sterk en intens te wees.
    - Bogenoemde skrywers benadruk die feit dat genetiese faktore moontlik ook 'n rol kan speel. Volgens Louw & Edwards (1998:711) ontwikkel gesindhede op 'n redelike jong leeftyd by kinders. Bogenoemde outeurs toon aan dat kinders op sesjarige leeftyd besliste voorkeure en afkeure het.

Volgens Morgan (1977:391) is die ouderdom 12 -30 'n kritieke periode in die vorming van gesindhede. Drie sake speel in die periode 'n groot rol:

- Die invloed van mense met dieselfde ouderdom en opvoeding met wie maklik geassosieer word. Die verwysingsgroepe se sienswyse is belangrik. Sekere persone se sieninge word as gesaghebbend aanvaar indien die persone maklik hieroor kommunikeer.
- Die toeganklikheid tot informasie via kommunikasienetwerke verswak die invloed van ouers.

- Opvoeding is een van die belangrike boustene in die vorming van gesindhede. Opvoeding dra baie by tot die politiese oriëntasie asook godsdienstige affiliasie van mense.

**Toepaslike perspektiewe op die vorming van gesindhede**

Vanuit bogenoemde bespreking blyk dat die vorming van gesindhede 'n komplekse saak is wat oor die loop van baie jare heen geskied. Die volgende perspektiewe spruit vanuit die bespreking voort:

- Mense oefen 'n groot invloed op mekaar uit. Die prediker en die gemeente leef byvoorbeeld in 'n ambivalente situasie. In die ambivalente situasie word onderskei 'n eie geslag, ouderdom, sosiale afkoms, vrae en probleme. Volgens Dingemans (1991:63) asook Vos (1994: 6) staan hoorders iewers op die weg van die leerproses van die Heilige Gees. Die prediker en gemeente besit elk 'n eie gesindheid of gesindhede rondom prediking. By die prediker asook by die gemeente het talle verwysingsgroepe, ouers asook ander mense 'n groot rol gespeel in die vorming van gesindhede.
- Vorige predikers het sekere gesindhede by lidmate laat ontstaan. In die prediker se lewe oefen sy opvoeding, verhoudinge met ander mense en verwysingsgroepe asook sy huwelik 'n invloed uit op sy gesindheid.
- Volgens De Klerk (1975:83) is daar talle faktore wat die predikant bedreig. Die faktore wat De Klerk benadruk, speel 'n groot rol in die vorming van gesindhede by die prediker:
    * Die bedreiging vanuit verkeerde beroepskeuse. Die bedoeling om predikant te word, kan uit onsuiwere motiewe geskied. Gedagtig aan dit wat hierbo bespreek is onder die vorming van gesindhede kon ouers, verwysingsgroepe en instansies die prediker gekondisioneer het om predikant te word. Die skeefgetrekte motivering om predikant te word gee o. a. aanleiding tot kompleksvorming, kompensasiegedrag asook die versteuring van menseverhoudinge.
    * Die bedreiging vanuit ongeloof. Geen prediker is vry van die gebrokenheid in sy persoon en werk nie. Die prediker is gedurig bewus van sy eie swakhede. Volgens De Klerk (1975:85) moet dit nie negatief beleef word nie. 'n Eie

gebrokenheidsbelewing gee aan die prediker 'n eksistensiële diepte en 'n kwaliteit van egtheid en oorreding.


* Bedreiging vanuit die gemeente. Vanweë die heterogeniteit van gemeentes ervaar predikers probleme om die gemeente te bereik en aan te spreek. Vanweë omstandighede eie aan die leefwêreld, onstaan 'n kommunikasiegaping baie gou. Mense beskou die prediker as 'n buitestaander wat nie begrip het vir die lewe nie.
* Bedreiging vanuit die prediker se rolvervulling. Die prediker het sy eie taak en funksie. Verkeerde rolverwagtinge gee ook aanleiding tot botsende gevoelens. Verkeerde rolverwagtinge gee aanleiding daartoe dat die prediker moet rondspring om al die rolle te vervul. In die opsig is dit derhalwe noodsaaklik dat die prediker die wese van die prediking sal begryp, naamlik om God aan die woord te laat kom.

Bogenoemde faktore gee aanleiding daartoe dat die prediker die gevoel ervaar dat hy ontoereikend is (Louw, 1987:55). Die gevolg hiervan is 'n bedieningskrisis. Die verkeerde gesindhede rondom die prediking (wat oor jare gevorm is) gee maklik aanleiding tot bedieningsuitbranding.

### 3.1.3. <u>Gesindheid en optrede</u>

Dit is reeds gestel dat daar in die Sosiale Psigologie 'n diepgaande debat bestaan oor die feit of gesindhede uit drie komponente bestaan, naamlik: 'n kognitiewe (oortuigings), 'n affektiewe (evaluering of emosies) en 'n konatiewe (motiewe of voornemens) komponent. Volgens Louw & Edwards (1998:708) sentreer die vraag rondom die siening dat baie persone gesindhede in terme van die affektiewe komponent definieer. Baron & Byrne (1994:137) dui aan dat die saak verder bemoeilik word deur navorsing wat benadruk dat gesindhede nie 'n groot invloed op gedrag uitoefen nie. Louw & Edwards (1998:708) benadruk die balans wat in die saak in berekening gebring moet word. Hulle vestig die aandag op die teorie van beredeneerde optrede van Fishbein en Ajzen. Volgens die teorie word gesindhede in terme van die affektiewe komponent gedefinieer, terwyl die kognitiewe asook konatiewe komponente hierin geïnkorporeer word. Volgens die teorie

lei 'n oortuiging (kognitief) of 'n gevoel (affektief) nie noodwendig tot 'n voorneme (konatief) om iets te doen nie. Die model kan soos volg voorgestel word:




Die volgende afleidings kan hieruit gemaak word:

- Voornemens bepaal hoe mense optree. Voornemens word egter deur twee faktore bepaal, naamlikgesindhede en subjektiewe norme.
- Gesindhede word deur oortuigings beïnvloed.
- Subjektiewe norme word deur normatiewe oortuigings beïnvloed.
- Oortuigings gee aanleiding tot gesindhede.

Volgens Du Plessis et al. (1990:104) en Louw & Edwards (1998:709) gee twee faktore aanleiding tot die swak verband tussen gesindhede en gedrag:

- Mense tree nie op indien gesindhede nie sentraal in hulle lewens staan nie.
- Mense beskik baie keer nie oor die vaardighede, kennis of selfbeheer om in ooreenstemming met hulle gesindhede te handel nie. .

Indien gesindhede sterk en sentraal en betekenisvol vir persone is en dit nie deur botsende normatiewe invloede bevraagteken word nie, toon dit wel 'n sterk verhouding met gedrag of optrede (Baron & Byrne, 1994:137; Cohen, 1966:24). Vanuit bogenoemde beredenering is aangetoon dat die verhouding tussen gesindhede en gedrag 'n komplekse verhouding is. Een saak spruit hieruit voort, naamlik dat gesindhede wat sentraal staan, wel 'n verband toon met gedrag. Baron & Byrne (1994:137) benadruk met die oog hierop 'n aantal faktore wat die sterkte van die band tussen gesindhede en gedrag beïnvloed:

- Gesindheid en spesifisiteit. Spesifieke in plaas van algemene gesindhede is beter determinante vir gedrag.
- Die drie komponente waaruit gesindhede bestaan is nie oral te alle tye ewe konstant nie. Een of meer van die komponente is dikwels nouer verbonde aan gedrag as die ander.
- Die sterkte van gesindhede asook belangstellings en die rol van selfbewussyn. Gesindhede wat deur direkte ervaring geïnternaliseer is, is sterker as die gesindhede wat deur blote waarneming opgeneem is. Gevestigde belangstellings verhoog die band tussen gesindhede en gedrag. Selfbewussyn dui op die wyse waarop mense fokus op hulle eie gesindhede en handelinge. Die vermoë om bepaalde gesindhede te kan skep, verhoog die moontlikheid dat gesindhede gedrag beïnvloed. Sodoende lei die selfbewussyn daartoe om spesifieke gesindhede in die fokus te bring en as gids te dien vir gedrag.
- Die toeganklikheid tot gesindhede dien as krag wat bind. Toeganklikheid dui op die vermoë om sekere inligting in die geheue op te roep. Die toeganklikheid van gesindhede dui op die gemak waarmee spesifieke gesindhede opgeroep kan word om sodoende die gedrag te rig. In die opsig speel die assosiatiewe sterkte 'n groot rol. . Dit dui op die verhouding in die geheue tussen die objek en die evaluering daarvan. Indien die assosiasie sterk is, word gesindhede makliker geaktiveer en oefen 'n groot impak uit op gedrag.

**<u>Toepaslike perspektiewe op gesindheid en gedrag ten opsigte van die prediker en prediking</u>**

Die volgende perspektiewe spruit uit die bespreking hierbo voort:

- Alhoewel daar nie altyd 'n sterk band tussen gesindheid en gedrag bestaan nie, bestaan daar tog 'n noue verband indien sekere gesindhede sentraal staan in die prediker se lewe. In hoofstuk 2 is aangetoon dat sekere gesindhede sentraal behoort te staan in die prediker se lewe (vergelyk die Woordbedieningsbegrippe asook gesindhede wat hiermee gepaard gaan onder punt 2. 3. 3). Hiermee word die aandag gevestig daarop dat die prediker se preekgesindheid 'n groot invloed uitoefen op die wyse waarmee hy in sy prediking met die gemeente omgaan.

- Die prediker besit sekere gesindhede rondom die prediking wat sterk en sentraal staan, aangesien hy dit uit eie ervaring opgedoen het. Die prediker se gesindheid teenoor die prediking kan wissel van positief tot negatief. Derhalwe is dit nodig dat die prediker hom sal vergewis van sy gesindheid ten opsigte van die prediking. In die Sosiale Psigologie word dit gesindheidstoeganklikheid genoem.
- Die prediker bedien volgens Dingemans (1991:153) die Woord op vier terreine, naamlik:
  * n saaklike niveau. Hiermee probeer die prediker die saak van die Woord by hoorders tuisbring (teologiese kompetensie).
  * n relasionele niveau. Op die terrein word die erns of die onverskilligheid van die prediker ten opsigte van die hoorders uitgedruk. Vanuit die hoek van die hoorders word die prediker simpatiek of selfs onsimpatiek ervaar (relasionele kompetensie).
  * die ekspressiewe niveau. In die prediking word baie van die prediker se sieninge en opvattinge geopenbaar (kompetensie om op outentieke wyse met homself om te gaan).
  * n appelerende niveau. Die prediker wil deur middel van die prediking iets bereik. Op die terrein word die persoonlike geloof van die prediker in fokus gebring. In die prediking moet die prediker se betrokkenheid by die saak uitstraal- die prediker se spiritualiteit.
- Indien die prediker bewus bly van die opdrag om te preek soos wat God dit vereis, behoort die assosiatiewe sterkte m. a. w die verhouding tussen die prediking en die prediker se evaluering daarvan te verhoog. Indien dit plaasvind, word gesindhede makliker geaktiveer en word die gevolg hiervan in die prediking bemerk. Die prediker word sodoende in staat gestel om 'n oog te hê vir die vaardighede waarmee hy rekening moet hou in die prediking.

### 3.1.4. <u>Insigte van die Kommunikasiekunde - die verandering van gesindhede</u>

In hierdie onderafdeling word veral gefokus op toepaslike gegewens vanuit die Kommunikasiekunde veral met betrekking tot die verandering van gesindheid.

#### 3.1.4.1. <u>Oorredingskommunikasie</u>

Hieronder word verstaan kommunikasie wat doelbewus daarop gerig is om mense se gesindhede en gedrag te verander (Baron & Byrne, 1994:142; Louw & Edwards, 1998:711; Morgan, 1977:395). Volgens Louw & Edwards (1998:711) beïnvloed drie faktore die oorredingskommunikasie:

- Die kommunikator. Indien die kommunikator aantreklik en selfversekerd voorkom, is die boodskap meer effektief. Mense identifiseer makliker met die kommunikator indien hulle hom as seker van sy saak ervaar.
- Die inhoud van die boodskap. Met die inhoud van die boodskap word 'n oproep gedoen op die rede of emosie van mense.
- Die medium van kommunikasie. Persoonlike kommunikasie met 'n persoonlike inslag het groter trefkrag.

Baron & Byrne (1994:142) beskou bogenoemde benadering as die sogenaamde tradisionele metode (die Yale benadering) om gedrag te verander.


#### 3.1.4.2. <u>Die kognitiewe benadering</u>

Volgens Baron & Byrne (1994:144) gaan dit in die benadering oor die prosesse wat plaasvind indien iemand oorreed word om te verander. Oorreding kan volgens die benadering op twee wyses geskied:

1. Volgens die ELM model (Elaboration likelihood model) kan twee roetes gevolg word indien 'n oorredende boodskap ontvang word. Indien die boodskap gerig is op 'n saak wat relevant is, word aandag aan die boodskap gegee. Die roete staan as die sentrale roete bekend, met ander woorde oortuigende argumente speel 'n groot rol. Indien oorredende boodskappe met relatief onbelangrike en irrelevante sake handel, vind oorreding deur middel van 'n perifere roete plaas. Langs hierdie weg vind min kognitiewe aktiwiteit plaas.

'n Gesindheidsverandering vind plaas op grond van 'n outomatiese respons as gevolg van oorredingswenke binne die boodskap. Indien die hoorder nie in staat gestel word om die

boodskap te kan ontleed nie, vind bogenoemde plaas. Die saak kan skematies soos volg voorgestel word:




2. Die heuristiese model van oorreding. Die model behels dat wanneer 'n persoon betrokke in 'n saak is, vind 'n sistematiese prosessering van inligting plaas.

### 3.1.4.3. Die verandering van gesindhede deur gedrag te verander

Volgens die teorie van kognitiewe konsekwentheid verkies mense dat hulle gesindhede met hulle gedrag ooreenstem (Louw & Edwards, 1998:712). Indien gedrag plaasvind wat van gesindhede verskil, word kognitiewe dissonansie ondervind (Freedman et al., 1981:361). Louw & Edwards (1998:712) is van mening dat bogenoemde begrip neerkom op die botsing van twee of meer kognisies. Dissonansie laat mense ongemaklik voel en daarom is hulle gemotiveerd om die spanning te verminder. Hiervolgens is dit moontlik om gesindhede te verander deur die gedrag te verander. Die teorie van kognitiewe dissonansie hou ook 'n gevaar in. Persone wil nie die indruk kry dat hulle gedwing word om hulle gesindhede te verander nie. Mense wil graag in die saak 'n vrye keuse hê (Louw & Edwards, 1998:712).

### 3.1.4.4. Verandering van gesindhede deur die ideologie te verander

Gesindhede wat deur kulturele, etniese, politieke en godsdienstige groepe gehandhaaf word, is diep in ideologiese oortuigings geanker (Louw & Edwards, 1998:713). Die tipe

gesindhede kan nie verander word deur net die gedrag te verander of om voldoende inligting te verskaf nie. 'n Verandering in ideologiese sieninge is nodig om die gesindhede te verander (Louw & Edwards, 1998:713).

### 3.1.4.5. Oorreding deur middel van kommunikasie as die proses om gesindhede te verander

Freedman et al. (1981:363) benadruk die feit dat mense nie graag wil erken dat hulle deur ander mense beïnvloed word nie. Indien mense se vryheid bedreig word, bied hulle weerstand (Morgan, 1977:395). Mense verkies dikwels die weg van die minste weerstand deur 'n traagheid ten opsigte van verandering te toon (Freedman et al. , 1981:363). Oorredende kommunikasie word beskou as 'n uiters effektiewe wyse waarop gesindhede verander kan word (Du Plessis et al. , 1990:106).

Indien die kommunikasie strydig is met die hoorder se posisie, veroorsaak dit spanning. Die enigste manier om van die spanning ontslae te raak, is om die gesindheid te verander (Baron & Byrne, 1994:151). Mense reageer verskillend op die oorredende boodskap (Freedman et al. , 1981:365):

- Die boodskap kan sonder enige goeie rede verwerp word.
- Persone kan die bron van die boodskap afbreek.
- Die boodskap kan verdraai word om sodoende die spanning hierbo aangedui te verlig.

In oorredingskommunikasie speel die dunk wat die hoorder van die kommunikator het 'n prominente rol (Freedman et al. , 1981:367). Die volgende sake is hier van belang:

- Die waardigheid van die kommunikator. Gesindhede verander makliker indien die kommunikator as 'n kundige beskou word.
- Die betroubaarheid van die kommunikator. Hoorders verkies dat die kommunikator onpartydig moet wees. Die kommunikator moenie voordeel put uit die oorredingsboodskap nie.
- Voorkeure. Mense het 'n natuurlike geneigdheid om mense te verkies met dieselfde sieninge as hulle. Mense verander makliker hulle gesindhede om ooreen te stem met die mense waarvan hulle hou. Indien die hoorder met die kommunikator identifiseer, vind gesindheidsverandering makliker plaas.

- Verwysingsgroepe. Mense wil graag aan 'n groep behoort, veral as die groep 'n homogene opinie huldig. Die mening van die groep speel 'n groot rol in die oorreding.

Van Jaarsveld (1991:10) beskou oorreding as die planne wat die spreker in werking stel om in die hoorder 'n kognitiewe konstellasie van feite, oortuigings en aannames tot stand te bring in ooreenstemming met sy eie. Van Jaarsveld (1991:10) beskou 'n oorredingstrategie vanuit die hoek van die spreker as 'n poging om:

- 'n bepaalde interpretasie te verseker.
- die verlangde reaksie op die strategie te verkry en
- 'n goeie gesindheid te behou.

Die spreker (kommunikator) verkry dit deur

- Sy gesindheid
- Sy taalgebruik.

Van Jaarsveld se siening benadruk opnuut die wisselwerking tussen die gesindheid van die spreker en dié van die hoorder. Die gesindheid waarin die spreker (prediker) sy oorredingstrategie rig, dra by tot die feit of die goeie gesindheid van die hoorder behou word al dan nie.

Volgens Huebsch (1995:9) speel die gesindheid van die prediker in die kommunikasiegebeure van die prediking 'n vername rol. Die volgende sake is in die opsig van belang:

- Die gesindheid ten opsigte van die prediking self. In die meeste gevalle gee 'n positiewe gesindheid ten opsigte van prediking aanleiding tot positiewe en sinvolle kommunikasie.
- Die selfbeeld van die prediker. Die prediker moet in die kommunikasie let op die wyse waarop hy preek. Daarom is dit noodsaaklik dat hy homself sal vergewis van sy selfbeeld wat moontlik aanleiding kan gee tot 'n steurende wyse van prediking wat dit vir lidmate moeilik maak om in gesprek met God te tree.
- Die gesindheid van die prediker ten opsigte van die inhoud van die prediking. Die prediker moet onwrikbaar glo in die Woord wat hy verkondig. Indien die prediker die

sin en waarde van die preek vir sy eie lewe besef, stel dit hom in staat om met oorgawe te preek.

- Die gesindheid ten opsigte van die gemeente. Die gesindheid van die prediker dra by tot die vorming van gesindhede by die gemeente en andersom. Die prediker moet die gemeente in die regte lig sien en nie as blote hoorders wat net moet aanhoor en dan daarop moet reageer nie.

Die prediker moet as kommunikeerder in die prediking daarop konsentreer om die regte kommunikasie of preekgesindheid te kweek. Volgens Huebsch (1995:10) verdien die volgende sake in die opsig aandag:

- Erkenning van die belang van die persoon of lidmaat se teenwoordigheid in die prediking. Mense besit die natuurlike behoefte om belangrik of spesiaal te voel. Hieronder word verstaan dat lidmate tuis moet voel onder die verkondiging van die Woord. Die prediker moet in die preekvoorbereiding en lewering hiermee rekening hou. Natuurlik behels dit geensins dat die prediker moet preek waarvan mense hou nie, maar dit behels dat die prediker moet let op sy hoorders wat in 'n ontmoeting met God verkeer.
- Respek en beleefdheid. In die prediking moet die prediker altyd respek betoon teenoor die gemeente. Die prediker moet selfs te midde van kritiek steeds daaraan werk om 'n positiewe gesindheid te behou. Die kritiek moet in selfondersoek geweeg en verwerk word.
- Erkenning van die idealisme van lidmate. Die idealisme van lidmate kom dikwels na vore in voorstelle wat gemaak word oor die prediking. Hierin moet die prediker die gemeente saamneem met 'n simpatieke oor.
- Die prediker moet deel wees van die gemeente. Die prediker mag nie lewensvreemd teenoor die gemeente staan nie. Die prediker moet as eerste onder die gelykes (*primus inter pares*) volhard daarin om deur die prediking op te bou eerder as om met sy negatiewe gesindheid af te breek.

**Perspektiewe op die verandering van gesindhede**

Die volgende perspektiewe word gebied:

- Oorreding is die proses waardeur gesindhede verander word. In oorredingskommunikasie word verskillende soorte inligting aan die hoorder deurgegee op grond waarvan gesindhede moet verander.
- Kognitiewe dissonansie word ervaar indien 'n persoon 'n botsing tussen twee gesindhede ervaar of indien 'n botsing tussen gedrag en gesindheid na vore tree. Persone probeer gevolglik om die dissonansie te verminder.
- Die gesindheid van die prediker speel 'n groot rol in die oorredingskommunikasie. Hoorders wil nie ervaar dat hulle vryheid bedreig word nie. Die prediker moet derhalwe begrip toon vir kognitiewe dissonansie. Die oorredingskommunikasie moet op sodanige wyse geskied dat hoorders hiermee saamgeneem word, met ander woorde hoorders moet met die prediker kan identifiseer.
- Dingemans (1991:154) bied 'n analise van die kommunikatiewe gebeure tussen prediker en hoorders wat berus op die psigologiese persoonlikheidsleer. In die analise val die klem op die interaksionele aspek, met ander woorde die invloed wat mense op mekaar uitoefen in hulle omgang met mekaar. Die analise staan bekend as die Transaksionele analise. Die analise sien daar soos volg uit:
    * Drie lae of ego-posisies word onderskei in mense, naamlik die ouerposisie, die volwasseneposisie en die kindposisie.
    * In die ouerposisie gaan dit meerendels om die vermanende en kritiese funksie wat uitgeoefen word soortgelyk aan die gewetensfunksie van ouers.
    * Indien besluite selfstandig geneem word, word in die volwasseposisie verkeer.
    * In die kindposisie word gedink en gehandel soos 'n kind.
- Mense verander maklik van egoposisie. Die Transaksionele analise bied die moontlikheid om verskillende transaksies te ontdek indien mense met mekaar kommunikeer bv:
    * n Gesprek tussen volwassenes.
    * Die spreker spreek vanuit die ouerposisie waarna die hoorder antwoord met die kindposisie. In vermanende preke word die tipe reaksie maklik ontketen,

naamlik dat lidmate die kindposisie inneem. Talle reaksies volg hierop soos onder andere opstandigheid of selfs ignorering van die boodskap.

  * Die kind in die spreker (prediker) kan die ouer in die hoorder oproep. Volgens Dingemans (1991:156) kom die kindposisie veral in die gesindheid van die prediker na vore. Die kind in die prediker laat dikwels medelye en begrip by die hoorder onstaan.

- Die prediker moet volgens Dingemans (1991:157) nie huiwer om sy persoonlikheid op die preekstoel te openbaar nie. Hiermee bedoel bogenoemde skrywer dat die prediker al drie ego-posisies op die preekstoel moet openbaar.
- Die insigte van die Transaksionele analise van die kommunikasiegebeure stel die prediker in staat om te besef dat die wyse waarop hy preek sekere gevolge by die hoorders ontlok. Die verskillende rolle wat die prediker in die prediking kan inneem, beklemtoon die ryke verskeidenheid in die kommunikasiegebeure tussen prediker en gemeente.
- Die verkeerde preekgesindheid stimuleer die gevaar van eensydige prediking soos:
  * Allegorisering of vergeesteliking. Predikers trap in die slaggat om "geestelik" meer te wil sê as wat die betrokke teks self sê (Venter, 1991:42).
  * Moralisering of die preek van 'n sedelessie. In dergelike gevalle neig die prediker op grond van 'n verkeerde gesindheid om die imperatief los te maak van die indikatief asook die belofte. Die groot fout hiermee is dat die prediker in moralisme die toerustende indikatief vervang met 'n eindelose moenie-patroon (Venter, 1991:43).
  * Spiritualisering. Hiermee word die Woord van God verskraal alleenlik tot die intiem persoonlike verhouding met God (Venter, 1991:43).
- Verkeerde preekgesindhede moet verander word. Die verandering van gesindhede by die prediker vereis dat die prediker as hoorder onder die hoorders voortdurende selfondersoek moet doen na gesindhede. In die opsig moet die prediker waak teen 'n oordrewe sensitiwiteit ten opsigte van die beoordeling deur ander mense uitgespreek.
- Preekgesindheid word verander deur te luister na wat die Woord hieroor sê. Die prediker se omgang met die Woord, met ander woorde sy selfvoeding (spiritualiteit) kom hiermee in fokus. Die prediker moet self buig voor God se Woord en in die

gesindheid van 'n dienaar of instrument die Woord verkondig soos wat dit aan hom opgedra is.

- Indien die prediker deur middel van oorredende kommunikasie die gemeente se gesindheid wil aanspreek, behels dit dat hyself deur die boodskap van die oorredende kommunikasie gegryp moet wees. Indien die prediker glo in dit wat hy verkondig, dra dit daartoe by dat lidmate hom "geloofwaardig" vind. Op die wyse word die aandag gefokus op wat die Woord sê en word identifisering met die prediker vergemaklik.
- Roukema-Koning (1993:400) benadruk vanuit die Kontemplatiewe Psigologie die verhouding tussen gesindhede en spiritualiteit. Die prediker se geestelike instelling beïnvloed die werklikheidsbelewing asook gedrag van die prediker. Vanuit die ervaringslaag, met ander woorde dit wat in die hart leef, word die lewensgesindheid gevoed.
- Die prediker moet in die weg van selfverloëning 'n voorbeeld wees vir die gemeente (Roukema-Koning, 1993:406). In selfverloëning moet die prediker begrip toon vir die feit dat die verandering van gesindhede 'n ontwikkelingsproses is. Indien die prediker vanuit sy eie gesindheidsontwikkelingsproses na die gemeente kyk, moet hy begrip toon vir mense. Roukema-Koning (1993:406) toon aan dat die prediker via geestelike onderskeidingsvermoë moet leer om gesindhede te interpreteer. Die onderskeidingsvermoë word gekweek deur self in die geloof te groei.

### 3.1.5. <u>Die persoon van die prediker en preekgesindheid</u>

Die prediking kan nie geskei word van die persoon van die prediker nie (Stott, 1982:265; Pieterse, 1985:71). Die patroon van blywende kenmerke word persoonlikheid genoem (Louw & Edwards, 1998:513; De Klerk, 1975:32). Alhoewel daar 'n individuele trek by elke prediker teenwoordig is wat van hom 'n unieke persoon maak, is daar tog verskillende persoonlikheidstipes te onderskei (Nel, 1994:78). Die prediker se gedrag, sy geloofsfokus, aksies en reaksies hou verband met sy persoonstipe. Predikers tree verskillend in die prediking op omdat die verskille in persoonlikheid talryk en kompleks van aard is.

Volgens Louw & Edwards (1998:515) bestaan daar geen wetenskaplike gronde vir die identifisering van 'n aantal persoonlikheidstipes nie. Indien mense hierna verwys, is hulle sieninge dikwels 'n weergawe van hulle eie waarnemings en stereotipes. Stereotipering verwys na die toeskryf van spesifieke eienskappe aan alle of die meeste lede van 'n sosiale kategorie. Hiervolgens word oordrewe positiewe eienskappe toegeskryf aan mense binne die binnegroep, met ander woorde mense waarmee jy identifiseer, en oordrewe negatiewe eienskappe aan mense van die buitegroep. Louw & Edwards (1998:515) verleen egter voorkeur aan die begrip persoonlikheidstrekke waarvolgens sekere eienskappe geïdentifiseer word waaroor alle mense in 'n mindere of meerdere mate beskik.

Volgens bogenoemde skrywers kan persone volgens die volgende persoonlikheids-dimensies geplaas word:

Ekstraverties
Gesellig, impulsief

Neuroties
Sterk emosies
maklik opgewek

Stabiel
Matige emosies
nie maklik opgewek

Introverties
Stil, hou daarvan om alleen te wees
selfbeheersd.


Louw & Edwards (1998:518) verwys na die mees onlangse navorsing in die "trekbenadering" ten opsigte van persoonlikheid. 'n Vyffaktor model word onderskei wat bestaan uit die vyf fundamentele persoonlikheidsfaktore, naamlik oopheid, pligsgetrou-heid, ekstraversie, aangenaamheid en neurotisme. Die saak kan skematies soos volg voorgestel wordnaamlik:

| **Trek** | **Hoë telling** | **Lae telling** |
|---|---|---|
| Oopheid | Weetgierig, soek nuwe en onbekende ervarings | Konvensioneel, beperk sonder verbeelding |

| | | |
|---|---|---|
| Pligsgetrouheid | Georganiseerd, betroubaar en gemotiveerd ten opsigte van doelgerigte gedrag. | Doelloos, onbetroubaar agtelosig en nalatig. |
| Ekstraversie | Sosiaal, aktief, spraaksaam optimisties, lief vir plesier | Ingetoë, stil, teruggetrokke |
| Aangenaamheid | Goedgeaard, vertrouend reguit. | Onbeskof, wantrouig geïrriteerd, dwars |
| Neurotisme | Emosioneel, bekommerd ongeborge, senuagtig | Onemosioneel, kalm geborge, ontspanne. |

Barnard (1994:19) wys op sy beurt op bepaalde karaktertrekke en die effek wat dit op die bediening het. In sy ondersoek vestig bogenoemde outeur die aandag (vanuit die Psigologie) veral op die ekstreemvorme.

Skematies sien sy beredenering soos volg daarna uit:



Vanuit die skematiese voorstelling vestig Barnard (1994:18) die aandag op persoonlikheidsprobleme by die prediker soos o. a. :

- 'n Swak selfbeeld of minderwaardigheidsgevoel waarvoor dikwels vergoed word deur 'n meerderwaardigheidsgevoel.
- Negatiwiteit, moedeloosheid, swaarmoedigheid en depressie. Dit alles word maklik deur mense opgemerk en oefen 'n invloed op hulle uit.
- Rasionalisering, selfregverdiging en selfverdediging.
- Allerlei gepreokkupeerde probleme. Hierin word die klem eensydig geplaas op sake van minder belang, terwyl in alles fout gevind word.

Die prediker moet altyd balans in sy lewe en prediking nastreef. Volgens De Klerk (1975:34) word die gesindheid van die mens bepaal deur die onderskeiding tussen die morele en funksionele oriëntasie van die mens. In hierdie opsig dra die kennis van die persoonlikheidstrekke daartoe by om die prediker se aandag te vestig op

- die gedragspatrone en reaksies van mense binne 'n bepaalde persoonlikheidstrek;
- die insig in die persoonlikheidstrekke stel die prediker in staat om te let op die postiewe. sowel as negatiewe van die persoonlikheidstrekke. Die positiewe moet sterker uitgebou en die negatiewe getemper word.

**<u>Samevattende perspektiewe op die persoon van die prediker</u>**

Die prediking kan nie van die persoon van die prediker geskei word nie. Hieruit vloei die volgende perspektiewe voort:

- Die prediker se gedrag en sy prediking hou verband met sy "persoonstipe". Predikers tree verskillend op in die prediking omdat die verskille in persoonlikheid talryk en kompleks van aard is.
- Dit is noodsaaklik dat die prediker op eerlike en kritiese wyse na sy persoonlikheids-trekke kyk en homself hiervan vergewis.
- Die prediker moet in 'n kritiese selfondersoek na die persoonlikheidstrekke let op daardie faktore wat moontlik aanleiding kan gee tot die ontwikkeling en beoefening van verkeerde preekgesindhede

**Samevattende perspektiewe op die prediker en preekgesindheid**

Sosiale Sielkunde het betrekking op die studie van die wyse waarop die individu se gedrag en belewenisse deur ander mense beïnvloed word. Die volgende metateoretiese perspektiewe spruit voort vanuit die bespreking oor die metateoretiese perspektiewe op die prediker en preekgesindheid:

- 'n Preekgesindheid dui op 'n ontvanklikheid, gereedheid, vatbaarheid of neiging om op 'n sekere wyse met die prediking en gemeente om te gaan. 'n Gesindheid omvat drie komponente, naamlik:
    * 'n Kognitiewe komponent - gedagtes of oortuigings.
    * 'n Affektiewe komponent -evaluerings of emosies.
    * 'n Konatiewe komponent - Motiewe of voonemens.
- Preekgesindhede word op verskillende wyses aangeleer, naamlik:
    * deur middel van klassieke kondisionering. Kollegas en gemeentes asook ander individue oefen 'n invloed op die prediker uit. Verwysingsgroepe speel in die proses 'n vername rol;
    * deur middel van instrumentele kondisionering waartydens die prediker leer om sekere sieninge te handhaaf. In die proses leer die prediker dat sekere tipes gedrag goedkeuring of afkeuring ontvang van lidmate; en
    * deur middel van direkte ervaring. Die gesindhede wat hierdeur gevorm word, neig om baie intens en sterk te wees.
- Die voornemens by die prediker spesifiek ten opsigte van die prediking word deur twee faktore bepaal, naamlik gesindhede en subjektiewe norme. Gesindhede word op hulle beurt deur oortuigings beïnvloed. Oortuigings gee dus aanleiding tot gesindhede.
- Sterk preekgesindhede openbaar 'n noue band met die gedrag van die prediker. Dit is noodsaaklik dat die prediker 'n selfbewussyn ten opsigte van gesindhede aanleer. Selfbewussyn dui op die wyse waarop predikers moet fokus om in voeling met hulle gesindhede en gedrag te wees. Die selfbewussyn word vergemaklik indien die assosiatiewe sterkte van gesindhede goed is. Indien die assosiatiewe sterkte hoog is, word gesindhede makliker geaktiveer en openbaar gesindhede 'n sterker impak op gedrag.
- Verkeerde preekgesindhede kan verander word. Oorredingskommunikasie word erken as die wyse waarop gesindhede verander kan word. Die prediker as hoorder onder die

hoorders moet in preekvoorbereiding asook lewering buig voor God se Woord wat vereis dat die Woord in sekere gesindhede bedien moet word.

- Gesindheid en spiritualiteit staan in 'n noue verhouding tot mekaar. Deurdat die prediker in 'n intieme verhouding met God verkeer, voed hy nie net homself nie, maar ook die gemeente deur middel van prediking. Vanuit die deurleefde verhouding met God moet die prediker homself voortdurend vergewis van die gesindheid waarin die prediking geskied.
- Verkeerde preekgesindhede gee aanleiding tot eensydige prediking soos o. a. allegorisering, moralisering en spiritualisering.

# Hoofstuk 4

## 4.1. Die begrip praktykteorie

'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer (Venter, 1996:89). In hoofstuk 1 is aangetoon dat nuwe praktykteorieë gevorm word deur die hermeneutiese wisselwerking tussen 'n basisteorie enersyds en 'n bestaande situasie andersyds. Die teorievorming vind plaas vanuit die perspektief van 'n bepaalde basisteoretiese en metateoretiese visie (Pieterse, 1991:138). Venter (1996:90) toon aan dat die begrip praktykteoreties nie resepmatigheid met die oog op die praktyk beteken nie, maar wel prakties-teologiese navorsing vanuit 'n bepaalde teorie. In hierdie navorsing val die keuse deurgaans op die begrip perspektief of perspektiewe. Hiermee word uitgegaan van die siening dat perspektiewe en nie finale bevindinge nie, aangebied word. Vanweë die omvang van hierdie skripsie sal empiriese navorsing oor prediker en preekgesindheid eerder in 'n volgende of meer omvattende studie aan die orde moet kom. In hierdie hoofstuk sal praktykteoretiese perspektiewe gebied word as uitvloeisel van die wisselwerking tussen die ontginde basisteorieë en metateorieë.

In die bespreking wat volg, sal die volgende sake aandag geniet:

- Preekgesindheid en die voorbereiding van preke
    - Die voorafgebed
    - Tekskeuse
    - Eksegese
    - Hermeneuse
- Preekgesindheid en spiritualiteit
- Preekgesindheid en preekoordrag
- Preekgesindheid en preekbespreking
- Preekgesindheid en kritiek op preke
- Samevattende praktykteoretiese perspektiewe gerig op die praxis

## 4.2. Preekgesindheid en die voorbereiding van preke

### 4.2.1. Preekgesindheid en die prediker se ingesteldheid ten opsigte van prediking

Onder punt 2. 2. 2 asook 2. 2. 3 is aangetoon dat prediking die brugbou tussen die Bybel en die moderne wêreld is waardeur God Drie-enig deur sy geroepe dienskneg tot die gemeente spreek. Drie begrippe word in die definisie vervat: Bybel, die prediker en gemeente. Die prediker as nietige mens het dus 'n opdrag om die Woord aan die gemeente te verkondig. Die opdrag tot prediking vereis egter 'n bepaalde ingesteldheid van die prediker. Onder punt 3. 2. 1. is aangetoon dat die prediker sekere oortuigings oor homself, die gemeente asook die prediking besit. Die prediker moet die regte ingesteldheid ten opsigte van sy prediking openbaar.

Vanuit resente homiletiese navorsing word die volgende dimensies vir die prediker se ingesteldheid beklemtoon:

- Barnard (1994:99) dui aan dat die prediker wat nie goed voorberei nie se preke in blote roetine verval. Die boodskap van die prediking word deur God gegee, maar langs die weg van volgehoue inspanning en selfs worsteling. Inspirasie asook perspirasie gaan in die prediking hand aan hand.
- Cradock (1985:33) benadruk die feit dat die prediker in die prediking nie bloot probeer om iets van die hart af te kry nie. Die prediker se taak is wel om iets *in* die hart te kry en dit verg deeglike voorbereiding. Die taak van die prediker verg 'n gesindheid van erns waartydens die teks en gemeente in preekvoorbereiding by mekaar uitgebring word. Die gesindheid van erns moet gepaard gaan met 'n ingesteldheid daarop dat die sprekende Woord die prediker en sy situasie oorheers.
- Stott (1982:213) toon aan dat 'n gesindheid wat lei tot gebrekkige voorbereiding met die oog op prediking nie op die preekstoel weggesteek kan word nie. Die regte ingesteldheid ten opsigte van voorbereiding kom na vore in die uitleg, toepassing asook die eenvoud van die prediking. In die voorbereiding van preke speel die prediker se gesindheid 'n groot rol.
- Kim (1997:123) het aangetoon dat die prediker in die volle werklikheid van menswees staan met fisieke, geestelike, emosionele en sosiale dimensies. Die manier waarop die prediker hieroor dink en voel, bepaal dikwels sy gesindheid ten opsigte van prediking.

- Indien die prediker persoonlike probleme ervaar wat hy probeer onderdruk, kom dit juis teen sy sin in sy gesindheid op die preekstoel na vore (Vos, 1994:149). 'n Negatiewe preekgesindheid maak 'n negatiewe indruk op mense en staan die boodskap in die weg. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid dat die prediker sy probleme moet erken. Indien die prediker onsekerheid ervaar, probeer hy dit dikwels verberg deur met soveel sekerheid oor te kom dat mense moeilik kan identifiseer (Vos, 1994:149).

Die kernvraag in preekvoorbereiding is "Hoe kan die boodskap van die Woord in die prediking binne die konteks van mense uitgelê en verklaar word". Pieterse (1986:17) benadruk met die oog hierop die prediker se ingesteldheid op preekvoorbereiding wat met twee groothede, 'n ellips met twee brandpunte, te make het:

- Die Woord van God
- Die gemeente.

Pieterse (1986:21) dui aan dat wanneer die prediker die teks benader in die gesindheid dat dit God se Woord is en met die doel om gehoorsaam te luister, kom die teks tot spreke. Indien die teks 'n blote objek vir die prediker is, swyg die teks. Om aktueel te kan preek, is dit nodig dat die prediker in die voorbereiding van preke aandag gee aan die hermeneutiese proses waarin aandag verleen word aan die teks sowel as gemeente. Volgens Pieterse (1986:21) vind 'n wisselwerking plaas indien die teks en gemeentelike situasie saam oordink word. Dingemans (1991:74) bied 'n hermeneutiese model wat hy baseer op die sieninge van Gadamer en Ricoeur. Die model sien kortliks soos volg daar uit:

- In die prediking bestaan 'n voorland van ervaringe tussen die teks wat verklaar moet word en die mens. Predikers besit soos ander gelowiges 'n bepaalde vooroordeel met die onmiddellike indruk van 'n teks of die prediking. Vanweë 'n netwerk van vooroordele wat in die geheue opgesluit is, ken die mens ook betekenisse aan alles toe. Op die wyse word die nuwe ervaringe vanuit die vooroordele geïnterpreteer.
- Die vooroordeel moet 'n oordeel word in 'n heen en weer diskoers tussen die feite en mening wat bestaan. Dit word getoetste subjektiwiteit genoem.
- Deur betrokkenheid van teks en eksistensie vind 'n horisonversmelting van twee horisonne plaas.

**Konkretiserende perspektiewe op die preekgesindheid en die ingesteldheid ten opsigte van preke**

Die prediker se gesindheid speel 'n vername rol in preekvoorbereiding. Hieruit blyk die volgende:

- Die prediker moet in preekvoorbereiding die bedoeling van die Bybel ernstig opneem. Die Bybel is nie bedoel om 'n blote studie-objek te wees nie. Die Bybel is die Woord van God. Die prediker moet daarteen waak om deur die preek tot die gemeente te spreek *oor* God se Woord. Prediking wat nie getuig van die erns om God aan die woord te laat kom nie, is nie ware prediking nie. Indien prediking God aan die woord laat kom, verkry prediking geloofwaardigheid.
- In die voorbereiding van preke moet die prediker erns maak met die teks, maar ook met die situasie van die gemeente. Die prediker moet 'n deurleefde verhouding met die Bybel maar ook met die hoorders hê. Die deurleefde verhouding word gekweek en gevoed deur gereelde omgang met die Woord en met die gemeente. Dit vereis dat die prediker op gebalanseerde wyse ruim tyd moet bestee aan die Woord en die gemeente.
- Eers wanneer die prediker self deur die Woord getref is en hy vir homself preek, kan God se Woord deur hom tot die gemeente sny. Daarom verg preekvoorbereiding erns en dissipline van die prediker. Die prediker moet homself ruim geleentheid gun om biddend oor die boodskap van die teks te mediteer. Die prediker moet in die beplanning van sy werksaamhede gehalte-tyd afstaan om oor die teks te mediteer.
- Die gesindheid rondom preekvoorbereiding kan nie tydens die prediking verberg word nie. Prediking besit 'n onthullende aard. Die prediker staan as persoon midde in die gebrokenheid van menswees. Sy gesindheid teenoor die prediking en gemeente word weerspieel in die wyse waarop preke voorberei word. Die prediker moet waak daarteen dat gebeure gedurende die week van voorbereiding (persoonlik sowel as binne die gemeente) nie sy ingesteldheid ten opsigte van prediking nadelig raak nie.
- Die prediker moet homself voortdurend vergewis van sy ingesteldheid ten opsigte van preekvoorbereiding. Dit verg voortdurende selfondersoek. In die selfondersoek moet die prediker ook luister na die gemeente se waarneming (vergelyk. punt 4:5). Die prediker is immers nie met sy eie woord besig nie, maar bedien God se Woord.

### 4.2.2. <u>Preekgesindheid en die vooraf gebed</u>

Onder punt 2. 3. 2 is aangetoon dat die Woorbedieningsbegrippe die werking van die Heilige Gees veronderstel. Die inwerking van die Heilige Gees maak nie die harde werk van die prediker oorbodig nie (Van Rensburg, 1998:3). Onder punt 3. 2. 4. 5 is aangetoon dat oorredingkommunikasie veronderstel dat die prediker voortdurend moet luister na wat die Woord sê. Hiermee word die verhouding van die prediker met God aangeraak.

Kim (1997:147) dui die noodsaaklikheid van die gebed aan as kommunikasie met God. Die outeur toon in sy navorsing aan dat die gebed 'n dankbare reaksie van die mens is op dit wat God doen. Kim (1997:147) het ook in sy navorsing aangetoon dat die gebed 'n belangrike kanaal is waardeur die prediker sy spiritualiteit kan ontwikkel. Richards & Hoeldtke (1980:95) benadruk die feit dat predikers daartoe verbind moet wees om deur die gebed God se leiding te soek. Prediking vereis harde en intensiewe werk wat met kinderlike gebedsworsteling gepaard gaan (Van der Walt, 1982:62). Die prediker moet daarmee erns maak om God se Woord biddend te leer verstaan. Die prediker kan immers nie die Woord oopmaak indien die Heilige Gees dit nie doen nie (Van Rensburg, 1998:3). God maak volgens Van der Walt (1982:62) die Woord aan lidmate oop langs die weg van die prediker se inspanning rondom eksegese, studie, meditasie, bid, formulering, voordrag. Indien die prediker nie worstelend en op die knieë met die prediking omgaan nie, kan daar nie werklik sprake wees van prediking nie. Prediking kom immers worstelend met God tot geboorte. Die prediker bly in al die fasette van preekmaak tot by die prediking afhanklik van die werking van die Heilige Gees. Volgens bogenoemde outeur gee die werking van die Heilige Gees sekerheid aan die prediker oor sy opdrag tot prediking, terwyl die gesindheid van nederigheid versterk word.

Cilliers (1996:84) waarsku teen die gevaar van predikers wat preke in God se mond wil plaas. Vanweë 'n outoritêre preekstyl word die gesag van die prediking by die prediker gesoek. Hy beskryf hierdie preekstyl as **die hermeneutiek van die ek** wat bestaan uit 'n tweerigtinggesprek tussen die "ek" van die prediker en die "julle" van die gemeente. Deur die gebed moet die prediker telkens onder die indruk kom van sy onmag. 'n Preek kan nie in die eerste plek gebore word uit tegnieke of vermoëns nie. Ware prediking is die vrug

van die werking van die Heilige Gees. Die prediker moet deur middel van sy biddende voorbereiding asook voorafgebed diensbaar aan die feit wees. Cilliers (1996:90) druk dit soos volg uit "Alleen hy wat werklik na die Woord geluister het, word daardeur geraak, gekwes, verwond, en alleen hy wat deur die teks verwond is, is preekvaardig". In die voorafgebed moet die prediker bid om die nederige gesindheid waarin hy daarom smeek dat God deur die teks tot hom moet spreek.

Stott (1996:33) beklemtoon die noodsaak dat predikers in die gebed moet vra om die werking van die Heilige Gees. Voorbereiding moet volgens hom op die knieë gedoen word met die Bybel oop voor die prediker. In die voorbereiding moet gesmeek word om die verligting van denke en gesindheid sodat die prediker bo alles na God kan luister. Die prediker staan in 'n luisterende verhouding tot die teks (Pieterse, 1986:21). Indien die prediking in dié gesindheid na die teks luister, word hy aangespreek en saamgeneem deur die inwerking van die Heilige Gees.

**Konkretiserende perspektiewe op die preekgesindheid en voorafgebed**

Die voorafgebed is in die prediking noodsaaklik.

- Die prediker staan in 'n luisterende verhouding tot die teks. Eers nadat die prediker geluister het na wat God sê, kan hy tot ander spreek. Preekvoorbereiding moet biddend en worstelend geskied. Langs die weg van biddende voorbereiding, word preke gebore.
- Die prediker se gebedslewe moet daarvan getuig dat hy vir homself te bid, maar ook vir ander. Te midde van die gebrokenheid van menswees (soos in die vorige onderafdeling bespreek) dien die gebed as die belangrike koord waardeur die prediker hegter aan God gebind word. Daar is reeds aangetoon dat preekgesindhede moeilik verberg word tydens die prediking. Die prediker moet voortdurend bid om leiding dat hy die Woord in die regte preekgesindheid sal voorberei en lewer.
- Die prediker moet die gemeente toerus dat hulle die erns van prediking sal begryp. Verkeerde preekgesindhede gee aanleiding daartoe dat preke dikwels nie die gewensde effek toon nie. Die gemeente moet ook vir die prediker voorbidding doen om in die regte gesindheid met preekvoorbereiding besig te wees. Gebed en die oordenking van

die Woord kan immers nie van mekaar geskei word nie. Dit vereis dat prediker en gemeente mekaar moet ken en met mekaar se geestelike en alledaagse lewe vertroud moet wees. Die prediker moet dus voluit pastor wees, want sodoende leer die gemeente hom ken en kan hulle hul met hom in die gebed verenig.

### 4.2.3. Preekgesindheid en tekskeuse

Die preekgesindheid oefen 'n invloed op die prediker uit in die tekskeuse. In hoofstuk 2 (punt 2. 3. 3. 2) is aangetoon dat prediking in die gesindheid van alle lering moet geskied. Hiermee word bedoel dat prediking gerig moet wees daarop om lidmate te lei in die waarheid van die Woord. Prediking moet toerustend van aard wees. Die prediker moet daarom bedag wees daarop om nie 'n preekteks so te kies dat eensydige prediking hieruit voortspruit nie. Prediking as toerusting moet die gemeente vanuit die Woord begelei.

Stott (1982:213) toon aan dat daar geen eenvormige wyse van preekvoorbereiding bestaan nie. Elke prediker moet sy eie metode uitwerk wat pas by sy temperament en situasie. Die vernaamste voorwaarde is egter egtheid. In die tekskeuse moet die prediker in 'n nederige gesindheid van uitlegger en nie nie die van spekuleerder nie na 'n teks soek. In die tekskeuse beïnvloed veral vier sake die prediker, naamlik:

- Die liturgie
- Eksterne faktore soos gebeure in lidmate se lewens
- Pastorale faktore wat na vore tree vanuit die interaksie met die gemeente
- Persoonlike faktore.

Volgens Thomas (1976:64) moet predikers waak teen persoonlike voorkeur en willekeur in die tekskeuse. Van der Walt (1984:58) toon aan dat 'n verskeidenheid faktore buite die Skrif om die prediker na 'n teks lei. Die outeur waarsku teen 'n blote "aangegryp" wees wat aanleiding gee tot 'n bepaalde vooroordeel. Die oplossing is vir die outeur daarin opgesluit dat die prediker so onbevange as moontlik na die Skrif moet luister. Die luisterproses dui daarop dat die prediker homself moet verloën. Daarom is dit vir Van der Walt (1984:59) noodsaaklik dat 'n preekteks so gekies word dat God daarmee verkondig kan word. Veral drie gevare bedreig die prediker in die opsig:

- Moralisme watn preek tot ’n sedeles vervlak.
- Psigologisme wat ’n preek ontdoen van sy belang en betekenis vir die lidmate.
- Dogmatisme wat sentreer rondom uitsprake in plaas daarvan om God se Woord te laat spreek.

Voordat die prediker nie die Godsopenbaring van ’n teks duidelik raaksien nie, durf hy nie hieroor preek nie. Die prediker moet in sy tekskeuse homself vergewis van die verhouding waarin die teks tot die Godsopenbaring staan (Van der Walt, 1984:59):

- Feitemeedelend
- Handelingverklarend
- Oorsaakweergewend

'n Preekteks trek die ligstrale van God se openbaring skerp op een punt saam. Dié brandpunt van God se openbaring moet by wyse van die preekteks vreesloos op die prediker self en die gemeente gerig word.

Dit is die opdrag van die prediker om in die regte gesindheid te let op die regte tekskeuse. Barnard (1994:43) benadruk die **Sachetreue**, die getrouheid van die prediker teenoor die saak. Voordat die prediker kan spreek oor God se Woord moet hy eers hoor wat God gespreek het. Die prediker moet ook getrou wees in sy tekskeuse. Deurdat die prediker in die glans van die teks inkyk, word hy in staat gestel om die glans in die prediking oor te dra. Cilliers (1996:11) beskou ’n gebrek aan genoegsame erns met die preekteks as een van die oorsake van wettiese prediking waarin van lidmate verwag word om dit te doen wat God alleen in hulle kan doen. Die preekgesindheid van die prediker speel alreeds in die tekskeuse ’n groot rol. Daarom moet die prediker waak daarteen dat tekskeuse nie ontaard in vooroordeel nie. Tekskeuse moet gepaard gaan met ’n nederige gesindheid van daaglikse en nagtelike oordenking van die Woord. Valse prediking laat die Bybelteks op die preekstoel verstom (Cilliers, 1996:13). Die prediker moet toegewyd aan die preekteks bly.

**Konkretiserende perspektiewe op die preekgesindheid en die tekskeuse**

Die prediker moet in sy tekskeuse getrou wees teenoor God se Woord. Hieruit vloei die volgende voort:

- Ware prediking is teksprediking. Die prediker moet in sy keuse asook die lewering van die preek aan die teks gebonde bly. In die tekskeuse moet die prediker sy oor op die Woord hou om sodoende te luister na wat God sê. Eers nadat hy geluister het, kan die prediker spreek. Die prediker moet daarom te midde van 'n oorvol program daarteen waak om sy studie te verwaarloos. In die studie moet die prediker gebruik maak van allerlei hulpmiddele om sodoende by die skopus van die teks te kom. Baie maal is die studie 'n waarheidsworsteling, naamlik om vas te stel wat God sê. Predikers wat nie genoegsaam tyd afstaan vir die worsteling nie, is baie skuldig aan allerlei eensydige opmerkings oor byvoorbeeld sonde, verlossing, medemenslikheid. Aan die hand van allerlei skemas of begrippe probeer predikers dikwels om na 'n teks te soek wat pas by hulle voorveronderstelling wat eintlik niks anders as 'n vooroordeel is nie. Die prediker moet waak teen improvisering en spekulering in sy tekskeuse.
- Verskillende sake kan die prediker in sy tekskeuse beïnvloed. Die prediker moet homself hieroor verantwoord sodat tekskeuse nooit in vooroordele verval nie. Geestelike agterstande binne die gemeente, die nuusgebeure van die dag en persoonlike probleme by die prediker is enkele sake wat maklik aanleiding gee tot 'n preek wat reeds vooraf uitgewerk is, terwyl die prediker in sy meditasie net na 'n geskikte teks soek.
- Die prediker moet in die tekskeuse homself verloën in nederigheid. Die prediker se gesindheid beïnvloed sy tekskeuse. 'n Nederige gesindheid van luister na wat die Woord sê, het prediking tot gevolg wat bly by wat God se Woord sê.

### 4.2.4. Preekgesindheid en eksegese

Onder punt 2. 3. 3. 1 en 2. 3. 3. 2. is die gesindhede behandel wat die erns van die prediker ten opsigte van prediking asook die inhoud van die prediking verduidelik. Die gesindhede is prediking met volle gesag, prediking in geloof en waarheid en prediking in alle lering. Die gesindhede benadruk prediking wat Skriftuurlik begrond moet wees. Prediking moet deur geloof en waarheid gekenmerk word. Bogenoemde gesindhede bring

die noodsaak van voortdurende omgang met die Woord van God na vore. Een van die wyses waarop die prediker met die Woord moet omgaan, is die belangrike proses van eksegese.

Eksegese is 'n belangrike stadium in preekvoorbereiding. Die prediker is gedurende sy preekvoorbereiding op intense wyse met eksegese besig. Coetzee et al. (1980:12) verstaan onder eksegese die uitleg of uithaalkunde. Eksegese val in twee stadia uiteennaamlik: eksegese in enger sin (die bedoeling van die oorspronklike skrywer) asook hermeneuse (die betekenis van die Woord vir vandag). Bogenoemde outeurs benadruk die voorveronderstelling van die prediker, naamlik sy Skrifbeskouing. Die prediker moet homself voortdurend van sy voorveronderstelling vergewis en hiermee rekening hou.

Pieterse (1986:21) lig die volgende sake rondom die eksegese van die prediker uit:

- Eksegese moet die prediking dien deur die boodskap van die teks uit te spel.
- In die eksegese moet 'n ontmoeting tussen die wêreld van toe en die van nou plaasvind.
- Eksegese is die maatstaf waardeur die gedagtes vir kreatiewe prediking loskom.
- Die eksegese is die toets of die gedagtes van die prediking waar is met ander woorde eksegese toets of die gedagtes van die prediker in ooreenstemming met die teks is.
- Die eksegese gee daartoe aanleiding dat die prediker dit wat hy in sy gemoed ervaar onder woorde bring wat bogenoemde outeur "taling" noem.

Pieterse (1986:136) onderskei die volgende vereistes waaraan die prediker as eksegeet moet voldoen:

- Taalvaardigheid. Die prediker moet die taal van die Woord en die taal van die gemeente begryp.
- Literêre vaardigheid. Die prediker moet in staat wees om literêre genres te kan interpreteer.
- Begrip vir die konteks van die Bybel en die van sy hoorders.
- Die prediker moet met meer as een hermeneutiese lens op die teks fokus waarby die prediker op hoogte moet wees van die verskillende metodes van eksegese.

In die proses van eksegese is die gesindheid van die prediker van belang. Bingle (1987:6) praat van 'n geheiligde individualiteit. Hieronder verstaan hy dat die Woord van God deur die innerlike eksistensie van die prediker gaan sodat daar by die prediker 'n egte betrokkenheid en geloofwaardigheid ontstaan. Stott (1982:227) toon aan dat indien die prediker in die eksegese as nederige dienskneg luister, die gevaar van inlegkunde in plaas van uitlegkunde verdwyn. Die Woord moet in die hele proses van eksegese die prediker se gedagtes oorheers en ook die gang van die eksegese bepaal. Die Woord van God is nie 'n objek wat die prediker moet bestudeer nie. In die eksegese het die prediker steeds met God se Woord te make wat eerbied van die prediker vereis. In paragraaf 2. 3. 3. is aangetoon hoe die verskillende Woordbedieningsbegrippe die erns waarmee met die Woord van God. omgegaan moet word, beklemtoon. In die eksegese moet die prediker homself vergewis van sy gesindheid ten opsigte hiervan.

In die omgang met die Bybel en die uitleg daarvan, moet die prediker die bedoeling van die Bybel en sy boodskap ernstig neem (Barnard, 1994:99). Die preeknood by die prediker het dikwels as oorsaak 'n gebrekkige verhouding van die prediker met die Bybel. Daarom is dit nodig dat die prediker die Bybel sal erken vir wat die Bybel wil wees en wil sê. Barnard (1994:100) meen dat die volgende gesindheid in die voorbereiding van preke aandag moet geniet:

- Die getrouheid van die prediker teenoor die mense. Die prediker moet die gemeente ken (Pieterse, 1986:21). Vanuit die solidariteit met die hoorders moet die prediker die teks uitlê.
- Die prediker spreek as bemiddelaar (Dingemans, 1991:65). Die prediker is 'n tolk na twee kante:
    - Na die kant van die Bybel wat hy getrou moet opvang en sodoende aan die gemeente oordra wat die teks bedoel.
    - Na die kant van die hoorder. Daarom moet die prediker verstaan hoe die mens dink en voel.

Stott onderskei die volgende ses stadiums in preekvoorbereiding:

- Die tekskeuse. Die prediker moet in die nederige gesindheid van uitlegger en nie spekuleerder nie na ’n teks soek. 'n Preek wat eers tot ’n prediker gespreek het, is ’n preek wat ook tot ander spreek.
- Meditasie. Die periode van meditasie is ’n “incubation process” volgens bogenoemde skrywer. Die ideaal is dat die prediker homself ruim geleentheid gee om die teks te oordink. In die oordenking van die teks of gedeelte moet die prediker sekere vrae aan die teks stel met die gebruikmaking van allerlei hulpmiddele. Die meditasie moet biddend geskied.
- Die dominante gedagte moet geïsoleer word waarin die skopus van die gedeelte geïsoleer moet word. Die hele proses vra geduld van die prediker totdat die dominante gedagte homself ontvou. Sodoende moet die Woord die prediker se denke oorheers in plaas daarvan dat die prediker die Woord probeer oorheers.
- Die rangskikking van materiaal rondom die dominante gedagte.
- Die byvoeging van die inleiding en slot van die preek.
- Die neerskryf van die preek.

In die hele proses moet die sprekende Woord die prediker en sy situasie oorweldig (Pieterse, 1986:22). Die ontmoeting tussen die teks en die prediker geskied in ’n oopmakende ontmoeting. Die Woord moet tot diep in die prediker sny. Die biddende meditasie van die prediker waarin die teks en die situasie in konfrontasie staan, loop volgens Pieterse (1986:24) uit op ’n getroffenheid van die prediker. So beweeg die Woord deur die prediker heen na die gemeente waar dit in prediking geskied. Daar gebeur iets met die prediker daar waar hy deur die Woord aangespreek word. Die sprekende Woord breek in die bestaan en situasie van die prediker in. Dit geskied in die modus van worstelende dialoog waar die prediker in al die kontoere van sy bestaan gekonfronteer word. Die dialoog tussen die teks en die gemeente moet in die gemoed van die prediker afspeel (Pieterse, 1986:25). Die prediker moet die boodskap in sy gemoed ervaar en eers daarna kan hy die preek verwoord.

**Konkretiserende perspektiewe op die preekgesindheid en eksegese**

Eksegese is 'n belangrike stadium in preekvoorbereiding. Die prediker se gesindheid speel in die eksegetiese arbeid 'n vername rol:

- Die prediker moet in die eksegetiese arbeid op 'n egte wyse met die Woord omgaan. Die prediker moet eerbied hê vir die Woord en dit nie as 'n blote objek beskou nie. Die egtheid in die omgang met die Woord moet aanleiding gee tot geloofwaardigheid in die oordra van die Woord. Daar bestaan 'n wisselwerking tussen die prediker se getroue omgaan met die Woord by wyse van eksegese en die lewering van die preek. Die prediker wat op getroue wyse geluister het tydens eksegese ervaar die vrymoedigheid of positiewe gesindheid om hieroor te preek.
- Die ontmoeting tussen die teks en die prediker vind in 'n oopmakende verhouding plaas. In die eksegese moet die Woord deur die prediker sny. Indien die teks deur die prediker sny, dra dit daartoe by dat die prediker in entoesiasme voortgaan met die preekvoorbereiding asook preeklewering.
- Die prediker moet homself voortdurend vergewis van sy voorveronderstellinge rondom die Woord. Die voorveronderstelling mag nooit ontaard in 'n vooroordeel nie. Die voorveronderstelling moet aan die Woord getoets word. In die eksegese moet die prediker op ootmoedige en nederige wyse vra na God se openbaring in die betrokke teks. Dit vereis dat die prediker met 'n oop gemoed eksegese moet doen om sodoende te let op die rykdom van die Woord. Die verstaanproses of eksegese maak ook deel uit van die kommunikasieproses. Die prediker moet homself skool in die dekodering en kodering van die teks. Die boodskap van "toe" moet in die "hier en nou" verstaanbaar gemaak word. Dit vra daarom naas 'n gesindheid van nederigheid ook om 'n gesindheid van verantwoordelikheid by die prediker. Predikers moet voortdurend op hoogte bly van die nuutste lektuur asook ontwikkelinge op die terrein van eksegese om sodoende die kommunikasiegebeure te vergemaklik.

**4.2.5. Preekgesindheid en hermeneuse**

Hermeneuse hou hom besig met die vraag hoe die boodskap van die Woord (teks) uit die konteks van die destydse situasie onthul kan word en in die prediking in die konteks van

hier en nou gehul kan word. Stott (1982:137) noem die werksaamheid die brugbou tussen twee wêrelde: die van destyds en die van nou.

Pieterse (1986:18 ) en Dingemans (1991: 79) onderskei in die opsig die begrip verstaanshorison. Die teks is in 'n bepaalde verstaanshorison vasgelê wat oor die loop van eeue in 'n nuwe verstaanshorison verander het. Die prediking funksioneer daarom ook binne die beperkte horison van menslike begrip binne 'n spesifieke situasie. Met behulp van die prediking moet die boodskap van die teks in eietydse terme en taal vertaal word. Hiermee word bedoel dat die boodskap van die teks verstaan en verwoord moet word in die denkpatroon van die gemeente hier en nou. Die hele proses moet aanleiding gee tot 'n horisonversmelting waar die horisonne oor mekaar skuif (Dingemans, 1991:77).

Die prediker moet die regte gesindheid in hierdie proses openbaar. God gebruik die prediker as instrument om sy Woord te verkondig. Alleen deur die inwerking van die Heilige Gees kan die horisonversmelting plaasvind. Daarom moet prediking nie deur die prediker se siening oor die werklikheid van die lewe oorheers word nie, maar wel deur God se Woord wat 'n boodskap vir alle tye het. Prediking is daarom uitleg van die Woord in betrokkenheid op die huidige situasie (Pieterse, 1986:20). Die prediker moet in die dikwels eensame pad van preekvoorbereiding rekening hou daarmee dat alleen die Heilige Gees 'n verbinding tussen toe en nou kan bewerkstellig. Daarom kan die prediker in eksegese asook hermeneuse nie anders as om biddend te worstel om die verligting van die Heilige Gees nie. Om aktueel te kan preek moet die prediker uitleg (eksegese) en toepassing (hermeneuse) by mekaar betrek as een proses.

Teks en gemeentesituasie moet in preekvoorbereiding saam oordink word. Kim (1997:82) benadruk om die rede die noodsaak van meditasie in preekvoorbereiding. Onder meditasie word hier verstaan die verkonkretisering van die teks vir die hede binne die bewussyn van die prediker. Meditasie is volgens Pieterse (1986:23) die wyse waarop die kloof tussen die hede en die verlede oorbrug word. Die proses vereis sekere sake van die prediker soos gereelde kontak met die gemeente, insig in die probleme asook vreugde van die gemeente en insig in die gebeure van die dag. Dit alles moet deur die eksegese getoets word en in

ooreenstemming met die Woord gebring word. In paragraaf 2. 4. 3 is aangetoon dat die prediker in die proses in 'n oopmakende ontmoeting met die teks verkeer.

**Konkretiserende perspektiewe op die preekgesindheid en hermeneuse**

Eksegese en hermeneuse moet as verskillende stadiums van dieselfde proses gesien word. Die prediker se gesindheid ten opsigte van die hermeneuse moet deur die volgende gekenmerk word:

- Die prediker moet op hoogte wees van die lief en leed van die gemeente. Die prediker moet tydens preekvoorbereiding rekening hou met die teks sowel as die gemeente-situasie. 'n Gemeente-analise kan in die opsig 'n waardevolle bydrae lewer om op hoogte kom van die verskillende agtergronde en behoeftes.
- Die prediker moet in nederigheid besef dat hy as instrument gebruik word om God se Woord onder bepaalde omstandighede te verkondig.
- Die prediker moet as 'n man van verhouding gekenmerk word ten opsigte van sy verhouding tot God, sy biddende omgaan met die Woord asook in sy verhouding met die gemeente. Die verhouding met die gemeente word met persoonlike kontak (waaronder huisbesoek, siekebesoek asook pastorale bearbeiding) verdiep en verinnig.
- Drie gesindhede lewer 'n waardevolle bydrae tot die hermeneuse: prediking in alle eerbaarheid, prediking wat nie te hard geskied nie en prediking in alle lankmoedigheid (vergelyk punt 2. 3. 3. 1. en 2. 3. 3. 3). Die prediker se aandag word hierdeur op drie sake gevestignaamlik: onderskeidingsvermoë, waardigheid in die prediking asook geduld. Die prediker moet in die proses van hermeneuse die gesindheid openbaar van geroepene wat gestuur word om die Woord aan God se kinders te verkondig. Daarom moet die prediker in die regte gesindheid met die hermeneuse besig wees.

## 4.3. Preekgesindheid en spiritualiteit

Onder punt 2. 6 is op basisteoretiese wyse aangetoon dat preekgesindheid nie geskei kan word van die prediker se verhouding met God nie. Onder punt 3. 2. 2 is die vorming van gesindhede op metateoretiese wyse bespreek. Hierin is aangetoon dat gesindhede wat deur direkte ervaring of lewenservaring opgedoen word, sterk en intens is. Vanuit die

basisteoretiese asook metateoretiese besinning (hoofstuk 2 -3) vloei die volgende praktykteoretiese besinning oor preekgesindheid en spiritualiteit voort.

Gesindhede kom slegs tot hulle reg binne die persoonlike verhouding van die prediker tot God. Spiritualiteit as geestelike oriëntasie van die mens gee rigting aan gesindhede. Daarom is dit noodsaaklik dat die prediker homself hiervan sal vergewis. Hulse (1986:62) is van mening dat die prediker sonder piëteit nooit 'n ware prediker kan wees nie. De Jongh van Arkel (1988:20) noem spiritualiteit selfs die sentrum van die menslike bestaan wat betekenis aan die menslike lewe gee. Die spiritualiteit van die prediker oefen volgens Kim (1998:169) 'n groot invloed uit op sy persoonlikheid en sodoende op sy lewe.

Smit (1995:25) toon aan dat die lewensaard en geestelike gesondheid van 'n geloofsgemeenskap ten nouste saamhang met die aard van sy leierskap. Die taak van die prediker sou in Smit se woorde neerkom op leierskap. Volgens Smit (1995:26) is die taak van die predikant (prediker) om die gemeente te begelei. In die lig van die verstaan van die evangelie wat by wyse van die prediking ontvou word, moet lidmate gehelp word om tot selfstandige geestelike funksionering te kom. Smit (1995:30) onderskei vier elemente insake gesindheid wat noodsaaklik is om mense te kan begelei:

- Presensie. Die prediker moet in opregte liefde God se Woord aan mense verkondig.
- Visionering. Predikers moet lidmate kan help om vanuit die werklikheid van die Woord te dink en leef.
- Fasilitering. Predikers moet deur middel van die prediking lidmate kan help om strukture te ontwikkel wat hulle lewe met mekaar en hulle bedieninge in die wêreld kan bevorder.
- Energering. Predikers moet deur middel van die prediking lidmate kan help om die energie wat daar in 'n geloofsgemeenskap teenwoordig is te kan ontsluit.

Die taak van die prediker as toeruster of begeleier strek oor die wye terrein van begeleiding met die oog op die alledaagse lewe. Burger (1995:71) wys op die teorie van

Bruce Reed. Die ossilasieteorie kom daarop neer dat godsdiens 'n natuurlike heen-en-weer beweging toon byna soos die pendulum van 'n staanhorlosie. 'n Mens kan net effektief na buite funksioneer as daar intieme tye na binne is wanneer 'n mens in God se teenwoordigheid verkeer. Van der Merwe (1995:101) asook Smit (1995:48) meen dat die prediker as begeleier of toeruster kan funksioneer. Dit kom daarop neer dat prediking as begeleiding nie net 'n saak van tegniek en vaardigheid is nie, maar 'n saak van spiritualiteit. Die prediker kan slegs waarlik by mense teenwoordig wees indien hy leef vanuit die sekerheid dat God by hom teenwoordig is. Sodoende sal die prediking van die prediker "*Coram Deo*" wees, met ander woorde prediking voor die aangesig van God. Die prediker kan die presensie alleenlik aan mense voorhou indien hy leef in die presensie van God (Smit, 1995:48).

Van der Merwe (1995:101) benadruk die feit dat die prediker aandag moet gee aan die groei in spiritualiteit. Die prediker wie se optrede geloofwaardig is, motiveer lidmate. Spiritualiteit is volgens bogenoemde skrywer 'n motiveerder van lidmate. Smit (1995:49) bepleit die vorming van 'n kommunale spiritualiteit. Hiermee bedoel hy dat gelowiges nie net op individuele wyse hieraan aandag moet gee nie, maar dat hulle mekaar op die weg moet help. Die teenwoordigheid van God deur sy Woord en Gees gee aan die prediker die moed en entoesiasme om nieteenstaande kritiek en verharding die Woord met oortuiging te verkondig. Die geloofwaardigheid van die prediker is 'n vrug van 'n groeiproses, naamlikdie groei tot geloofsvolwassenheid.

Volgens Roukema-Koning (1993:404) begin spiritualiteitontwikkeling by die prysgee van die grondhouding van selfhandhawing. Dié grondhouding moet in die ontwikkeling oorgaan in die grondhouding van oorgawe in vertroue. Die transformasie beteken dat 'n omvorming van denke en optrede moet plaasvind. 'n Bybelse waardeoriëntasie moet kenmerkend wees van die lewenswyse van die prediker wat midde in die spiritualiteitontwikkeling staan. Daarom moet die prediker onder meer gebruik maak van die volgende geestelike dissiplines: gebed, meditasie, Bybelstudie en geestelike onderrig. Whitney (1991:26) benadruk die feit dat die prediker se omgang met die Woord die belangrikste praktyk in spiritualiteit is. Dit verg dissipline van die prediker. Die prediker moet hom

voortdurend besig hou met die Woord voordat hy dit aan die gemeente kan deurgee. Lloyd-Jones (1981:172) asook Stott (1982:182) benadruk die lees en bestudering van die Woord. Die gevaar bestaan dat die prediker die Bybel lees in 'n soektog na preektekste. Die prediker moet egter die Woord lees, omdat die Woord voeding vir hom is (Kim, 1997:139). In spiritualiteitsvorming is dit noodsaaklik dat die prediker erns moet maak met sy omgang met God se Woord.

Die prediker se geestelike instelling of oriëntering wat spiritualiteit genoem word, oefen 'n invloed uit op sy werklikheidsbelewing (Roukema-Koning, 1993:405). Die hart as sentrum van die menslike bestaan, voed talle gesindhede. Dit wat in die prediker se binneste woed, kan die regte, maar ook verkeerde preekgesindhede voed. Roukema-Koning (1993:406) toon aan dat die geestelike instelling van mense nie in die ware sin van die woord waargeneem kan word nie. Die geestelike instelling van mense vra om 'n element van interpretasie of geestelike onderskeidingsvermoë. Die geestelike onderskeidingsvermoë word langs die weg van spiritualiteit verkry. Velema (1993:417) benadruk die voeding van die prediker se geestelike bestaanswyse (*praxis pietatis*). Volgens hom dui die spiritualiteit op die wyse waarop die prediker die bronverbinding beleef en dit instandhou. Die spiritualiteit van die prediker dui dus op die verbondenheid van die prediker met die Bron van die prediking, naamlik God.

Vanuit bogenoemde bespreking kan die volgende afgelei word:

- Die spiritualiteit van die prediker kom nie vanself nie. Die prediker moet homself hierin oefen.
- Dit is noodsaaklik dat predikers hulself verantwoord oor hul geestelike oriëntasie. Deurdat die prediker homself voed met die Woord van God kan hulle ook ander mense voed.
- Die beoefening van spiritualiteit eis dissipline by die prediker.

Vanuit bogenoemde afleidings blyk dit dat die spiritualiteit van die prediker die ruimte is waarbinne gesindhede beoefen word. Louw (1987:66) onderskei 'n drievoudige taak van die prediker:

- Die prediker moet as hermeneut optree en God se Woord vir die mens in hulle konkrete omstandighede vertolk.
- Die prediker moet as agoog optree. Deur sy prediking is die prediker besig om mense te beïnvloed.
- Die prediker beklee ook 'n parakletiese funksie deur te vertroos en op te bou deur middel van die prediking.

**Konkretiserende perspektiewe op preekgesindheid en spiritualiteit**

Preekgesindheid en spiritualiteit staan in wisselwerking met mekaar (vergelyk punt 2. 6. 3). Die volgende konkretiserende perspektiewe vloei hieruit voort:

- Spiritualiteit sowel as gesindheid moet vanuit die Pneumatologie met ander woorde die werking van die Heilige Gees, begryp word. Spiritualiteit sowel as gesindheid is 'n gawe van die Heilige Gees wat ook 'n opgawe tot gevolg het. Vanuit 'n verdiepte spiritualiteit deur die inwerking van die Heilige Gees moet die regte preekgesindheid beoefen word.
- Die beoefening van spiritualiteit word gevoed deur gereelde omgang met die Woord. Die prediker het hierin die opdrag om 'n voorbeeld vir die gemeente te wees. Indien die prediker nie self leef volgens die eis van God se Woord nie is dit moeilik vir die gemeente om met sy prediking te identifiseer. In sy omgang met die Woord en in sy gebede moet die prediker geloofwaardig wees. Die prediker se voorbeeld moet navolgenswaardig wees.
- Selfondersoek is 'n belangrike onderdeel van spiritualiteit. Die selfondersoek by die prediker moet nie net sy persoonlike lewe insluit nie, maar ook die gesindheid waarin hy die Woord bedien. Die prediker moet homself voortdurend ondersoek aan die hand van die sentrale openbaring rondom gesindheid in veral die Pastorale Briewe (vergelyk punt 2. 3. 3 tot 2. 4. 2. 2. ). Selfvoeding en gemeentevoeding moet op die wyse komplementerend wees.

## 4.4. Preekgesindheid en die oordrag van die preek

Onder punt 3. 2. 4. 5 is oorredingskommunikasie aangetoon as 'n wyse waarop gesindhede verander kan word. In die onderafdeling is aangetoon dat die persoon van die

kommunikator (prediker) hierin 'n vername rol speel. Die prediker se gesindheid en taalgebruik is beklemtoon as faktore wat 'n vername rol speel in die kommunikasie. Verkeerde preekgesindhede gee maklik aanleiding tot eensydige prediking. Bogenoemde bespreking benadruk die noue band tussen preekgesindheid en die oordrag van preek.

In resente homiletiese navorsing word die gesindheid van die prediker ten opsigte van die oordrag van die preek aangedui sonder indringende bespreking hiervan. Choi (1994:3) dui in sy navorsing aan dat die prediker 'n kommunikator is. In sy navorsing wys hy op die kommunikasiewetenskaplike aspek van prediking. Pieterse (1986:35) toon aan dat die prediker in die kommunikasie 'n rol speel. Die bedoeling, die mededeling en die wyse waarop die prediker die boodskap oordra, verdien besondere aandag. Predikers het in die prediking nie net met die gesproke woord te make nie, maar ook met allerlei dinge wat hiermee gepaard gaan soos byvoorbeeld:

- Woorde en sinne word met verskillende stembuigings uitgespreek - hard en sag, vriendelik, saaklik of ontsteld. Die stem word sodoende as musiekinstrument gebruik om stemminge, beklemtoninge en gesindhede mee oor te dra. In die prediking gaan dit nie net oor die oordra van inligting nie, maar gaan dit ook oor die oordra van stemminge en gevoelens. Die prediker kan oor die liefde preek, maar indien hy dit in die gesindheid van woede doen, sal die prediking oor die liefde nie baie oortuigend oorkom nie. Alle gedrag kommunikeer.
- Volgens Pieterse (1986:99) kommunikeer die prediker se oë, gesigsuitdrukking-liggaamshouding, gebare en voorkoms ook. Bogenoemde sake sê dikwels net soveel as woorde. Gesindhede, egtheid of onegtheid word op nie-verbale wyse duidelik oorgedra. Daarom moet die prediker daarop let om nie verbaal een ding te sê, maar nie-verbaal 'n ander boodskap oor te dra nie.
- In die kommunikasie tydens die prediking word die prediker blootgestel (Pieterse, 1986:112). Die gehalte van die verhouding tussen die prediker en gemeente is 'n verdere bepalende faktor in die prediking. Lidmate wat in 'n beter verhouding met die prediker staan, ervaar minder steurings rondom die kommunikasie selfs al is die aanbiedingstyl nie dinamies nie. Barnard (1994:52) benadruk daarom die pastorale gesindheid van die prediker wat tot beter verhoudinge met lidmate aanleiding moet

gee. Indien lidmate met vooroordele jeens die prediker te make het, bemoeilik dit effektiewe prediking. Omgekeerd het predikers baie maal met vooroordele jeens die gemeente te make wat effektiewe prediking ewe-eens bemoeilik.

- Cradock (1985:66)wys op die verskil tussen 'n prediker wat bloot iets wil sê en die prediker wat die boodskap in 'n preek vorm. Hierin onderskei hy die volgende:
    - Eenheid. Die prediking moet 'n duidelike doel openbaar. Die doel in die prediking stel die prediker in staat om in selfvertroue te preek. Die eenheid in die prediking dus prediking wat saamhang met die "affirmative" sin skep die indruk dat die prediker goed voorbereid is.
    - Die geheue. Die prediking moet binne die geheue van die geloofsgemeenskap geplaas word. Sodoende stimuleer prediking die gemeente.
    - Herkenning. Die wenk van herkenning moet volgens bogenoemde skrywer die skrik van herkenning voorafgaan.
    - Identifikasie. Met die regte insig in die situasie van die gemeente moet die prediker in die prediking die situasie aanspreek.
    - Antisipasie van die menslike lewe. Prediking maak 'n groot appèl op iemand se lewe. Daarom moet die prediker bedag wees daarop dat dit tyd neem om waarlik te kan luister na die prediking. Die prediker moet vanuit die wete dat hy saam met die gemeente op weg is, volhard in prediking wat God aan die woord laat kom.
    - Intimiteit kan nie op kunstige wyse in 'n preek ingevoeg word nie. Intimiteit is die gesindheid waarbinne gepreek word.
- Volgens Cradock (1985:80) sowel as Long (1989:3) moet die prediker sy boodskap in 'n bepaalde vorm giet. Buttrick (1987:20) wys op sy beurt op die beweging binne tekste. Bybeltaal is volgens die skrywer intensioneel; die teks wil iets bereik. Hiermee moet die prediker rekening hou. Daarom moet die prediker in die prediking kommunikeer in 'n "sequence of moves" (Buttrick, 1987:40).

Indien die prediker in selfondersoek onder die indruk kom van verkeerde preekgesindhede moet hy aandag gee aan die volgende sake (Anstey, 1991:242):

**Die oorreder**

Die prediker het die opdrag om met oorredende prediking die gesindheid van lidmate te verander (Van Jaarsveld, 1991:10). Barnard (1994:22) wys op die eensame bestaan van die prediker. Die probleem waarmee die prediker te make kry is naamlik hoe word die verkeerde prekgesindhede reggestel. Barnard (1994:22) pleit vir pastorale sorg aan predikers. Hieronder verstaan hy die volgende:

- Pastorale sorg begin met die besondere sorg wat die prediker aan sy eie persoon en geestelike groei moet gee (I Timoteus 4:16).
- Pastorale sorg deur die kerkraad en ander predikante. Predikers moet leer om ook na ander predikers se behoeftes en probleme te kyk. Predikers moet leer om na ander predikers se gesindhede op te let en in liefde met mekaar hieroor te praat. Predikers deel immers in dieselfde voorreg en eise verbonde aan prediking. Daarom vereis dit dat predikers op deurlopende basis na mekaar omsien.
- 'n Program van toerusting en skoling aan predikers.

**Die boodskap**

Die prediker moet homself maan om nie op grond van die gesindheid van die gemeente in ’n verkeerde preekgesindheid te verval nie. Die Woord van God moet verkondig word ooreenkomstig sy bedoeling.

**Die gemeente of hoorders**

Predikers moet rekening hou met die ambivalensie van die gemeente. Daarom verg dit volgens Dingemans (1991:64) Pneumatologiese besinning. Predikers moet daarom nie hulle vertrekpunt neem in die behoeftes van die hoorders nie, maar wel in die verwagtinge van die gemeente, naamlik om die Woord van God in hulle situasie te hoor spreek.

**Konkretiserende perspektiewe op preekgesindheid en die oordrag van preke**

Die regte preekgesindheid oefen ’n invloed uit op preeklewering. Hieruit vloei die volgende voort:

- Die prediker se woorde, gebare, voorkoms en styl beïnvloed die gemeente in die kommunikasieproses wat voltrek word in die prediking. Predikers sê dikwels een ding,

maar hul nie verbale kommunikasie weerspreek dit. Alhoewel die prediker mens is, moet hy in preeklewering let op die wyse waarop hy die preek oordra. Hy moet homself vooraf reg ondersoek om sodoende nie uit blote pligspleging die Woord te bedien nie. In hierdie opsig moet die prediker gebruik maak van ouderlinge asook ander predikante met wie hy indringend kan gesels oor gesindhede wat dit vir hom moeilik maak om die Woord te kan bedien. In die opsig vra dit groot omsigtigheid van die prediker. Die prediker kan selfs lidmate vra om sy aandag te vestig op woorde, gebare en styl wat kommunikasie in die preek bemoeilik.

- Die prediker moet in die regte gesindheid werk aan 'n beter verhouding met die gemeente. Indien lidmate se gesindheid ten opsigte van die prediking en prediker verander, stimuleer dit die prediker in die beoefening van die regte preekgesindheid. Die prediker mag nie toelaat dat irrasionele denke en gevoelens hom sodanig oorheers dat sy prediking verval in eensydige prediking nie. Hieronder word verstaan prediking wat voortdurend een bepaalde saak wil inhamer. Eensydige prediking het immers 'n spesifieke benaderingswyse tot gevolg wat lidmate kan afskrik of kan nader trek. Die implikasie hiervan is dat die prediker homself ten volle in die prediking moet gee, want dan kan hy ook waarlik homself wees. Alles wat in die prediker se weg staan, moet hy sover moontlik betyds uit die weg ruim deur persoonlike gesprekke asook ander opbouende gesprekke.
- Prediking is brugbou vanaf die Woord na die situasie van die mens. Hierin moet die prediker instrumenteel wees om lidmate in gesprek met God te bring. Verkeerde preekgesindhede bemoeilik die brugbou. In die opsig word die aandag gevestig op die bespreking in punt 2. 4. 2. In die onderafdeling is benadruk dat die prediker as opsigter, soldaat, atleet en landbouer tot 'n verantwoordelike diens geroep is. Die gesindheid waarin hy moet preek, is die van selfverloëning wat hom voluit beskikbaar stel om die Woord te bly verkondig.

### 4.5. Preekgesindheid en preekbespreking

Die prediker het soos alle ander mense beperkte insig (Cilliers, 1996:128). Die prediker beskik ook oor 'n beperkte belewenis van die werklikheid. Die gemeente verteenwoordig 'n versameling van insigte en ervarings. In die opsig kan die gemeente die prediker help

om nie net ander kante van die teks raak te sien nie, maar ook om ander kante van die werklikheid raak te sien. Preekbespreking vooraf asook na die prediking kan in die opsig as 'n handige hulpmiddel dien. In resente navorsing toon De Wet (1995: 23) die kritiese element in die luisterproses aan. Die outeur toon aan dat 'n slordige, hoogdrawende preekstyl op die wyse aangespreek kan word. Hy toon verder aan dat indien die prediker nie van die waarheid afdwaal nie, die prediker in broederlike liefde reggehelp moet word.

Cilliers (1996:129) meen dat so 'n preekgesprek daartoe aanleiding gee dat geloofs-impressie oorgaan tot geloofsekspressie. In die proses verryk prediker en gemeente mekaar. Bogenoemde outeur noem sodanige preekgesprek 'n **ekklesiale diskoers.** Die ekklesiale diskoers het die voordeel dat baie misverstande en onsekerhede uit die weg geruim word. Boonop ontstaan 'n geleentheid om 'n gesprek vanuit die Woord aan die gang te kry. In die proses dien die preek as fasiliteerder van die gesprek. Die preekgesprek dra daartoe by dat predikers nie in die preekmaak vereensaam nie. Die preekgesprek het ten doel om die swygsaamheid van die gemeente en die eensaamheid van die prediker te deurbreek.

**Konkretiserende perspektiewe op preekgesindheid en preekgesprek**

Die prediker se gesindheid speel in die ekklesiale diskoers 'n vername rol. Die volgende sake verdien aandag:

- Die amen van die prediker aan die einde van die preek dui nie op die einde van die preek nie. Die gemeente moet ook in hulle harte of hardop amen hierop kan sê. Die preekgesprek dien as hulpmiddel om te gemeente te help om op die prediking amen te kan sê. Sodoende word die prediker ook van homiletiese isolasie bevry. Preekgesprekke tydens vergaderings asook op gereelde basis na afloop van eredienste kan dien as basis waarop die saak aangespreek kan word.
- Die prediker moet die kuns aanleer om nie oordrewe sensitief vir kritiek te wees nie. Die prediker moet onderskeidingsvermoë aanleer. Dit behels dat die prediker die gemeente moet ken en dienooreenkomstig bereid moet wees om sy foute te erken.
- Die prediker moet daarteen waak om outoritêr in die prediking oor te kom. Hy moet homself maan daarteen om die prediking as "onkritiseerbaar" te beskou. Net so moet

die prediker ook waak teen 'n onderskatting van die prediking. Die gemeente se behoeftes en siening mag nooit die krag van die teks vervang nie.

- Die prediker moet die gemeente toerus of skool in die wyse waarop sinvol preekbesprekings gehou kan word (Pieterse, 1986:165). In die opsig kan vraelyste vooraf asook na afloop van die prediking 'n waardevolle bydrae lewer om vas te stel of die prediking sonder geruis na lidmate oorgekom het.

## 4.6. Preekgesindheid en kritiek op die preek

Cilliers (1996:19) toon in sy navorsing aan dat die prediker in die prediking 'n vername rol speel. Die rol wat die prediker in die gebeure speel word dikwels nie op 'n duidelike en ekspressiewe wyse uitgespel nie. Bogenoemde outeur waarsku teen 'n verskuiwing in die gesagsbasis in die prediking. Veral die volgende sake word deur die outeur uitgelig:

- Predikers wat in hulle prediking impliseer dat hulle presies weet wat die Here wil. Op die wyse word die prediking voorgehou as die enigste manier waarop geleef kan word. Op die wyse word op subtiele wyse wegbeweeg daarvan dat die teks die gesag het en nie die persoon van die prediker nie. Dit gebeur maklik dat die prediker sy wil bewustelik of selfs onbewustelik gelykstel aan God se wil. Op die wyse plaas die prediker sy preek in God se mond.
- Grootheidswaan bedreig elke prediker. Predikers trap maklik in die slaggat om die indruk by lidmate te skep dat hy die enigste mens is wat in staat is om aan die eise van die teks te voldoen. Vanuit sy voorbeeld wil die prediker lidmate oproep om dieselfde voorbeeld na te volg. Die prediker mag nooit sy uitgangspunt of vertrekpunt neem in ander sake nie. Die uitgangspunt moet die teks bly.
- Predikers begaan in die prediking ook glipse van die tong. Predikers besef dikwels dat dit wat hulle in die prediking sê nie heeltemal in orde is nie. In die proses trag hulle om dit wat nie reg is nie met ander frases te vervang en reg te stel. Op die wyse probeer hulle mankemente in die prediking regstel. Bogenoemde dien as bewys daarvan dat predikers bo alles in die gebrokenheid van die menswees leef. Predikers mag nooit in die grootheidswaan verval soos hierbo bespreek nie.

Die prediking moet in dialoog geskied. Daarom is dit noodsaaklik vir goeie kommunikasie dat terugkoppeling moet geskied (Pieterse, 1986:166; Stott, 1982:69). Indien die prediker aan die gemeente die geleentheid gun om hul reaksie op die prediking te kenne te gee en selfs bespreking hieroor te voer, is terugkoppeling aan die gang. Predikers met die regte preekgesindheid leer om te aanvaar dat hulle as swak mense die groot roeping ontvang om te kan preek. Daarom is die regte ampsgesindheid van groot waarde. Kritiek word dikwels as persoonlik ervaar en versterk dikwels negatiewe preekgesindhede. Negatiewe preekgesindhede het tot gevolg dat die prediking misbruik word deurdat die Woord nie bedien word soos wat God dit vereis nie.

De Klerk (1975:49) waarsku daarom teen predikers wat as laaste verdediging wil terugval op die amp waarin hulle staan. Predikers voel dikwels bedreig op grond van kritiek op die prediking. Magteloosheidsgevoelens mag nooit die magsgevoelens by die prediker versterk nie. Geen prediker kan lidmate dwing om so na die prediking te luister soos wat die prediker dit graag wil hê nie. Verkeerde preekgesindhede wat as gevolg van 'n oordrewe sensitiwiteit op grond van kritiek gevestig word het tot gevolg dat die prediking min oorredende krag besit.

Indien die prediker in 'n gesonde verhouding met die gemeente staan, stel dit hom in staat om kritiek te kan weeg. Die prediker moet self die kritiek in die regte gesindheid leer verwerk met die erkenning daarvan dat hy ook kan fouteer. Die gesindheid waarin hy die kritiek hanteer dra daartoe by of 'n sinvolle terugvoer van die gemeente ontvang sal word al dan nie. Verkeerde gesindhede ten opsigte van kritiek kan selfs aanleiding daartoe gee dat die gemeente hulle aan die dialoog onttrek, wetende dat die prediker die kritiek nie goed verwerk nie. Die stand van sake dra weer by tot die verdere vereensaming van die prediker. Die prediker moet die gemeente toerus om op die regte wyse en in die regte gesindheid kritiek te kan uitspreek. Prediker en gemeente moet leer om na mekaar te luister, om die verhouding selfs te midde van die uitspreek van kritiek te versterk en die gevoelsrelasies te erken en te eerbiedig.

**Konkretiserende perspektiewe op preekgesindheid en kritiek op preke**

Die prediker moet in Woordbediening aanvaar dat positiewe asook negatiewe kritiek op preke uitgespreek sal word. In die opsig word die volgende konkretiserende perspektiewe gebied:

- Predikers met die regte preekgesindheid aanvaar dat hul as swak mense die roeping ontvang om te preek. Kritiek op preke mag nie negatiewe preekgesindhede tot gevolg hê nie. Negatiewe preekgesindhede gee aanleiding tot die misbruik van prediking vir selfsugtige doeleindes. Die prediker moet die regte gesindheid ten opsigte van kritiek aanleer, naamlik die van erkenning. Die prediker moet daarom gebruik maak van die geleent-heid om met lidmate te kommunikeer oor die kritiek op prediking. Die prediker moet derhalwe waak teen gevoelens van minderwaardigheid. Kritiek op preke open die moontlikheid van verdere besinning tussen prediker en lidmaat rondom 'n saak of tema.
- Die verkeerde preekgesindheid demp vrymoedigheid by lidmate om met die prediker te kommunikeer oor die preek. Dit kan selfs daartoe aanleiding gee dat lidmate hul hieraan onttrek wetende dat die prediker kritiek nie goed hanteer nie. In die opsig kan die waarde van 'n persoonlike verhouding met die gemeente nie onderskat word nie. Die prediker wat gereeld huisbesoek en pastorale besoeke doen, leer mettertyd om kritiek te weeg. In die opsig moet die prediker in die gesindheid van onderskei-dingsvermoë te werk gaan.
- Prediker en gemeente moet deur middel van persoonlike kontak leer om kritiek op gesonde vlak uit te spreek en te verwerk sonder om die regte preekgesindheid skade te berokken. Die prediker moet 'n toeganklike en geduldige persoon wees wat vanweë sy belangstelling in die gemeente waak teen allerlei verdedigingsmeganismes soos ontkenning en woedebuie op grond van kritiek.

# Hoofstuk 5

## 5.1. Finale samevatting van alle resultate van die skripsie

- Die Heilige Gees staan sentraal in Woordverkondiging. Die Heilige Gees stel die prediker in staat om die Woord te kan bedien. Daarom moet predikers let op die gesonde balans tussen die wees-en-doen funksies van die predikant. Die prediker moenie meer wil wees as waartoe hy geroep is nie. Die prediker moet begin deur te let op sy roeping.
- Die prediker se preekgesindheid het te make met die erns, ywer en entoesiasme waarin hy preek. Woordverkondiging is tegelyk Geestesbediening en daarom moet die prediker let op sy preekgesindheid. Prediking is die polsslag van die bestaan van die kerk waaraan die geestelike gesondheidstoestand van die kerk gemeet kan word.
  In die prediking moet die prediker let op die sentrale openbaring in die Pastorale Briewe oor preekgesindhede. Die prediker moet homself vergewis van die gesindhede wat met prediking gepaard gaan: *nie hard vermaan nie, prediking in alle waarheid, prediking in alle lankmoedigheid of geduld, prediking in alle lering, prediking in eerbaarheid en prediking in geloof en waarheid.* Gesindhede kan nie deur die prediker verberg word nie. Prediking wat God aan die woord laat kom, hou die prediker op sy knieë in die regte preekgesindheid. Die prediker moet nie net in die inhoud van die preek 'n voorbeeld stel nie, maar moet ook in die wyse waarop prediking geskied Die gawe van gesindheid moet lei tot die opgawe: gesindheid moet beoefen word.
- Die prediker moet sy eie prediking gereeld aan selfondersoek en selfkritiek onderwerp. Verkeerde preekgesindhede bemoeilik kommunikatiewe prediking.
- Die prediker moet let op sy eie geloofslewe. Wanneer hy homself voed kan hy ook die gemeente voed. Die spiritualiteit van die prediker stimuleer die regte preekgesindheid. Daarom moet predikers let op:
  * Stiltetye. Die prediker moet tyd afstaan om na die stem van God te luister deur middel van Bybelstudie, persoonlike stiltetyd en eksegese.

* Die prediker moet self toerusting ontvang voordat hy op energerende wyse kan preek.

- Elke prediker behoort volgens sy eie persoonlikheid te preek met die bewustheid dat sy persoonlikheid 'n groot invloed op die preekgebeure uitoefen. Die persoonlikheid van die prediker moet in die preek deurkom, maar dit moet op die regte wyse geskied. Die prediker moet eg wees en moet uit die hart preek. Die preek besit 'n onthullende aard en daarom kan verkeerde gesindhede nie tydens prediking weggesteek word nie. In die prediking moet die prediker mens onder die mense bly. Die gemeente moet ervaar dat ook die prediker die stryd en die lewe ken, hulle moet in sy optrede sien dat hy midde in die lewe staan.
- Verkeerde preekgesindhede kan reggestel word. Dit vra van die prediker pynlike eerlikheid ten opsigte van homself. In die prediking gaan dit nie om eie eer nie. Die prediker mag nie met verkeerde preekgesindhede in die weg van ware en egte prediking staan nie. Die prediker wat gereeld luister na die Woord en sodoende homself voed, sal nie sukkel om te buig voor die eis van God se Woord wat die regte preekgesindheid vereis nie.
- Die gesindheid van die prediker hou implikasies in vir sy preekvoorbereiding, eksegese, hermeneuse, die lewering van preke, preekbesprekings asook kritiek op preke. In al die sake moet die prediker in die regte gesindheid bedienaar van die Woord bly.

## 5.2. <u>Terreine vir verdere ondersoek</u>

In die navorsing wat vir die studie gedoen is en op grond van die resultate wat verkry is, blyk dit dat daar 'n aantal terreine is wat verdere ondersoek regverdig. Die ondersoek-terreine toon 'n direkte band met die prediker en preekgesindheid. Enkele moontlikhede vir verdere ondersoek word kortliks uiteengesit:

- 'n Prinsipiële en praktiese studie oor metodes wat aangewend kan word om predikers toe te rus om te groei in die bewustheid dat preekgesindheid 'n groot rol uitoefen op die preekgebeure. As vertrekpunt vir sodanige studie kan die Pauliniese Briewe geneem word.

- 'n Empiriese studie oor die preekgesindheid van predikers. In sodanige studie kan vasgestel word watter preekgesindhede by predikers bestaan en hoe dit die gemeente wesenlik beïnvloed. Die studie kan sy swaartepunt vind in die dinamika waartydens die prediker gekonfronteer word deur die duidelike gesindheid waarin gepreek moet word en watter reaksie die opdragte by predikers aktiveer.

# Samevatting


Met hierdie ondersoek is beoog om 'n studie te onderneem oor die prediker en preekgesindheid in die lig van die Pastorale Briewe. Die volgende aspekte is in die studie betrek:

- Basisteoretiese perspektiewe op die prediker en preekgesindheid.
- Metateoretiese perspektiewe op die prediker en preekgesindheid.
- Praktykteoretiese perspektiewe op die prediker en preekgesindheid.

Daar is gepoog om hierdie voorgenome doel uit te voer deur vanuit die Pastorale Briewe Woordbedieningsbegrippe waaraan 'n bepaalde gesindheid verbind is, te ontleed. Die gesindhede val in drie groepe uiteen:

- Gesindhede wat te make het met die erns van prediking.
- Gesindhede wat te make het met die inhoud van prediking.
- Gesindhede wat te make het met die wyse van prediking.

Die gesindhede omvat: Prediking wat nie oorrompel nie, prediking in die gesindheid van eerbaarheid, prediking in die gesindheid van alle lankmoedigheid, prediking in alle lering, prediking met volle gesag en prediking in die gesindheid van geloof en waarheid. Vier begrippe waardeur direk aangedui word wie die prediker is, is aangedui: verkondiger, apostel, leermeester en evangelis. Vier metafore is ontleed: bestuurder, soldaat, atleet en landbouer wat drieërlei gesindhede benadruk: onberispelikheid, selfverloëning en bereidwilligheid.

Preekgesindheid het betrekking op 'n bepaalde denkwyse, gevoel en handelingswyse waarin prediking geskied. Die gesindheid van die prediker is benadruk deur te wys op eienskappe wat die prediker se persoon, karakter en optrede raak. Die regte preekgesindheid word gekweek en ontwikkel in 'n deurleefde verhouding met God. Spiritualiteit as geestelike oriëntasie van die prediker gee rigting aan die beoefening van gesindheid.

In hoofstuk 3 is metateoretiese perspektiewe vanuit die Gedragswetenskappe ontgin. Vanuit die Sosiale Sielkunde asook Kommunikasiekunde is die vorming van gesindhede, die invloed van gesindhede op gedrag asook die verandering van gesindhede bespreek. In die hoofstuk is aangetoon dat mense 'n invloed op mekaar uitoefen. Dit is daarom noodsaaklik dat predikers hul by wyse van voortdurende selfondersoek vergewis van hul eie preekgesindheid.

In hoofstuk 4 is praktykteoretiese perspektiewe gebied as uitvloeisel van die wisselwerking tussen die ontginde basisteorieë en metateorieë. Hiermee saam is konkretiserende perspektiewe gerig op die prediker se ingesteldheid, die voorbereiding van preke (die voorafgebed, eksegese en hermeneuse), die lewering van preke, die preekgesprek asook ten opsigte van kritiek op preke gebied.

Deur hierdie studie is gepoog om die preekgesindheid in die lig van die Pastorale Briewe te identifiseer en om in die lig hiervan perspektiewe op die praxis daar te stel.

// Abstract

The subject of this study is the preacher and his preaching attitude according to the Pastoral Epistles. The following aspects are addressed:

- Basistheoretical perspectives on preacher and preaching attitude
- Meta-theoretical perspectives on preacher and preaching attitude.
- Practice-theoretical perspectives on preacher and preaching atitude.

It is attempted to achieve the intended goal by investigating Word preaching concepts from the Pastoral Letters to which six attitudes are attached. The attitudes are divided in three groups:

- Attitudes concerning the earnestness and zeal of preaching.
- Attitudes concerning the content of preaching.
- Attitudes concerning the manner and method of preaching.

The attitudes named above are: Preaching in a non-overwhelming attitude, preaching in a attitude of honesty and virtuousness, preaching in an attitude of patience, preaching in sound doctrine, preaching with full authority and preaching in the attitude of faith and truth. Four concepts that are connected directly to the preacher are indicated: preacher, apostle, teacher and evangelist. Four metaphors are indicated: manager, soldier, athlete and farmer which in turn emphasize three attitudes: irreproachability, self-denial as well as an attitude of willingness.

Per definition preaching attitude deals with a given way of thinking, feeling and a way of behaviour and proceeding in the action of preaching. The attitude of the preacher is emphasized by certain indicated qualities affecting the preacher's person, character and performance. The correct preaching attitude is cultivated and developed in a continuous relationship with God. Spirituality as religious orientation of the preacher gives direction to the practice of attitude.

Meta-theoreretical perspectives from the science of behaviourism are exploited. From the Social Psychology as well as Communication Science the forming of attitudes, the influence of attitudes upon behaviour, as well as the changing of attitudes are discussed. It is indicated that people influence each other. It is therefore essential that preachers ascertain their own preaching attitude by means of continuous self- examination.

Practice-theoretical perspectives as the outcome of the hermeneutical interaction between the exploited basictheoretical and metatheoretical perspectives are presented. Along with this, concretizing perspectives are aimed at the preacher's attitude, the preparation of sermons (prayer, exegesis and hermeneusis), the presentation of sermons, the discussion of the sermon as well as critisism on sermons and their presentation are indicated.

The aim of the study is to identify preacher and preaching attitude in the light of the Pastoral Letters in order to establish perspectives aimed at the praxis.

# BRONNELYS:


ANSTEY, M. 1991. Negotiating Conflict. Kaapstad: Shepherds Press.

ARNDT, W. & GINGRICH, F. W. 1979. Epitimeson. (In Arndt, W, & Gingrich, F. W., eds. A Greek-English Lexicon of the New Testament. Chigaco: Chigaco Press. p. 303. )

BARNARD, A. C. 1994. In die kragveld van die Woord en Gees. Pretoria: Fourie & Malitz.

BARON, R. A. & BYRNE, D. 1994. Social Psychology. United States of America. Mass. : Allyn & Bycan.

BENTLEY, M. 1997. Passing on the truth. I& II Timothy simply explained. Darlington: Bath.

BENTON, J. 1997. Straightening out the self-centred church. The message to Titus. Darlington: Bath.

BINGLE, P. W. 1987. God se tolk in die taalvelde van die mens. *In die Skriflig,* 21(83):2-9, September.

BOTHA, J. 1989. Praktiese riglyne vir die gebruik van die Louw en Nida-woordeboek. *In die Skriflig,* 23(4):24-39, Desember.

BRISCOE, S. 1994. Fresh air in the pulpit. Grand Rapids. Mich. : Inter Varsity Press.

BROMILEY, G. W. 1985a. Apostolos. (In Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 69-74. )

BROMILEY, G. W. 1985b. Epitiman. (In Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p 249. )

BROMILEY, G. W. 1985c. Parangelein-Parangelia. (In Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p 776-782. )

BROMILEY, G. W. 1985d. Euangelistes. (In Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p 267-272. )

BROMILEY, G. W. 1985e. Kerux. (In Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 430-432. )

BROMILEY, G. W. 1985f. Spoudaioteros. (In Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 937. )

BROWN C. 1986a. Didaskalia. (In Coenen, L. , Beyreuther, E. & Bietenhard, H. , eds. The New International Dictionary of the New Testament Theology III. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. p. 759-765. )

BROWN, C. 1986b. Kerux. (In Coenen, L. , Beyreuther, E. & Bietenhard, H. , eds. The New Intenational Dictionary of the New Testament Theology I. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. p. 48-53. )

BROWN, C. 1986c. Didage. (In Coenen, L. , Beyreuther, E. & Bietenhard, H. , eds. The New International Dictionary of the New Testament Theology III. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. p. 759-765. )

BURGER, C. W. 1995. Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd.. Kaapstad: Lux Verbi.

BUTTRICK, D. 1987. Homiletics: Moves and structures. Philadelphia, Pa. : Fortress.

CHOI, J. C. 1994. The Preacher as Communicator. Potchefstroom: PU vir ChO - (Verhandeling Th. M. )

CILLIERS, J. 1996. Die uitwissing van God op die kansel. Ontstellende bevindinge oor Suid-Afrikaanse prediking. Kaapstad: Lux Verbi.

COETZEE, J. C. 1980. Gids deur die boeke van die Nuwe Testament - Die Briewe van Paulus. Potchefstroom: Wesvalia Boekhandel.

COETZEE, J. C. , DE KLERK, B. J. & FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig*, (54): 12-26, Junie.

COETZEE, J. C. 1984. Drie wesenlike elemente van egte prediking - Indikatief, Imperatief en Belofte. (In Van der Walt, J. J. red: "God aan die Woord". Potchefstroom: Departement Diakoniologie, p. 17-28. )

COETZEE, J. C. 1997. Hermeneutics and Exegesis of the New Testament. Potchefstroom: uitgegee deur outeur.

COHEN, A. K. 1966. Deviance and control. New Jersey: Prentice Hall.

COOK, J. K. 1983. The first parish: A pastor's survival manual. Philadelphia, Pa. : The Westminister.

CRADOCK, F. B. 1985. Preaching. Nashville, Tenn. : Abingdon.

D'ASSONVILLE, V. E. 1976. Die dwaasheid om te preek. Johannesburg: De Jong.

DE JONGH VAN ARKEL, J. T. 1988. Spiritualiteit as semantiese struktuurkern: 'n Pastorale perspektief. *Praktiese Teologie in Suid Afrika.* Jaargang 4(2): p. 18-30. Februarie.

DE KLERK, B. J. 1986. Die gesag van die prediking van die Nuwe Testamentiese Briewe. *In die Skriflig,* (77):18-34, Maart.

DE KLERK, J. J. 1976. Die skat in erdekruike. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel.

DE KLERK, W. J. 1975. Pastorale Sensitiwiteit. Johannesburg: Perskor.

DE WET, F. W. 1995. Die kritiese element in die luisterproses. 'n Homiletiese studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - Th. M. )

DINGEMANS, G. D. J. 1991. Als hoorder onder de hoorders. Kampen: Kok.

DOUGLAS, J. D. 1986. Makrothumia. (In New Bible Dictionary. Wheaton: Callenbach. p. 883. )

DOUMA, J. & VAN DER VEGT, W. H. s. a. Het gepredikte Woord. Preken van Johannes Calvijn. Wever: Franeker.

DU PLESSIS, P. J. , ROUSSEAU, G. G. & BLEM, N. H. 1990. Consumer behaviour. Halfwayhouse: Southern Book Publishers.

EGAN, G. 1982. The skilled helper. California: Brooks & Cole.

FEE, G. D. 1988. I & II Timothy, Titus. (In New International Biblical Commentary) United States of America, Mass. : Paternoster.

FIRET, J. 1968. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Amsterdam: Vrije Universiteit. (Proefskrif -Th. D. ).

FLOOR, L. 1993. De spiritualiteit van de charismatici. (In Balke, W. , Exalto, K. , Van Driel, L & Van 't Spijker, W. red. Spiritualiteit. Kampen: De Groot Goudriaan. p. 294-305. )

FREEDMAN, J. L. , SEARS, D. O. & CARLSMITH, J. M. 1981. Social Psychology. New Jersey: Prentice Hall.

GARLINGTON, D. 1990. Calvin's doctrine of prayer. *The Banner of Truth*: 42-50. August-September.

GETZ, G. A. 1978. A Profile for a Christian life style. A study of Titus. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

GRASSI, J. A. 1978. The secret of Paul the apostle. New York: Orbis Books.

GREIDANUS, S. 1989. The modern preacher and the ancient text. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

GROENEWALD, E. P. 1977. Die Pastorale Briewe. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

GUTHRIE, D. 1978. The Pastoral Epistles. (In Tyndale New Testament Commentaries) Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

GUTHRIE, D. 1990. The Pastoral Epistles. (In Tyndale New Testament Commentaries) Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

GUTHRIE, D. 1994. The Pastoral Letters. (In Carson, D. A. , France, R. T. , Motyer, J. A. &Wenham, G. J. eds. New Bible Commentary. Leicester: Inter Varsity Press, p. 1292-1315)

HARRIS, S. 1985. When the pastor is hurting. *Leadership: A Practical Journal for Church Leaders*. 6(2):108-113, Spring.

HELBERG, J. L. 1989. Hoe benader en hanteer 'n christenprediker die Ou Testament. *In die Skriflig*; 23(89):5-19, Maart.

HENDRIKSEN, W. 1983. 1&2 Thessalonians, 1 & 2 Timothy and Titus. (New Testament Commentary) Edinburgh: Billy & Sons.

HERHOLDT, S. J. 1995. Die prediking van Handelinge 5:27-32. (In Burger, C. W. , Muller, B. A. & Smit, D. J. red. Verdere riglyne vir Paas-, Hemelvaart en Pinksterprediking. Kaapstad: Lux Verbi. p. 117-130. )

HUEBSCH, J. C. 1995. Communication skills. Pretoria: Kagiso Tertiary.

HULSE, E. 1986. The preacher and piety (In Logan, S. T. eds. The preacher and preaching. Phillipsburg: Presbyterian Reformed Publishing Company. p. 62-90)

JABUSCH, W. F. 1995. The person in the pulpit. Preaching as caring. Grand Rapids, Mich. : Abingdon Press.

JONKER, H. s. a. Actuele Prediking. Kampen: Callenbach N. V. -Nijkerk.

JONKER, W. D. 1976. Die Woord as opdrag. Pretoria: N. G Kerkboekhandel

JONKER, W. D. 1991. Prediking oor die wandel met God. (In Burger, C. W. , Muller, B. A. & Smit, D. J. red. Riglyne vir prediking oor die wandel met God. Kaapstad: Lux Verbi. p. 13-27)

KIM, H. K. 1997. Preacher and Spirituality: A Diaconiological Study in the light of the Pastoral Epistles. Potchefstroom: PU vir CHO. - (Verhandeling Th. M. )

KIM, H. K. 1998. Preacher and Spirituality: Perspectives from the Pastoral Epistles. *In die Skriflig*; 32 (2):161-179, Februarie.

KOORNHOF, J. J. E. 1993. Prediking van II Timoteus 3:10-17. (In Burger, C. W. , Muller, B. A. & Smit, D. J. red. Riglyne vir prediking oor die Pastorale en Algemene Briewe. Kaapstad: Lux Verbi. p. 57-68)

KRUGER, S. F. 1993. Die Pastorale bediening aan die selfgesentreerde gelowige. Potchefstroom: PU vir CHO - (Verhandeling - Th. M. )

LEA, T. D. & GRIFFIN, H. P. 1992. I, II Timothy, Titus. The American commentary. Nashville, Tenn. : Broadman.

LLOYD-JONES. D. M. 1981. Preaching and preachers. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

LONG, T. G. 1989. The Preaching of the Literary Forms of the Bible. Philadelphia, Pa. : Fortress.

LOUW, D. & EDWARDS, D. 1998. Sielkunde. 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika. Sandton: Heinemann Voortgesette onderwys.

LOUW, D. J. 1987. Bediening en bedienaar. (In Combrink, H. J. B. & Muller, B. A. red. Huldigingsbundel opgedra aan prof. J. L. de Villiers. Pretoria: Lux Verbi. p 55-71. )

LOUW, D. J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria: RGN.

LOUW, J. P. & NIDA, E. A. 1989. Greek English lexicon of the New Testament (I). New York: United Bible Studies.

MORGAN, C. T. 1977. A Brief introduction to Psychology. United States of America: Donneley & Sons.

MüLLER, J. 1988. Die erediens as fees. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

NEL, M. 1994. Gemeentebou. Halfwayhouse: Orion.

NOORDEGRAAF, A. 1993. Vroomheid in het Nieuwe Testament. (In Balke, W. , Exalto, K. , Van Driel, L. & Van 't Spijker, W. red. Spirtualiteit. Kampen: De Groot Goudriaan. p. 44-65. )

PIETERSE, H. J. C. 1986. Verwoording en prediking. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel.

PIETERSE, H. J. C. 1991. Gemeente en prediking. Halfwayhouse: NG Kerkboekhandel.

POP, F. J. 1964a. Euangelistes. (In Bybelse woorde en hun geheim. S'Gravenhage: Boekencentrum N. V. p. 479. )

POP, F. J. 1964b. Spoudaioteros. (In Bybelse woorde en hun geheim. S'Gravenhage:Boekencentrum N. V. p. 479. )

RICHARDS, L. O. & HOELDTKE, C. 1980. A Theology of church leadership. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

RIDDERBOS, H. 1967. De Pastorale Brieven. Kampen: Kok.

ROUKEMA-KONING. B. 1993. Spiritualiteit en psychologie. (In Balke, W. , Exalto, K. , Van Driel, L. & Van 't Spijker, W. red. Spiritualiteit. Kampen: De Groot Goudriaan. p. 400-413).

SHAW, G. 1983. The cost of Authority. Manipulation and freedom in the New Testament. Southampton: S. C. M. Press, Camelot.

SMELIK, E. L. 1973. De Brieven van Paulus aan Timoteus, Titus en Filemon. (De Prediking van het Nieuwe Testament) Amsterdam: G. F. Callenbach B. V. Nijkerk.

SMIT, A. 1995. Nuut gedink oor leierskap in gemeentes. (In Burger, C. , Hendriks, J. , Van der Merwe, M. & Smit, A red. Gemeente en bediening. Nuut gedink oor leierskap in gemeentes. Die begeleiding van 'n christelike gemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi. p. 16-36)

STOKER, H. G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom: Pro Rege.

STOTT, R. W. 1982. I believe in preaching. London: Hodder and Stoughton.

STOTT, R. W. 1996. Your mind matters. Cape Town: The Protestant Book Centre.

THOMAS, J. 1976. Homiletische Hulplijnen. S'Gravenhage: Uitgeverij Boeken Centrum.

TOWNER, P. H. 1994. 1-2 Timothy & Titus. Ilinois: Inter Varsity.

VAN'T SPIJKER, W. 1993. Spiritualiteit en Spiritus Sanctus. (In Balke, W. , Exalto. , K. & Van Driel, L. & Van 't Spijker, W. red. Spirtualiteit. Kampen: De Groot Goudriaan. p. 435-450)

VAN DER MERWE, M. 1995. Nuwe treë saam met God. Riglyne en programme oor spiritualiteit en gemeentevernuwing. Kaapstad: Lux Verbi.

VAN DER VYVER, L du P. 1990. Die rol van die hoorder in die prediking. Potchefstroom: PU vir CHO - (Verhandeling Th. M. )

VAN DER WALT, J. J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN DER WALT, J. J. 1984. God aan die Woord. Potchefstroom: PU vir CHO. (Departement Diakoniologie).

VAN JAARSVELD, G. J. 1987. Wat bedoel jy? s. l.

VAN JAARSVELD. G. J. 1991. Oorredingstrategieë. (In Handleiding Mediabediening) s. l.

VAN RENSBURG, J. J. 1998. Eksegese van Gereformeerde Woordbediening. Voorlopige sinopsis van 'n metode. Potchefstroom: Teologiese Skool.

VELEMA, W. H. 1993. Spiritualiteit in aktie. (In Balke, W. , Exalto, K. , Van Driel, L. & Van 't Spijker, W. red. Spiritualiteit. Kampen: De Groot Goudriaan. p. 416-424. )

VENTER, C. J. H. 1976. Die bediening van die versoening aan die bejaarde. Potchefstroom: PU vir CHO. - (Proefskrif-Th. D. )

VENTER, C. J. H. 1988. Die Gees, die Woord en die bedienaar van die Woord (In Coetzee, J. C. red. Koninkryk, Gees en Woord. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel. p 141-162. )

VENTER, C. J. H. 1991. Homiletiese vormgewing. (In Handleiding Mediabediening). s. l.

VENTER, C. J. H. 1996. Uitkringende Liefdesbetoon. Pretoria: R. G. N.

VORSTER, J. M. 1992. Die eise aan die gereformeerde prediking in die teenswoordige kultuur van verandering. Hammanskraal: Teologiese Skool.

VORSTER, J. M. 1995. Vernuwing in die prediking in die lig van hedendaagse lewensbeskoulike tendense. *In die Skriflig*, 29(3):443-466, Maart.

VORSTER, J. M. 1998. Die toerustingstaak van die Gereformeerde Predikant: 'n praktiese bedieningsmodel. *In die Skriflig*; 32 (1):19-35, Januarie.

VOS, C. J. A. 1994. Die blye tyding. Homiletiek uit 'n hermeneuties- kommunikatiewe perspektief. Pretoria: RGN.

WHITNEY, D. S. 1991. Spiritual disciplines for the Christian life. Colorado Springs, Colo: Navpress.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (In Klosterman, F. & Zerfass, R. Praktische Theologie heute: p. 164-177. München: Kaiser. )

ZERFASS, R. 1982. Mit der Gemeinde predigen. Düsseldorf: Gütersloh.

ZWANENBURG, L. G. 1971. Leer, amet betrekking tot en leven. Paulus brieven aan Timoteus. Amsterdam: Ton Bolland.